# DIE HULPWERKER VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER - DIE OPLEIDING EN BENUTTING VAN DIE HULPWERKER IN DIE DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE

deur

JOHANNES PETRUS NEL

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes
vir die graad

Magister Artium

in die

Departement van Maatskaplike Werk

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Desember 1976

# D A N K B E T U I G I N G S

By voltooiing van hierdie verhandeling wil ek graag my dank teenoor my leier Mnr. O.G. Kahl uitspreek vir sy hulp, leiding en opoffering.

My besondere dank aan die Departement van Gevangenisse vir goedkeuring dat gegewens wat uit departementele stukke verkry is, aangewend mag word. Menings wat uitgespreek of gevolgtrekkings en aanbevelings wat gemaak is, is my eie en moet nie as dié van die Departement van Gevangenisse beskou word nie.

Die geldelike ondersteuning wat die Departement van Gevangenisse deur die Staatsdienskommissie verleen het, word erken.

10-12-1976.

INHOUD

HOOFSTUK I

INLEIDING 1

1 DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP 1

2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK 4

3 DIE METODE VAN DIE ONDERSOEK 6

4 SEKERE KERNBEGRIPPE 8

a) Maatskaplike werk 8

b) Die Maatskaplike werker 10

c) Die hulpwerker vir die maatskaplike werker 11

5 DIE AANBIEDING VAN DIE MATERIAAL 13

HOOFSTUK II

DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN GESPESIALISEERDE BEHANDELINGSDIENSTE IN DIE DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE 16

1 BEHANDELINGSDIENSTE VOOR 1 MEI 1961 17

2 DIE ONTWIKKELING VAN GESPESIALISEERDE BEHANDELINGSDIENSTE NÁ 1 MEI 1961 22

3 DIE DOEL EN FUNKSIE VAN GESPESIALISEERDE BEHANDELINGSDIENSTE 29

a) Geestelike versorging 31

b) Sielkundige dienste 31

c) Opvoedkundige dienste 32

d) Maatskaplikewerk-dienste 32

(i) Die opgeleide maatskaplike werker 32

(ii) Die hulpwerker vir die maatskaplike werker 33

4 SAMEVATTING 38

HOOFSTUK III

GEVANGENISSETTING EN DIE BEHANDELING VAN DIE GEVANGENE 40

1 STRAFMOTIEWE 41

a) Vergelding 41

b) Afskrikking 42

c) Rehabilitasie en hervorming van die oortreder 43

2 MAATREËLS EN STRAWWE AS ALTERNATIEF TOT GEWONE GEVANGENISSTRAF 45

a) Borg 47

b) Regshulp 48

c) Voorvonnisverslae deur maatskaplike werkers 48

d) Waarskuwing of berisping 49

e) Uitgestelde en opgeskorte vonnisse 49

f) Boetes en afbetaling van boetes 50

g) Periodieke gevangenisstraf 50

h) Omskepping van 'n strafverhoor in 'n ondersoek kragtens die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971, (Wet No 41 van 1971) 51

3 DIE BEHANDELING VAN DIE GEVANGENE IN DIE GEVANGENIS 51

a) Fisiese versorging 52

(i) Huisvesting 52

(ii) Persoonlike higiëne 53

(iii) Voeding 53

(iv) Liggaamlike oefening, sport en ontspanning 53

(v) Mediese dienste 54

b) Observasie en klassifikasie 55

(i) Observasie 57

(ii) Klassifikasie 59

(aa) Horisontale klassifikasie 59

(bb) Vertikale of diepteklassifikasie 60

c) Koördinasie van diens aan en evaluasie van die vordering van die gevangene deur die Gevangenisraad. 62

d) Die gespesialiseerde behandeling van die gevangene 64

(i) Geestelike versorging 64

(ii) Sielkundige dienste 65

(iii) Opvoedkundige dienste 66

(iv) Maatskaplikewerk-dienste 67

e) Arbeid en opleiding 68

(i) Boerderybedrywighede 68

(ii) Boubedryf en verwante ambagte 68

(iii) Werkswinkels en ambagte daarby betrokke 69

f) Gratifikasiebetaling 69

g) Handhawing van dissipline 70

h) Vrylating op parool 71

i) Nasorg as voortgesette behandeling van die gevangene 72

4 SAMEVATTING 73

HOOFSTUK IV

DIE TAAK EN FUNKSIE VAN MAATSKAPLIKE WERK MET BESONDERE VERWYSING NA DIE REALISERING DAARVAN IN DIE DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE 74

1 WAT IS MAATSKAPLIKE WERK 76

a) Omskrywing van die begrip maatskaplike werk 76

b) Die doelstellings van maatskaplike werk 80

c) Die waardes, beginsels of uitgangspunte van maatskaplike werk 81

d) Die kennis van maatskaplike werk 82

e) Die bedrewenhede van maatskaplike werk 83

(i) Evaluering 83

(ii) Insameling van gegewens 84

(iii) Die maak van rapport met persone en instansies wat by die maatskaplikewerk-behandelingsproses betrokke is 84

(iv) Die aangaan van wedersydse ooreenkomste 84

(v) Die daarstelling van 'n sisteem vir hulpverlening 85

(vi) Instandhouding en koördinering van die sisteem van hulpverlening 85

(vii) Beinvloeding 86

(viii) Terminering van hulpverlening 86

f) Tegnieke van maatskaplike werk 87

2 MAATSKAPLIKE WERK IN DIE GEVANGENIS 88

a) Kompleksiteit van die taak van die maatskaplike werker in die gevangenis 88

b) Die spanbenadering 90

(i) Die Gevangenisraad 90

(ii) Personeellede verantwoordelik vir die gevangenes se opleiding en bewaking 91

(iii) Personeellede in beheer van selle/slaaplokale 92

3 VERSKIL IN DIE HANTERING VAN KORT EN LANGTERMYNGEVANGENES 92

4 DIE ETIOLOGIE VAN DIE MAATSKAPLIKEWERKBEHANDELINGSPROSES 93

a) Die observasieproses 93

b) Voortsetting van behandeling na afloop van die observasieproses 96

c) Rekonstruksiediens by die gevangene se gesin 99

d) Voorbereiding vir vrylating 100

e) Nasorg as voortgesette behandeling 102

5 SAMEVATTING 102

HOOFSTUK V

DIE HULPWERKER VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER EN SY TAAK EN FUNKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE GEVANGENE 104

1 DIE BEGRIP "HULPWERKER" 106

a) Die taak van die hulpwerker vir die maatskaplike werker 108

(i) Verantwoordelikhede met betrekking tot kliënt ("Client Related Responsibilities") 109

(ii) Organisatories-administratiewe verantwoordelikhede ("Agency-Related Responsibilities") 110

b) Kwalifisering van hulpwerkers tot professionele maatskaplike werkers 112

c) Definiëring van die begrip hulpwerker 114

2 DIE TAAK EN FUNKSIES VAN DIE HULPWERKER VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN DIE DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE 116

a) Motivering en oriëntering van die gevangene 119

b) Kontak met die buitewêreld 121

c) Verkryging van agtergrondsinligting in verband met die gevangene 123

d) Maatskaplike groepwerk 124

e) Individuele aandag 128

f) Naweekdiens 130

g) Rekonstruksiediens 131

h) Die Gevangenisraad 132

i) Voorbereiding vir ontslag en nasorg 133

j) Beplanning 133

k) Literatuurstudie 134

3 SAMEVATTING 134

HOOFSTUK VI

DIE OPLEIDING VAN DIE HULPWERKER VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER 136

1 VOOROPLEIDING VAN HULPWERKERS 142

2 KEURING VAN KANDIDATE VIR DIE KURSUS VIR HULPWERKERS VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER 145

a) Keuring van Bantoekandidate 146

(i) Kwalifikasies 146

(ii) Sielkundige toetsing 148

(iii) Navrae in verband met en persoonlike onderhoude met kandidate 149

b) Keuring van Kleurlingkandidate 150

3 DIE AANBIEDER VAN DIE KURSUSSE VIR HULPWERKERS 150

4 DIE KURSUS VIR HULPWERKERS VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER 153

a) Dosente tydens die kursus 153

b) Teoretiese opleiding 154

c) Praktiese opleiding 157

(i) Rollespel 157

(ii) Groepwerk 160

(iii) Onderhoudsvoering 161

(iv) Supervisie 162

d) Beoordeling van vordering (Evaluering van kursusgangers) 162

5 VOORTGESETTE OPLEIDING IN DIE PRAKTYK 163

a) Supervisie 164

(i) Individuele supervisie 164

(ii) Groepsupervisie 166

b) Universiteitsopleiding 168

6 SAMEVATTING 169

HOOFSTUK VII

EVALUASIE VAN DIE SKEMA EN AANBEVELINGS 171

1 POSISIE VOOR DIE BENUTTING VAN HULPWERKERS DEUR DIE DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE 171

2 AANWENDING VAN HULPWERKERS VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN DIE BUITELAND 172

3 KEURING VAN KANDIDATE 174

4 DIE OPLEIDING VAN HULPWERKERS VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER 175

a) Vooropleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker 177

b) Die kursus vir die opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker 178

c) Voortgesette opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker 179

# HOOFSTUK I

## INLEIDING

### 1. DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP.

Ondersoeker was sedert die opleiding van die eerste groep hulpwerkers vir die maatskaplike werker in die Departement van Gevangenisse met hulle opleiding gemoeid, maar aanvanklik veral met hulle praktykopleiding. Tot die einde van 1976 is daar twee kursusse vir Kleurling- en drie vir Bantoe hulpwerkers vir die maatskaplike werker aangebied. Die eerste kursus vir Kleurling hulpwerkers is deur die Universiteit van Stellenbosch en die eerste twee vir Bantoes deur die Universiteit van Suid-Afrika aangebied. Daarna het die Departement van Gevangenisse self die kursusse aangebied en was dit die taak van ondersoeker. Een kursus vir Bantoe- en een vir Kleurling hulpwerkers vir die maatskaplike werker is reeds deur ondersoeker aangebied.

Uit die keuring van hulpwerkers, hulle opleiding binne die bestek van die kursus wat vir hulle aangebied is, hulle inskakeling in die praktyk en hulle voortgesette opleiding het ondersoeker baie geleer.

Die opleiding en aanwending van hulpwerkers vir die maatskaplike werker is 'n aktuele onderwerp en hierdie ondersoek kan vir die professie maatskaplike werk van waarde wees.

Daar bestaan in ons land 'n groot tekort aan Kleurling en Bantoe maatskaplike werkers. Deur middel van die opleiding en aanwending van hulpwerkers vir die maatskaplike werker kan hierdie behoefte verlig word. Daar kan terselfdertyd deur die formele akademiese universiteitsopleiding van persone wat opgelei is vir en werksaam is as hulpwerkers vir die maatskaplike werker 'n groter getal opgeleide en geregistreerde maatskaplike werkers vir die professie beskikbaar raak. Die Departement van Gevangenisse het reeds, en kan in die toekoms nog verder baat by die opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker.

Die behoefte aan 'n maatskaplikewerk-diens aan die gevangene is baie groot. Die daaglikse gemiddelde getal gevangenes in Suid-Afrikaanse gevangenisse was gedurende die tydperk 1 Julie 1974 tot 30 Junie 1975 (Departement van Gevangenisse, 1976, p. 7.) soos volg:

| | |
|---|---|
| Bantoes | 74,648 |
| Kleurlinge | 18,834 |
| Asiërs | 544 |
| | 94,026 |

Op 10 September 1976 was daar in Suid-Afrika maar slegs 356 Bantoe, 253 Kleurlinge en 91 Indiërs wat geregisteerde maatskaplike werkers was.* As in aanmerking geneem word dat verskeie staatsdepartemente en welsynsorganisasies maatskaplike werkers emplojeer om 'n verskeidenheid dienste te verrig, kan afgelei word dat die Departement van Gevangenisse nie in die groot behoefte wat bestaan,

* Inligting verskaf deur die Sekretaris, Kommissie vir Maatskaplike Werk.

kan voorsien deur opgeleide maatskaplike werkers te werf nie. Die gevangene, wat behoefte aan 'n maatskaplike-werk-diens het, baat by die opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker aangesien onopgeleide persone die diens sou moes lewer as daar nie hulpwerkers vir die maatskaplike werker opgelei is nie.

Die eerste drie maatskaplike werkers is gedurende 1967 as 'n proefneming in die Departement van Gevangenisse aangestel. Dit het gelei tot die aanstelling van 'n voldoende getal om 'n volledige maatskaplikewerk-diens aan Blanke gevangenes te lewer. Die diens wat hierdie maatskaplike werkers binne die Departement van Gevangenisse aan die gevangene lewer, maak deel uit van die spanbenadering wat toegepas word teneinde die rehabilitasie van die gevangene te probeer bewerkstellig.

Maatskaplike werk vorm deel van die gespesialiseerde behandelingsdiens wat ten opsigte van die gevangene gelewer word. Benewens maatskaplikewerk-behandeling bestaan daar vir die gevangene ook sielkundige behandeling, opvoedkundige dienste en geestelike versorging.

Voor die instelling van gespesialiseerde behandelingsdienste in die gevangenisse in Suid-Afrika is die gevangene nie aan sy eie lot oorgelaat nie. Daar is wel 'n diens aan hom gelewer. Dit was egter nie so volledig en gespesialiseerd as ná die instelling van gespesialiseerde behandelingsdienste nie. Onopgeleide sowel as opgeleide persone was met die lewering van dienste gemoeid. Die behoefte aan professionele dienslewering is

deurentyd gevoel en die voorsiening daarvan aan die Blanke gevangene was 'n voorafbeplande handeling wat geïmplimenteer is na rype ervaring in die praktyk.

Toe daar begin is met die gespesialiseerde behandeling van die gevangene deur verskillende dissiplines is dit aanvanklik nie op groot skaal gedoen nie. Die diens het egter geleidelik uitgebrei en die waarde wat die gespesialiseerde behandeling van die gevangene vir hom ingehou het, is besef. Die besef het ook posgevat dat dit tog moontlik is om die groot getalle gevangenes deur die opleiding en aanwending van hulpwerkers vir die maatskaplike werker, te bereik.

Die eksperiment met hulpwerkers werp oënskynlik goeie resultate af. Die aanwending van hulpwerkers vir die maatskaplike werker elders in die wêreld is nie 'n rare verskynsel nie, maar in Suid-Afrika is dit relatief onbekend. (Vergelyk United Nations, 1958; Fenton 1961 en Craddick, 1964) Om dié rede is dit nodig dat die projek teoreties en prakties deeglik geëvalueer word, nie net vir die Departement van Gevangenisse of vir Maatskaplike werk binne die Departement nie, maar ook vir die funksionering van maatskaplike werk as professie in Suid-Afrika.

## 2. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK.

Deur hierdie ondersoek wil die ondersoeker onder andere aantoon hoe die gespesialiseerde behandeling van die gevangene ontwikkel het, watter argumente gegeld het by

die keuse van die dissiplines wat vir die professionele dienslewering aan die gevangene verantwoordelik is en wat as die taak van elke dissipline beskou is.

Aangesien die gespesialiseerde behandelingsdienste hulle beslag so onlangs as 1969 gekry het, is dit vir elke dissipline van belang om vir homself deeglik te verantwoord wat sy taak en funksie is, en hoe hy op die beste wyse aan sy doel kan beantwoord. Dit is die doel van hierdie ondersoek om te bepaal wat die plek van maatskaplike werk binne die behandelingsopset in sy geheel is, en wat sy taak is ten opsigte van die gevangene. Om dit te verantwoord moet daar duidelikheid bestaan oor wat die taak en funksie van maatskaplike werk in die algemeen is. Na aanleiding daarvan kan dan bepaal word wat die spesifieke taak en doel van die maatskaplike werker ten opsigte van gevangene is, en hoe hy dit ten uitvoer bring vanaf sy eerste kennismaking met die gevangene ná sy opname, tot en met sy onvoorwaardelike vrylating of die verstryking van sy parool, dit wil sê na afhandeling van die nasorgfunksie.

Die Departement van Gevangenisse het nie net 'n taak ten opsigte van die Blanke gevangene nie, maar is ook vir die Nie-Blanke, dit wil sê die Kleurling-, Indiër- en Bantoegevangene verantwoordelik. Toe daar tot die gespesialiseerde behandeling van die gevangene oorgegaan is en dit binne die spanbenadering gedoen is, was die standpunt dat elke bevolkingsgroep op gelyksoortige behandeling geregtig is. Ten opsigte van die Blanke is daar sedert die begin goed voorsien in opgeleide

werkers. Daar bestaan egter 'n groot tekort aan opgeleide Kleurling en Bantoe maatskaplike werkers en die Departement van Gevangenisse kon nie voldoende opgeleide persone werf om naastenby in die behoefte te voorsien nie. Om hierdie rede is daar oorgegaan tot die opleiding van Bantoe- en Kleurling hulpwerkers vir die maatskaplike werker wat 'n deel van die taak van die maatskaplike werker ten opsigte van die Bantoe en Kleurlinggevangene kan verrig.

Deur middel van hierdie studie wil ondersoeker besin oor die opleiding, benutting en voortgesette opleiding van die hulpwerker. Dit word ten doel gestel om te bepaal op hoe 'n wyse die hulpwerker die beste aan sy doel kan beantwoord en in hoeverre hy aan die behoefte waarin hy moet voldoen, kan beantwoord. Hoe kan hy tot die maksimum benut word en in hoeverre kan hy in die algemene en landwye tekort aan Nie-Blanke maatskaplike werkers voorsien? Daar word geglo dat daar by wyse van hierdie ondersoek getoon sal kan word dat die hulpwerker wel aan sy doel beantwoord en dat hy ook deur ander instansies opgelei en benut kan word om in 'n diens waarvoor daar 'n groot behoefte bestaan, te voorsien.

## 3. DIE METODE VAN ONDERSOEK.

Soos uit die ondersoek sal blyk is maatskaplike werk met die gevangene 'n nuwe ontwikkeling en is daar so onlangs as 1970 op 'n georganiseerde grondslag met maatskap-

like werk begin. Hoewel die eerste maatskaplike werkers reeds gedurende 1967 aangestel is en hulle jaarliks vermeerder het, kon die diens wat voor 1970 gelewer is, nie as georganiseerd beskou word nie. Pogings was nie gekoördineer nie.

Vanaf die aanvang van die funksionering van hulpwerkers vir die maatskaplike werker in die praktyk, was ondersoeker met hulle praktykopleiding belas. Die ervaring wat op hierdie wyse opgedoen is, was van groot waarde vir hierdie ondersoek.

Aanvanklik is die kursusse vir die opleiding van hulpwerkers deur die universiteite van Stellenbosch vir Kleurlinge en Suid-Afrika vir Bantoes aangebied. Ondersoeker was tydens elkeen van die vier kursusse daarby betrokke. Gedurende 1975 was hy verantwoordelik vir die opleiding van twee groepe hulpwerkers en is ervaring opgedoen en waarnemings gemaak. Kennis wat op die wyse opgedoen is, sal saam met gegewens in hierdie ondersoek verkry, geïntegreer word.

Gedurende sy dienstermyn in die Departement van Gevangenisse het ondersoeker uit die aard van sy werk deur middel van literatuurstudie navorsing gedoen oor die aanwending en taak en funksie van maatskaplike werkers in ander lande en ook oor die opleiding, aanwending en benutting van hulpwerkers vir die maatskaplike werker.

Ondersoeker het 'n groot verskeidenheid literatuur geraadpleeg soos uit die bronnelys blyk. Hierdie verhandel-

ling is dus die gevolg van ervaring wat in die praktyk opgedoen is en van literatuurstudie.

4. SEKERE KERNBEGRIPPE.

a) Maatskaplike Werk.

Dit is een van die doelstellings van hierdie ondersoek om te bepaal wat die plek, doel en taak van Maatskaplike Werk in die Departement van Gevangenisse is, veral gesien in die lig van die feit dat daar met ander dissiplines en lede binne spanverband saamgewerk word om die doel met die gevangene te bereik. Om oorvleueling te voorkom, is dit belangrik dat elke dissipline hom tot sy eie terrein beperk en dat elke beoefenaar van 'n dissipline duidelikheid moet hê oor wat sy taak en funksie is en wat die omvang van die terrein is waarbinne hy sy professie kan beoefen.

In die lig van bogemelde is dit vir die maatskaplike werker in die eerste plek belangrik om vir homself uit te maak wat maatskaplike werk presies is.

Die doel en taak van maatskaplike werk word deur Kahl* soos volg omskryf: "Maatskaplike werk is die professionele handeling deur 'n maatskaplike werker wat ten doel het die bevordering van die gesonde maatskaplike funksionering van die mens soos dit tot uiting kom in die totaal van sy rolvervullingsaktiwiteite op alle vlakke van sy bestaan en sy onderlinge verhoudings tot ander mense en die geheel van sy lewensomgewing."

* Aan ondersoeker tydens 'n persoonlike onderhoud verskaf.

Die funksie van maatskaplike werk kan, met artikel 37(2) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974) as model, soos volg omskryf word:

Die professionele handeling van die maatskaplike werker hou in:

(i) Die evaluasie van die rolfunksionering van die mens soos dit tot uiting kom in gedrag, verhoudings en aanpassing van individue en groepe persone in die samelewing, asook die evaluasie van die invloed van die geheel omgewing en onderdele daarvan op die maatskapike funksionering van individue en groepe persone.

(ii) die gebruikmaking van tegnieke en metodes om individue en groepe persone te help in die voorkoming en regstelling van probleme met betrekking tot maatskaplike funksionering, asook die stabilisering en ontwikkeling van gesonde maatskaplike funksionering; en

(iii) die opsporing en verandering van faktore in die lewensomgewing van die mens wat maatskaplike wanfunksionering veroorsaak of daartoe aanleiding kan gee, asook die bestendiging en ontwikkeling van die faktore wat bevorderlik is vir gesonde maatskaplike funksionering.

Vir die doeleindes van hierdie inleidende hoofstuk, word daar by hierdie definisie van Maatskaplike Werk volstaan.

b) Die Maatskaplike Werker.

Volgens Eloff, (s.j. p. 102-103) ".... is 'n maatskaplike werker 'n persoon, wat deur professionele opleiding aan 'n goedgekeurde opleidingsinrigting, homself bekwaam het in die wetenskap van Maatskaplike Werk, waardeur hy sekere professionele bekwaamhede, vaardighede en kundighede ontwikkel het en deur die toepassing van die verskillende metodes van Maatskaplike Werk geskik is om maatskaplike afwykingsverskynsels in die samelewing te voorkom, te diagnoseer of te behandel om sodoende die maatskaplike aanpassing tussen die individu en die maatskaplike milieu, dit wil sê sy gesonde maatskaplike funksionering, te bevorder. Hierdie dienste word binne die raamwerk van sekere staatsdepartemente, partikuliere welsynsorganisasies en kerke verrig." Daar word met hierdie definisie van Eloff volstaan.

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling is dit nodig om tussen die interne- en eksterne maatskaplike werker te onderskei.

- Interne maatskaplike werker: Dit is die maatskaplike werker in diens van die Departement van Gevangenisse wat binne die gevangenis vir die maatskaplikewerk-diens aan die gevangene verantwoordelik is.

- Eksterne maatskaplike werker: Dit is die maatskaplike werker buite die gevangenis wat vir die nasorg- en rekonstruksiediens verantwoordelik is.

c) Die Hulpwerker vir die Maatskaplike Werker.

Sover vasgestel kan word is die Departement van Gevangenisse die enigste instansie in Suid-Afrika wat van hulpwerkers vir die maatskaplike werker gebruik maak. Hierdie hulpwerkers word spesifiek vir die taak opgelei.

In die lig daarvan dat die Departement van Gevangenisse die eerste, en tot in hierdie stadium die enigste instansie is wat van die diens van hulpwerkers vir die maatskaplike werker gebruik maak, is dit noodsaaklik dat die term deeglik gedefiniëer word. Dit is ook veral vir hierdie ondersoek nodig omdat daar beoog word om die opleiding van die hulpwerker vir die maatskaplike werker in oënskou te neem.

Die Verenigde Volke Organisasie (United Nations, 1958, p. 121) meld: "In almost every part of the world there is a shortage of persons with full professional qualifications so that it has been found necessary to identify the less skilled portions of their work and to use auxiliaries to them to carry out certain functions." Dit kom daarop neer dat daardie take wat nie 'n hoë mate van bedrewenheid vereis nie, geïdentifiseer word, en aan die hulpwerker opgedra word.

In die maatskaplikewerk-literatuur word die term "auxiliary worker for the social worker" naas "social work assistants", "social work aids" en "non-professionals", die meeste aangetref. Die Verenigde Volke Organisasie gebruik die term "Auxiliary worker for the social worker".

"In the commonly accepted meaning of the term an auxiliary is some-one doing less skilled work of the same nature as that of the person to whom he is auxiliary .... The term auxiliary is used by the United Nations ....". (United Nations, 1958, p. 121.) Die Departement van gevangenisse het hierdie term naamlik "auxiliary worker for the social worker" aanvaar en dit in Afrikaanse vertaal met die term "hulpwerker vir die maatskaplike werk."

Daar bestaan 'n wesenlike verskil tussen die hulpwerker vir die maatskaplike werker en die vrywillige werker. Volgens die "United Nations" (1958, p. 21) kan die vrywillige werker opgelei, gedeeltelik opgelei of onopgelei wees. Die vernaamste kenmerk van die vrywillige werker is dat hy sonder vergoeding werk. Hy kan aan 'n welsynsinstansie verbonde wees, maar hy kan ook onverbonde wees.

Die hulpwerker vir die maatskaplike werker word op gelei om 'n taak te verrig wat reeds voor sy opleiding geïdentifiseer is. Hy is 'n besoldigde werknemer van 'n instansie aan wie se beleid en doelstellings hy hom onderwerp. Hy werk in opdrag en onder beheer van 'n opgeleide maatskaplike werker. Die "United Nations" (1958, p. 122-123) definiëer die begrip hulpwerker soos volg:
"A paid worker in a particular technical field with less than full professional qualifications in that field who assist and is supervised by a professional worker."

## 5. DIE AANBIEDING VAN DIE MATERIAAL.

Die geskiedenis van die ontstaan van gespesialiseerde behandeling van die gevangene in die Departement van Gevangenisse wat die gevolg was van 'n behoefte wat oor 'n lang tyd ontwikkel het, en aangevoel is, word in die eerste hoofstuk behandel. Die werk wat deur die verskillende gespesialiseerde behandelingsdienste verrig word is in die verlede deur onopgeleide persone verrig of is nie gedoen nie. Die taak en funksies van die vier gespesialiseerde behandelingsdienste het sy beslag gekry tydens die instelling daarvan. Die behoefte wat by die gevangene bestaan het aan gespesialiseerde behandeling is deur al die bevolkingsgroepe, wat deel van die gevangenisbevolking uitmaak, aangevoel. Aangesien gekwalifiseerde Kleurling- en Bantoe maatskaplike werkers, nie gewerf kon word nie, is hulpwerkers vir die maatskaplike werker opgelei.

Die verskillende strafmotiewe word in die tweede hoofstuk bespreek en die belangrikheid wat aan die rehabilitasie of hervorming van die gevangene in die laaste tyd verleen word, word beklemtoon. Alternatiewe strawwe en maatreëls wat aangewend kan word alvorens gevangenisstraf ter sprake kom, word bespreek. Die gevangene word die verantwoordelikheid van die Departement van Gevangenisse sodra hy ná skuldigbevinding tot gevangenisstraf gevonnis word. Die rehabilitasiedienste van die Departement van Gevangenisse behels nie net die gespesialiseerde behandelingsdienste wat aangewend word nie; daar

bestaan baie ander maatreëls wat sy rehabilitasie en uiteindelike aanpassing in die vrye gemeenskap be-oog. Nasorgdiens vorm 'n belangrike aspek van die rehabilitasie van die gevangene en word as voortgesette behandeling en 'n noodsaaklike stabiliseringsproses in die gemeenskap beskou.

Die taak en funksie van die maatstakplike werker word in die derde hoofstuk omskryf met die bedoeling om 'n juiste beskrywing te gee van wat maatskaplike werk presies is. Vervolgens word die taak van die maatskaplike werker binne die spanbenadering, soos van toepassing in die Departement, geskets. Ten laaste word die etiologie van die maatskaplikewerk-behandelingsproses vanaf die opname van die gevangene in die gevangenis tot en met sy onvoorwaardelike ontslag of die verstryking van sy parooltydperk, bespreek.

In hoofstuk vyf word die begrip hulpwerker ontleed en word 'n beskrywing gegee van die take wat deur hom verrig kan word. Daar word ook op gewys dat hy, as gevolg van sy belangstelling en ervaring deur 'n opvolgende formele akademiese opleidingsprogram tot 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker kan ontwikkel en dat dit 'n oplossing kan bied vir die tekort aan gekwalifiseerde maatskaplike werkers onder die Kleurlinge en Bantoes. Die taak en funksie van die hulpwerker in die Departement van Gevangenisse word bespreek en 'n beskrywing van sy verskillende pligte ten opsigte van die gevangene, vanaf sy opname tot en met verstryking van sy parool, word gegee.

Die opleiding van die hulpwerker vir die maatskaplike werker word in hoofstuk ses bespreek. Sy basiese opleiding as bewaarder, die ervaring wat hy uit die aard van sy werk as bewaarder opdoen, die kursus vir opleiding van hulpwerkers wat hy deurloop, en die voortsetting van sy opleiding deur middel van praktykopleiding word behandel. Die twee basiese kursusse en die inhoude daarvan, word bespreek. Aandag word aan die keuring van kadidate as hulpwerkers vir die maatskaplike werker gegee en ook aan hulle moontlike eindbestemming naamlik volwaardige gekwalifiseerde maatskaplike werkers.

In hoofstuk sewe word gewys op die mate waarin die hulpwerker vir die maatskaplike werker aan die doel waarvoor hy opgelei is, beantwoord. Die algemene tekort aan opgeleide Kleurling en Bantoe maatskaplike werkers word beklemtoon en daar word gewys op die onwaarskynlikheid dat daar binne afsienbare tyd 'n noemenswaardige verandering in die posisie sal wees. Voorstelle word gemaak wat betref die algemene en landswye aanwending van hulpwerkers vir die maatskaplike werker. Daar word ook op gewys dat die uitbreiding daarvan na die Blanke die tekort aan Blanke manlike maatskaplike werkers kan verlig.

# HOOFSTUK II

## DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN GESPESIALISEERDE BEHANDELINGSDIENSTE IN DIE DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE.

Die gespesialiseerde behandeling van die gevangene is nie iets wat oornag ontstaan het nie, maar het uit die praktyk ontwikkel. Die Departement van Gevangenisse het reeds voor die instelling van gespesialiseerde behandelingsdienste en voor die aanwending van professioneel-opgeleide persone om in hierdie dienste te voorsien, hierdie dienste tot 'n mindere of meerdere mate gelewer. Lede van die Departement het egter besef dat daar 'n groot behoefte aan so 'n diens bestaan en het ook die behoefte van tyd tot tyd uitgespreek. Opgeleide maatskaplike werkers verbonde aan private welsynsorganisasies het wel toegang tot gevangenisse gehad, maar het geen volledige diens gelewer nie en het ook nie in die behoefte voorsien nie.

Gespesialiseerde behandelingsdienste het geleidelik ontwikkel en deeglike proefnemings is eers gemaak alvorens daar oorgegaan is tot die instelling daarvan.

In hierdie hoofstuk word ingegaan op die voorgeskiedenis van gespesialiseerde behandelingsdienste en op die oorwegings wat gegeld het by die instelling van die verskillende dissiplines wat saam die gespesialiseerde behandeling van die gevangene uitmaak.

Dit is noodsaaklik om daarop te let dat die ontstaan van die gespesialiseerde behandelingsdienste die gevolg van sorgvuldige beplanning was en dat dit nie hals-oorkop ingestel is nie. Die taak en funksie van elke afsonderlike dissipline word aangetoon soos wat dit tydens die instelling daarvan geformuleer is.

Die opleiding van die hulpwerker vir die maatskaplike werker blyk baie duidelik die logiese gevolg te wees van die begeerte van die Departement van Gevangenisse om gespesialiseerde behandelingsdienste tot beskikking van al die bevolkingsgroepe te stel. Die tekort aan opgeleide maatskaplike werkers het daartoe gelei dat hulpwerkers vir die maatskaplike werker opgelei is.

1. BEHANDELINGSDIENSTE VÓÓR 1 MEI 1961.

Ná die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, is die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet No. 13 van 1911), aanvaar. Die regulasies uitgevaardig ingevolge hierdie Wet magtig die Direkteur van Gevangenisse om besoekpermitte uit te reik aan die lede en sekretaris van "'n organisasie wat die welsyn van gevangenes en hulle gesinne beoog," met die oog op besoeke aan gevangenes.

Die eerste organisasie wat hom uitsluitlik aan bogenoemde taak gewy het, was die "South African Prisoners' Aid Association" wat reeds in 1910 gestig is.

Een van die doelstellings van hierdie organisasie was om gevangenes te besoek en om hulle tot rehabilitasie aan te moedig. Ander doelstellings was om hulp aan die afhanklikes van gevangenes te verleen, om nasorg te beoefen en nasorg huise daar te stel.

Besoekpermitte is volgens Toussaint van Hove (1962 , p. 28-29) aan lede van hierdie organisasie uitgereik en gevangenisse is besoek met die oog op verkryging van werk, om kontak met sy gesin te bewerkstellig en om die Departement van Gevangenisse op die hoogte te hou van die probleme wat met die rehabilitasiepoging van 'n gevangene ondervind word.

Gedurende 1932 het die "South African Probation Association", wat soortgelyke doelstelling as die "South African Prisoners Aid Association" nagestreef het, tot stand gekom. Hierdie twee organisasies het gedurende 1935 saamgesmelt en die Maatskaplike Dienste Vereniging van Suid-Afrika gestig. Gevangenes is steeds besoek met dieselfde doel as die voormalige "South African Prisoners' Aid Association". Gedurende 1949 is die volgende as een van die doelstellings van die organisasies aanvaar: ".... to keep in close personal contact with incarcerated persons and to give the necessary encouragement, advice and assistance, and to act as a link, in general between the prisoner and the outside world and, in particular, between the prisoner and his/her family and/or dependants." (Toussaint van Hove, 1962, p. 63-66)

Gedurende November 1945 is 'n kommissie van ondersoek naamlik die Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming (Landsdown-kommissie) aangestel. Die aanbevelings van hierdie kommissie van ondersoek sou uiteindelik 'n groot invloed hê op toekomstige wetgewing. Aanbevelings van hierdie kommissie is dan ook uiteindelik in die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet No. 8 van 1959), vervat. 'n Belangrike aspek in verband met die rehabilitasie van die gevangene wat deur hierdie kommissie beklemtoon was, is die volgende: "746. In elke gevangenis en groot tronk behoort daar een of meer welsynsbeamptes aangestel te word. Sulke beamptes behoort veral aandag te skenk aan die verbetering van maatreëls wat nodig of wenslik is om gevangenes op te hef en te rehabiliteer. Hulle behoort 'n graad in sosiale wetenskappe en die status van proefbeamptes te hê. Ofskoon hulle nie lede van die uniformdraende personeel sal wees nie, behoort hulle aan die bestuurder verantwoording verskuldig te wees. Hulle behoort manne te wees wat oor uitgebreide kennis, w.o. mensekennis, beskik. Hul vernaamste pligte behoort te wees om in persoonlike voeling met gevangenes wat hulp nodig het, te bly; om vir sover doenlik hulle in hul moeilikhede behulpsaam te wees; om gevangenes te onderwerp aan daardie invloede wat rehabilitasie in die hand werk, en om in hierdie opsig soveel hulp as wat doenlik is aan die gevangenisleraars en die onderrigpersoneel te verskaf; om ontspanning en die heilsame aanwending van vry tyd te organiseer; en om as skakel tussen die gevangene en sy belange buitekant die inrigting te dien, met inbegrip van proef-

beamptes en welsynsorganisasies, sodat wanneer die gevangene vrygelaat word, sy oorgang na die maatskaplike lewe vergemaklik kan word." (Landsdown-kommissie, 1947, p. 118).

Die bevindings en aanbevelings van hierdie kommissie van ondersoek is van groot belang aangesien daar vir die eerste keer erkenning gegee is aan die rol wat 'n opgeleide maatskaplike werker in die behandeling van die gevangene behoort te speel. Dit het erkenning aan die noodsaaklikheid van professionele maatskaplikewerk-hulpverlening aan die gevangene en sy afhanklikes verleen.

Die insig wat deur die bevindings en aanbevelings weerspieël word, dui daarop dat die veilige bewaring nie as die enigste taak van die gevangenis beskou is nie, aangesien daar klem gelê is op nasorg naas pogings tot rehabilitasie gedurende gevangenissetting.

Die Komitee van Ondersoek insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasies, 1951 (Du Plessis-komitee), het sy verslag gedurende 1953 uitgebring. In sy getuienis voor hierdie Komitee stel die Departement van Gevangenisse dit as beleid dat welsynswerk binne die gevangenis sy eie taak is en dat private welsynsorganisasies hier uitgesluit word. Die Komitee het dan ook aanbeveel dat welsynswerk binne die gevangenis as die uitsluitlike taak van die staat beskou moet word en dat private welsynsorganisasies verantwoordelik is vir die nasorg van die gevangene en vir die versorging en rehabilitasie van sy afhanklikes terwyl hy in die gevangenis is. (Du Plessis-komitee, p. 31-32).

Uit bogenoemde het dan ook voortgevloei dat private welsynsorganisasies geen verdere taak gehad het ten opsigte van die behandeling van die gevangene binne die gevangenis nie. Die Departement van Gevangenisse het dit as sy taak gehad om verantwoordelikheid vir die rehabilitasie van die gevangene te aanvaar. Hy het egter oor geen professionele personeel beskik nie en lede wat nie opgelei was nie, het in die maatskaplike behoeftes van die gevangene voorsien.

Tydens sy beleidsverklaring aan die Du Plessis-kommissie het die Departement van Gevangenisse dit ook as beleid gestel dat toegang tot die gevangenis met die oog op onderhandelings met die gevangene in verband met rekonstruksiediens en nasorg nie net die taak van een organisasie alleen kan wees nie. Daar is gevoel dat ander organisasies nie geweier kan word as hulle daarom aansoek doen nie. Die Du Plessis-komitee (1953, p. 32) het dan ook aanbeveel dat "nasorg en rehabilitasie" na enige welsynsorganisasie wat daarvoor toegerus is, verwys kan word.

Uit bogenoemde moet nie afgelei word dat die Departement van Gevangenisse voor 1953 nie die rehabilitasie van die gevangene as sy taak beskou het nie. Soos reeds gemeld het onopgeleide persone wel hierdie diens tot 'n mindere of meerdere mate verrig. Dat die behoefte aan die aanstelling van gekwalifiseerde maatskaplike werkers wel deeglik besef is, val nie te betwyfel nie. Gedurende die offisierskonferensie van 1970 het 'n senior offisier

hom soos volg uitgelaat: "Time will tell how many opportunities we lost in the past when prisoners were right for conversation or reform. We will remember that it was a specified day for prisoners to see the social worker. They were lined up. Some were able to see him, others were not, some were sincere, and some were insincere but so much was lost because there was no social worker available at all times." (Departement van Gevangenisse. 1970b, p. 203.)

Organisasies wat nasorg en rekonstruksiediens ten opsigte van gevangenes onderneem het, het gekwalifiseerde maatskaplike werkers in diens gehad. As gevolg van die gedurige versoeke van gevangenes om probleme met besoekende maatskaplike werkers te bespreek, het die Departement van Gevangenisse al meer onder die indruk van die noodsaaklikheid van die aanstelling van maatskaplike werkers op sy diensstaat gekom. Dit sou nog lank neem voordat daar in hierdie behoefte voorsien sou word want toe daar uiteindelik 'n persoon aangestel is om maatskaplike dienste binne die Departement te organiseer, was daar geen opgeleide personeel beskikbaar om te organiseer nie.

## 2. DIE ONTWIKKELING VAN GESPESIALISEERDE BEHANDELINGSDIENSTE NÁ 1 MEI 1961.

Op 1 Mei 1961 is ds. J.R. Luckhoff as Direkteur van 'n

nuut-gestigde afdeling wat met ingang van daardie datum as Geestelike- en Maatskaplike Dienste bekend gestaan het, aangestel.

Gedurende die eerste helfte van 1962, nadat samesprekings met die Departement van Volkswelsyn en Pensioene gevoer is, is 'n werksverdelingsooreenkoms tussen die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en die Departement van Gevangenisse opgestel. Ooreenkomstig dié ooreenkoms is besluit dat die Departement van Gevangenisse verantwoordelikheid sal neem vir alle aspekte wat 'n gevangene se welsyn raak terwyl hy in die gevangenis is. Daar is ook besluit dat die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en vrywillige welsynsorganisasies se pligte beperk sal wees tot die inwin van inligting vir die opstel van hofverslae vir verhoorafwagtende gevangenes, gesinsorg vir gevangenes se afhanklikes, en nasorg vir gevangenes wat vrygelaat word. (Departement van Volkswelsyn en Pensioene, 1962, p. 1-3.)

Behalwe vir bogenoemde ooreenkoms wat aangegaan is, was daar geen verwikkelinge wat betref maatskaplikewerkdiens aan die gevangene deur die Departement van Gevangenisse voor 1967 nie. Maatskaplike werkers van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en private welsynsorganisasies het gevangenes besoek, maar dit was steeds met die oog op die inwin van agtergrondsinligting vir voorvonnisverslae, rekonstruksiedienste by hulle gesinne en in enkele gevalle ook vir ontslagvoorbereiding met die oog op nasorgdiens. Die aandag wat deur opgeleide maat-

skaplike werkers aan die gevangene gegee is, was baie sporadies, sonder dat daar sprake van 'n behandelingsproses was en slegs 'n uiters klein persentasie gevangenes is op hierdie wyse betrek. Dit was verder ook nie hierdie maatskaplike werkers se taak om die gevangene in 'n behandelingsproses te betrek nie.

Die Direkteur van Geestelike en Maatskaplike Dienste het wel aandag aan die geestelike bearbeiding van gevangenes gegee. Voor sy aanstelling het die stelsel vir die geestelike bearbeiding van gevangenes baie leemtes openbaar want ".... benewens die hou van eredienste was daar geen sprake van individuele sielesorg of kerklike nasorg gewees nie. .... Eintlik kan hulle [die onderskeie kerkgenootskappe] onder omstandighede ook nie kwalik geneem word nie, want omdat die stelsel hom nie tot die opbou van 'n persoonlike, intieme verstandhouding tussen gevangene en kapelaan geleen het nie, was die metodiek van bearbeiding noodwendig oppervlakkig gekleurd gewees." (Reitz, 1970, p. 208.)

Op 30 Junie 1962 was die geestelike versorging van die gevangene al tot so 'n mate opgeknap dat daar soos volg gerapporteer kon word: ".... met die vriendelike samewerking van geestelike werkers beywer die Departement hom steeds vir die verbetering van die gehalte van geestelike versorging. Noue kontak word met die werkers gehou .... Die Jaarverslae van geestelike werkers getuig vry algemeen van seën en sukses wat by individuele gevangenes bereik is en in baie gevalle van 'n geestelike

deurbraak wat sodanig is dat 'n kenlike verbetering in die algemene klimaat van gevangenisse teweeggebring is" (Departement van Gevangenisse, 1962, p. 13-14.)

Uit die aard van hulle individuele kontak met gevangenes het geestelike werkers uit eie beweging en op versoek van gevangenes ook aandag aan hulle maatskaplike probleme gegee. Behalwe vir die feit dat dit nie professionele maatskaplikewerk-hulpverlening binne 'n bepaalde maatskaplikewerk-behandelingsproses was nie, was dit gedoen ter bereiking van die doel van die geestelike werker naamlik die sielesorg van die gevangene.

Net soos besoekende maatskaplike werkers en geestelike werkers aandag aan die maatskaplike probleme van gevangenes gegee het, het lede van die Departement van Gevangenisse ook hulp verleen. Hierdie lede was egter nie gekwalifiseerde persone nie en die doel van die hulpverlening was nie die verhoging van die maatskaplike funksionering van die gevangene nie, maar slegs om ernstige probleme wat ondervind is, te verlig.

Tot en met 1967 was daar geen professionele maatskaplikewerk-diens aan die gevangene gelewer nie en was hy vir die bevrediging van sy maatskaplike-behoeftes en probleme aangewese op die hulp van persone wat dit nie as primêre taak gehad het om hulp aan hom te verleen nie en wat ook nie daarvoor opgelei was nie.

Die Departement van Gevangenisse was teen hierdie tyd reeds

deeglik bewus van die dringende behoefte aan 'n behoorlike en goed georganiseerde professionele diens aan die gevangene. Hierdie behoefte is dan ook van tyd tot tyd deur senior lede, veral tydens offisierskonferensies, uitgewys. Daar was reeds goeie vordering met die geestelike versorging van die gevangene gemaak en die probleem van die gevangene en aktiwiteite van die Departement het daarop gedui dat die behoeftes wat bestaan het, deur opgeleide maatskaplike werkers, sielkundiges en opvoedkundiges bevredig sou word.

'n Mylpaal is bereik toe die eerste drie opgeleide maatskaplike werkers gedurende 1966 as 'n proefneming by verskillende gevangenisse aangestel is. (Departement van Gevangenisse, 1968 a , p. 24.) Die ervaring met hierdie persone het die waarde van die diens en die noodsaaklikheid van uitbreiding daarvan duidelik onderstreep. Aan die einde van 1968 was daar reeds agt maatskaplike werkers by sewe verskillende inrigtings in diens. (Departement van Gevangenisse, 1968 a , p. 24.) Die getal het gedurende 1969 tot elf en 1970 tot drie-en-twintig by elf verskillende inrigtings aangegroei. (Departement van Gevangenisse , 1970a, p. 12)

Tot die einde van 1969 was die maatskaplikewerk-diens in die Departement van Gevangenisse nie goed georganiseer en gekoördineer nie aangesien daar nie 'n spesifieke persoon (maatskaplike werker) aan die hoof daarvan gestaan het wat dit as uitsluitlike taak gehad het nie.

Maatskaplike werkers het 'n waardevolle diens aan die gevangene gelewer maar daar was tekortkominge. Groepwerk as metode van maatskaplike werk is byvoorbeeld nie aangewend nie en skakeling tussen die interne maatskaplike werker wat vir die behandeling van die gevangene verantwoordelik was, en die eksterne maatskaplike werker wat vir rekonstruksiediens en nasorg verantwoordelik was, was gebrekkig. Vorderingsverslae is nie uitgeruil sodat die behandeling gekoördineer kon word nie. Die getal maatskaplike werkers was te min om alle gevangenes by 'n behandelingsproses te betrek en daar is ook nie in alle gevalle rekonstruksiediens en nasorg verrig nie. "Net soos in die geval van geestelike versorging is daar nie diepte in die werk nie. Terapie [behandeling] geskied nog by wyse van individuele onderhoudvoering .... Bykomend egter het dit nou tyd geword dat groepterapie [groepwerk] by alle gevangenisse waar aangestelde maatskaplike werkers in diens is voortaan toegepas sal word." (Reitz, 1970, p. 216.)

Die tydperk tussen 1967 en 1970 kan as 'n belangrike oriëntasietydperk beskou word daar die maatskaplike werkers bewys het dat hulle 'n onontbeerlike diens lewer en ook die weg gebaan het dat daar vanaf 1970 op 'n meer georganiseerde wyse op hulle werk voortgebou kon word. Vooroordele teenoor die gespesialiseerde behandeling van die gevangene is tot 'n groot mate uit die weg geruim en die weg is gebaan dat behandeling van die gevangene naas sy veilige bewaking as 'n voldonge feit aanvaar is.

Gedurende 1968 het die Afdeling Geestelike en Maatskaplike Versorging van Gevangenes 'n baie belangrike, en vir die gevangene 'n heilsame verandering ondergaan. In die eerste plek is die naam verander na die Afdeling Rehabilitasiedienste en in die tweede plek is vier direktorate binne hierdie afdeling geskep naamlik een elk vir die geestelike versorging van die gevangene, die maatskaplike versorging van die gevangene, die sielkundige versorging van die gevangene en vir opvoedkundige en voorligtingsdienste aan die gevangene.

Daar is na veel beraadslaging en oorweging en met inagneming van die behoeftes van die gevangene, besluit dat bogenoemde vier dissiplines in die behoefte sal voorsien. 'n Senior offisier, belas met die beplanning van die dienste, het die doel van rehabilitasiedienste by geleentheid soos volg gestel: " Ek wil die feit beklemtoon dat toekomstige beplanning in die afdeling grootliks die resultaat van 'n spanpoging sal wees en voorts dat alle beplanning gedoen sal word met die sentrale uitgangspunt dat die gevangene as individu daarby moet baat. Die paneel van vakkundiges is doelbewus so saamgestel dat die gevangene se geestesbehoeftes in die toekoms behoorlik versorg sal word. Dit sal onder andere dus die paneel se taak wees om instruksiemateriaal te verskaf en om metodes te formuleer vir die toepassing van individuele rehabilitasie-terapie want dan, en dan alleen sal daar sprake kan wees van 'n positiewe kondisionering van die [illegible] gesteldheid [illegible] individu." (Reitz,

In die beplanning van die gespesialiseerde behandelingsdienste en die keuse van die verskillende dissiplines, was die uitgangspunt dat tot die beste voordeel van die gevangene beslis moet word en dat hy in sy totaliteit benader moet word.

Gedurende 1973 is die afdeling "Rehabilitasiedienste" se naam na "Gespesialiseerde Behandelingsdienste" verander aangesien eersgenoemde naam impliseer het dat dié afdeling die enigste is wat met die rehabilitasie van die gevangene te make het. Dit is geensins die geval nie aangesien dit die uitgangspunt van die Departement is dat elke lid wat met die gevangene te doen kry, 'n bydrae kan lewer tot die spanpoging met die oog op sy rehabilitasie.

## 3. DIE DOEL EN FUNKSIE VAN GESPESIALISEERDE BEHANDELINGSDIENSTE.

Die Negende Konferensie van Offisiere van die Departement van Gevangenisse wat van 18 tot 20 November 1970 plaasgevind het, is gewy aan die tema "Die Departement en sy toekoms." Die konferensie het pas na die stigting van die Afdeling Gespesialiseerde Behandelingsdienste plaasgevind. In sy beleidsverklaring het Genl. J.C. Steyn, Kommissaris van Gevangenisse, die doel en funksie van die Afdeling Gespesialiseerde Behandelingsdienste gestel.

As rede vir die skepping van die vier bestaande spesialiteitsrigtings is die volgende genoem: "Watter grondslag is daargestel vir die behandeling van die gevangene as 'n totaliteitswese? .... Globaal gesien behels die taak wat die Afdeling Rehabilitasiedienste ten laste gelê word, die positiewe kondisionering van die innerlike gesteldheid van die mens as 'n individu. Ek het pas na die gevangene as 'n totaliteitswese verwys, daarmee bedoelende dat geen mens in waterdigde kompartemente ingedeel en dienooreenkomstig benader en waar nodig, behandel kan word nie. Terwyl die Departement dus reeds goeie vordering gemaak het op die gebied van fisiese versorging en beroepsopleiding vir die gevangene, is dit nou die aangewese tyd om spesiale en meer klem te laat val op die versorging van die verskillende geestesbehoeftes wat gevangenes ondervind te wete geestelik, maatskaplik, psigies en opvoedkundig. Eers wanneer daar na behore in genoemde behoeftes voorsien is sodat al sy belange gebalanseerd teenoor mekaar funksioneer, kan daar met reg na hom as geïntegreerd verwys word." (Steyn, 1970, p. 8.)

By oorweging van die spesialiteitsdienste wat by gespesialiseerde behandeling van die gevangene betrek moet word, het amptenare van die Departement, wat daarvoor uitnemend geskik was, 'n deeglike studie van die behoeftes van die gevangene gemaak. Voorbeelde van hoe die gevangene in ander lande hanteer word, is deeglik bestudeer. Die betrokke amptenare, wat oor wye ervaring beskik het, het

ook uit hulle eie kennis van die behoefte van die gevangene geput. Ook die administrasie van die Departement het duidelik gewys waar leemtes bestaan waarin voorsien moet word. Op grond hiervan is besluit om die vier gespesialiseerde behandelingsdienste, wat hierbo genoem is, in te stel.

Tydens die instelling van die Afdeling Gespesialiseerde Behandelingsdienste is die onderskeie onder-afdelings se taak en funksies soos volg gestel:

a) Geestelike versorging.

"Die taak van geestelike werkers is om deur middel van eredienste en andersins die evangelie van wedergeboorte en bekering aan hulle onderskeie lidmate, aanhangers en ongekerstende heidene te verkondig, individuele bearbeiding te doen, waar nodig en van toepassing sakramente te bedien en les bes om kerklike nasorg te doen. Dit is die funksie van die Direkteur van Geestelike Versorging om voldoende voltydse en deeltydse geestelike werkers te werf, sodat in alle gevangenes se geestelike behoeftes voorsien kan word. Voorts doen hy navorsing oor en gee voorligting aan aangestelde geestelike werkers insake die metodiek van gevangenisevangelisasie, kerklike bydraes tot misdaadvoorkoming en kerklike nasorg van oudgevangenes." (Steyn, 1970, p. 8.)

b) Sielkundige dienste.

"In die gemeenskap is talle mense wat ernstige geestes-

afwykings openbaar maar wat ingevolge die Wet op Geestesgebreke nie as sertifiseerbaar gediagnoseer kan word nie. Dit is hierdie gevangenes wat by herhaling in strafinrigtings opgeneem word. Die taak van kliniese sielkundiges is die identifisering en behandeling van sulke persone." (Steyn, 1970, p. 10.)

c) Opvoedkundige dienste.

"Die teenwoordigheid van opvoedkundiges om die verband tussen misdaad en onderwyspeil aan te dui, is 'n behoefte in die Departement. Hierdie afdeling sal ook verantwoordelik wees vir die tegniese, skolastiese en akademiese studies van gevangenes, die onderrig van ongeletterde Nie-Blanke gevangenes en die vestiging en uitbouing van gevangenisbiblioteke. 'n Verdere taak van opvoedkundiges is die opstel en aanbieding van voorligtingsprogramme." (Steyn, 1970, p. 10.)

d) Maatskaplikewerk-dienste.

(i) Die opgeleide maatskaplike werker.

"Interne maatskaplike werk het te make met alle fasette van die algemene welsyn van die gevangene. Behalwe vir die aandeel wat die maatskaplike werker het in die oriëntering van die gevangene by opname, dien hy ook as tussenganger tussen die bevelvoerende offisier met sy dissiplinepersoneel en die gevangene. Hulle bedien gevangenes van advies in alle sake rakende hulle maatskaplike funk-

sionering. Oorsake vir dieperliggende probleme word nagespeur, verklaar en verwyder deur die toepassing van die behandelingsmetodes van maatskaplike werk. Aangesien die maatskaplike werker die kliënt intiem ken, dien hy ook as 'n onontbeerlike adviserende lid tydens sittings van die gevangenisraad. Hy bring ook sosiaal-patalogiese toestande wat by die gevangene se huis heers onder aandag van die Departement Volkswelsyn en Pensioene om die nodige rekonstruksiedienste te loods. Die Direkteur en sy personeel is ook verantwoordelik vir gemeenskapsorganisasie, veral met die oog op voorbereiding vir die ontvangs van die vrygelate gevangene in die gemeenskap." (Steyn, 1970, p. 9.)

ii) Die hulpwerker vir die maatskaplike werker.

Alhoewel die hulpwerker vir die maatskaplike werker geensins ter sprake was tydens die instelling van die diens nie, het lede van die Departement reeds voor die aanstelling van die eerste gekwalifiseerde maatskaplike werkers gedurende 1967 by herhaling daarop gewys dat daar 'n dringende behoefte aan 'n maatskaplikewerk-diens onder veral die Bantoe- en Kleurlinggevangene bestaan.

Gedurende die 1967 offisierskonferensie word 'n spreker soos volg aangehaal: "But social worker's biggest problem is that of the Bantu. We have heard so much about communicating. I think it is more than just the language. There is a vast difference in their beliefs and their customs and in their habits." (Departement van Gevange-

nisse, 1968b,p. 77.)

Daadwerklike pogings is dan ook reeds vóór 1970 aangewend om Bantoe maatskaplike werkers vir die Gevangenisdiens te werf. Tydens die offisierskonferensie van 1970 word daar in hierdie verband soos volg verslag gedoen: " .... oriënteringsbesoeke aan Bantoe-universiteite het egter getoon dat die aanvraag vir diesulkes [dit wil sê maatskaplike werkers] so groot is dat daar eintlik nooit hoop is om die diens na wense uit te bou mits daar nie by wyse van studiebeurse en ander metodes gepoog gaan word om die tekort met eie personeel aan te vul nie." (Reitz, 1970, p. 217-218.)

Tydens dieselfde geleentheid het dieselfde spreker gesê: "Die Departement sal voortaan veral moet konsentreer op die aanstelling van Nie-Blanke maatskaplike werkers want die behoeftes is skreiend .... 'n Onlangse konserwatiewe opname het byvoorbeeld getoon dat die Departement onmiddellik soveel as 65 Nie-Blanke werkers kan plaas en daarna nog gereelde aanvullende aanstellings sal kan maak."

'n Ander spreker het by dieselfde geleentheid die aanwending van groepwerk as 'n metode van maatskaplike werk vir die behandeling van die gevangene bepleit en onder andere die volgende argumente aangevoer:

- "Die massas Nie-Blankes in ons inrigtings kan nooit bereik word in individuele gevallewerk nie.

- " Die emosionele en karakteristieke in byvoorbeeld die Bantoe kan moeilik deur die Blanke gepeil word en in die

gevallewerkmetode hanteer word.

- "Die Bantoe is van huis uit 'n sosiale wese met 'n sterk groepsbewussyn en gevoeligheid vir die groepswette en taboe's.

- "Die Bantoe se maatskaplike behoeftes (oppervlakkig gesien) lê primêr op die vlak wat deur die groepswerkmetode ontmoet kan word." (Sephton, 1970, p. 200.)

Uit die voorafgaande blyk duidelik dat die Departement reeds voor die aanstelling van die Direkteur vir Maatskaplike Werk, in ooreenstemming met landsbeleid, dit as uitgangspunt gestel het dat lede van die verskillende bevolkingsgroepe die diens aan hulle eie mense moet lewer. Dit is ook net so duidelik dat die behoefte aan maatskaplike werk onder al die bevolkingsgroepe raakgesien is, en dat daar 'n besliste voorneme was om daarin te voorsien.

Benewens die opregte begeerte by die Departement van Gevangenisse om in die maatskaplikewerk-behoeftes van die Kleurling en Bantoegevangene te voorsien, word dit ook statutêr aan hom opgedra om pogings tot die rehabilitasie van alle gevangenes aan te wend.

Die "Standaard Minimum Reëls vir die Behandeling van Gevangenes" is tydens die eerste vergadering van die Verenigde Volke Organisasie se Kongres oor die Voorkoming van Misdaad en Behandeling van Oortreders in Augustus 1955 aanvaar. Lidlande is uitgenooi om oorweging te gee

aan die erkenning van die Reëls en die Unie van Suid-Afrika het dit in beginsel aanvaar en toegepas, onderhewig aan plaaslike regs-, maatskaplike, ekonomiese en geografiese omstandighede.

Artikel 2 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet No. 8 van 1959), bepaal dat die Departement van Gevangenisse, benewens die veilige bewaking van die gevangene, sover doenlik sodanige behandeling op veroordeelde gevangenes moet toepas as wat tot hulle verbetering en rehabilitasie mag lei. Die maatskaplike werker is deel van die span wat met die rehabilitasie van die gevangene te doen het.

Aangesien daar 'n landswye tekort aan opgeleide Kleurling- en Bantoe maatskaplike werkers bestaan, wat deur alle instansies wat hulle emplojeer, ondervind word, het die Departement besef dat daar nie langs die gewone kanale, naamlik werwing by universiteite en beskikbaarstelling van beurse, in die groot behoefte voorsien kan word nie. Om hierdie rede moes daar spesiale en daadwerklike pogings aangewend word om in hierdie behoefte te voorsien.

Die Departement van Gevangenisse het nog altyd goed daarin geslaag om voldoende en geskikte opgeleide Blanke maatskaplike werkers te werf om ruim in sy behoeftes ten opsigte van die Blanke gevangene te voorsien. Op grond van sy beleid dat elke bevolkingsgroep in die behoeftes van sy eie mense moet voorsien wat die lewering van maatskaplikewerk-diens betref, kon daar ook nie van die diens van Blankes gebruik gemaak word om in hierdie behoeftes

te voorsien nie. Benewens die feit dat dit landsbeleid is, is daar ook so 'n groot verskil in die gewoontes, gebruike, gelowe, kultuur en ander eienskappe tussen veral die Blanke en die Bantoe, dat dit 'n beter diens sou beteken as dit deur Bantoes gelewer word.

Ten opsigte van die Kleurling geld dieselfde argument in 'n mindere mate. Aangesien die verskil nie so groot is nie, word daar wel in enkele gevalle van die diens van Blanke maatskaplike werkers gebruik gemaak. Dit bly nietemin 'n doelstelling dat Kleurlinge self die diens moet lewer aangesien ondervinding geleer het dat hulle beter as die Blankes in staat is om met hulle eie bevolkingsgroep te werk.

Die klein getal Indiërs binne die gevangenis regverdig nie die insluiting van hierdie bevolkingsgroep in die spesiale pogings van die Departement om in die behoefte te voorsien nie. Die diens aan Indiërgevangenes word op die huidige tydstip nog deur Blanke maatskaplike werkers gelewer. Daar sal wel later, namate opgeleide Indiër maatskaplike werkers meer beskikbaar raak, daarin geslaag word om voldoende persone te werf. Indiërgevangenes word by twee gevangenisse gekonsentreer en volgens die huidige norm vir die gevalleladings van maatskaplike werkers, regverdig die getalle kwalik die aanstelling van twee Indiërs.

Op grond van die behoefte wat daar bestaan het, en die begeerte en noodsaaklikheid om in daardie behoeftes te

voorsien, het die Departement van Gevangenisse daartoe oorgegaan om hulpwerkers vir die maatskaplike werker op te lei. Die noodsaaklikheid daarvan het uit pogings van maatskaplike werk as gespesialiseerde behandelingsdiens binne die Departement van Gevangenisse, om aan die doel waarvoor dit daargestel is te beantwoord, gespruit. Aangesien daar voldoende in die behoeftes van die Blanke- en Indiërgevangenes voorsien is, is slegs Kleurling- en Bantoehulpwerkers vir die maatskaplike werker opgelei.

4. SAMEVATTING.

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat die Departement die belange van die gevangene vooropgestel het met die instelling van gespesialiseerde behandelingsdienste. Tesame met maatreëls wat reeds oor 'n lang tydperk binne die Departement bestaan het, sou die gespesialiseerde behandelingsdienste hom elkeen op sy eie terrein vir die rehabilitasie van die gevangene beywer. Die Departement het nie net die veilige bewaring van die gevangene as sy taak gesien nie, maar hy het ook daadwerklik en doelgerigte pogings aangewend om sy ander hooffunksie, naamlik die rehabilitasiefunksie, tot sy reg te laat kom.

Terwyl daar in hierdie hoofstuk oor die ontwikkeling van gespesialiseerde behandelingsdienste in die Departement uitgewei is, mag die indruk maklik ontstaan het dat die Departement die rehabilitasie van die gevangene tot dus-

ver as 'n minderwaardige funksie beskou het. Dit is geensins die geval nie. Reeds voor die instelling van gespesialiseerde behandelingsdienste is maatreëls en skemas vir die behandeling en opleiding van die gevangene daargestel. Gespesialiseerde behandelingsdienste sou die leemte wat daar nog bestaan het, vul.

Dit is belangrik dat daar binne 'n gevangenisopset ernstige pogings tot die rehabilitasie van gevangenes aangewend word. 'n Gevangene beland gewoonlik in die gevangenis nadat pogings om hom binne die gemeenskap te rehabiliteer, gefaal het. Om hierdie rede is dit belangrik om binne die bestek van hierdie ondersoek aandag aan die motiewe van straf, die alternatiewe maatreëls tot gevangenisstraf en die pogings van die Departement om die gevangene te rehabiliteer, te gee.

# HOOFSTUK III

## GEVANGENISSETTING EN DIE BEHANDELING VAN DIE GEVANGENE

In die vorige hoofstuk is die ontwikkeling van gespesialiseerde behandelingsdienste in die Departement van Gevangenisse behandel. Maatskaplike werk, as deel van die gespesialiseerde behandelingsdienste, het die taak gehad om in die maatskaplikewerk-behoeftes van alle gevangenes te voorsien. Dit het uiteindelik gelei tot die opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker.

Alvorens daar verder ingegaan kan word op die taak van die maatskaplike werker in die gevangenis en die opleiding en aanwending van die hulpwerker vir die maatskaplike werker, is dit belangrik dat daar eers aandag aan die behandeling van die gevangene gegee word.

As daar binne die Departement van Gevangenisse oor 'n besondere behandelingsaspek, wat die uiteindelike aanpassing van die gevangene beoog, gepraat word, moet altyd in gedagte gehou word dat dit 'n deel van die totale behandelingsprogram uitmaak. Die behandeling van die gevangene berus op die spanbenadering waarin elke lid van die Departement wat met hom te doen kry, 'n deel van die span uitmaak.
Om 'n beter begrip van die verskillende behandelingsfasette te kry, moet eers aandag aan die doel van gevangenisstraf, of die strafmotiewe, gegee word.

## 1. STRAFMOTIEWE.

### a) Vergelding.

Met betrekking tot vergelding as strafmotief, sê Caldwell (1956, p. 420): "Retribution is the pain which, it is said, a criminal deserves to suffer, because he has broken the law and hurt someone else, and which the law proportions to the gravity of the harm done. Having failed in his duties, which every member of the community is expected to perform, the criminal must pay in pain the debt he owes to society." Caldwell gaan voort en sê dat as bogenoemde nie gebeur nie, die slagoffer van die misdaad en sy familie en vriende wat vergelding verlang, die wet in hulle eie hande sal neem of sal weier om met die gemeenskap saam te werk om oortreders aan die man te bring. Die basiese beginsel van vergelding is dat die aard van die straf by die erns van die misdaad moet aanpas. Gevangenisstraf, so word beweer, bied die ideale oplossing vir die toepassing van hierdie beginsel.

Deur middel van die bepaling van die termyn van gevangenisstraf in verhouding met die erns van die misdaad, word die slagoffer tevrede gestel dat geregtigheid geskied het. Terselfdertyd is die gemeenskap ook tevrede dat die oortreder betaal het en dat pogings in die gevangenis aangewend sal word om hom te sosialiseer. Vergelding deur middel van gevangenissetting, plaas 'n stigma by die algemene publiek op die gevangene en misdaad, en dit help om die gemeenskap teen misdaad en oortreders te verenig.

Aangesien alle gevangenes egter na die gemeenskap terugkeer, moet die stigma nie so hewig wees dat hy na ontslag nie weer in die gemeenskap opgeneem kan word nie. (Drapkin, 1974, p. 13.)

Alhoewel vergelding dikwels verwerp word as 'n motief vir straf, is daar tog gevalle waar rehabilitasie of afskrikking onmoontlik is. In sulke gevalle is die doel van straf suiwer om te vergeld.

b) Afskrikking.

"Deterrence is considered by many to be the most important purpose of punishment. By "deterrence" is meant the use of punishment to prevent others from committing crimes. In order to accomplish this purpose, the offender is punished so that he will be held up as an example of what happens to those who violate the law, the assumption being that this will curb the criminal activities of others." (Caldwell, 1956, p. 425.) Afskrikking dien sy doel al is daar sommige persone wat nie afgeskrik word nie. Die voortbestaan van misdaad beteken nie dat straf as afskrikking geen waarde het nie aangesien dit onmoontlik is om te bepaal hoeveel misdaad daar sou wees as misdadigers nie gestraf is nie. Afskrikking behels ook die positiewe morele beïnvloeding deur die wet waardeur 'n stigma op sekere dade geplaas word deur die bepaling van voorgeskrewe vonnisse. Sommige persone weerhou hulleself van misdaad omdat hulle die gevolge vrees terwyl

ander dit met afkeur bejeën.

Caldwell (1956, p. 420) kom tot die volgende gevolgtrekking: "Punishment is an art which involves the balancing of retribution, reformation, and deterrence in terms of the dominant values in the culture in which it is imposed and in the balancing of these purposes of punishment, first one and then another receives emphasis as the accompanying conditions change. Furtherwise, retribution, reformation and deterrence must be seen in their interrelationship, for each affects and strengthens the others."

c) Rehabilitasie en hervorming van die oortreder.

Namate dit duidelik geword het dat die wreedaardige behandeling van die misdadiger wat in die verlede as vergelding, boetedoening en afskrikking aangewend is, nie die gewenste uitwerking gehad het nie, het rehabilitasie as strafmotief op die voorgrond getree. Daar word geglo dat die persoon wat misdaad pleeg sekere probleme het en dat die oorsake vir die probleme uit die weg geruim moet word. Die misdadiger word dan in staat gestel om sy probleme self op te los sodat hy nie weer misdaad pleeg nie.

Caldwell (1956, p. 425) die bekende kriminoloog, beskryf rehabilitasie soos volg: "A program of reformation and rehabilitation must contain both negative and positive elements, both pleasure and pain, and both persuasion and authority; and to be most effective it must be based upon

an intensive study of the individual. It should include the treatment of physical defects, the reduction of personality maladjustments, the overthrow of influences detrimental to organized society and the inculcation of the principles of good citizenship. Such a program inevitably involves some suffering, if for no other reason than it requires the restriction of liberty. .... In other words the reformative procedure must not be so pleasant as to encourage further criminal activities, but it must at the same time be so designed as to produce desirable changes in the personalities of offenders."

Uit die aanhaling blyk dat aan die gevangene as totaliteitswese aandag gegee moet word om die doelstellings, naamlik sy rehabilitasie, te probeer bewerkstellig.

Aangesien die rehabilitasie van die misdadiger al meer beklemtoon word en dit ook daadwerklik beoefen word, moet daar besin word of die gevangenis 'n geskikte plek is om hom te rehabiliteer. "Wat so maklik uit die oog verloor word, is dat die gevangenis met sy kunsmatige lewensomstandighede en neerdrukkende atmosfeer, hom beswaarlik tot 'n algehele herwinning van die gevangene as 'n gebalanseerde gemeenskapsmens leen." (Retief, 1973, p. 27.)

'n Gevangene beland meermale in die gevangenis nadat pogings om hom sonder die aanwending van gevangenisstraf te rehabiliteer, misluk het. "Waar die ouers, die skool

en dikwels die gemeenskap in die sosialisering van die individu gefaal het, word dit aan die gevangenis opgedra, om, in 'n negatiewe en kunsmatige lewenssituasie, positiewe persoonlikheidsveranderinge en gedragsverbeteringe teweeg te bring wat buite die gevangenis in die normale gemeenskapslewe, oor baie jare nie bereik kon word nie." (Roux, 1973, p. 23.)

In die lig van die moeilike taak om 'n misdadiger binne die gevangenis te rehabiliteer, moet gevangenisstraf as die laaste maatreël aangewend word.

Gevangenisstraf is nie die enigste vorm van straf wat opgelê kan word na skuldigbevinding aan 'n oortreding nie. Gevangenisstraf behoort net in noodsaaklike gevalle aangewend te word. Die oortreder moet sover moontlik in staat gestel word om sy funksies binne die gemeenskap te verrig. Daar bestaan alternatiewe strawwe en maatreëls wat aangewend kan word alvorens gevangenisstraf toegepas word.

## 2. MAATREELS EN STRAWWE AS ALTERNATIEF TOT GEWONE GEVANGENISSTRAF.

As daar na die agtergrond en kriminele rekord van gevangenes gekyk word, word meermale gevind dat verskeie pogings in die verlede aangewend is om hulle te sosialiseer en hul plek in die gemeenskap te laat vind. Sulke pogings

het dikwels reeds 'n aanvang geneem toe die gevangene hom as jeugdige aan wangedrag of jeugmisdaad skuldig gemaak het. In hierdie stadium is hy uit die aard van sy jeugdigheid en die opvatting dat gevangenisstraf slegs as 'n laaste maatreël aangewend moet word, nie vir gevangenisstraf in aanmerking geneem nie. Artikels 159 van die strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), bepaal dat 'n kriminele saak teen 'n jeugdige in kinderhofverrigtinge omskep kan word en dat met die jeugdige as 'n beweerde sorgbehoewende kind ingevolge die bepalings van die Kinderwet, 1960 (Wet No. 33 van 1960), gehandel kan word. Artikel 31 van die Kinderwet, 1960 bepaal onder andere dat 'n sorgbehoewende kind na 'n kinderhuis of nywerheidskool verwys kan word of dat hy in geskikte pleegsorg of terug in die sorg van sy ouers en onder toesig van 'n proefbeampte geplaas kan word, of op proef en onder toesig van 'n proefbeampte.

Bogemelde maatreëls het voorkoming ten doel en pogings word aangewend om te voorkom dat meer drastiese en ingrypende maatreëls, soos byvoorbeeld gevangenisstraf, aangewend moet word.

In die geval van volwasse oortreders bestaan daar ook verskeie maatreëls om te voorkom dat 'n oortreder in die gevangenis beland. Regter Wessels (1975, p. 191) sien hierdie maatreëls as volg: "Welfare provisions include all provisions and procedures which ensure a fair and just trial, assist an awaiting-trial accused person not to be

detained in custody, assist him to obtain legal representation, assist the court in making an appropriate decision and finally assists the convicted offender to avoid imprisonment."

'n Volwasse oortreder word in 'n volwasse hof verhoor en Regter Wessels (1975, p. 191) sê ten opsigte hiervan: "Adult Court means in general, a court in which an alleged offender of the age of 18 years and over is tried."

In Suid-Afrika bestaan verskeie maatreëls wat daarop gemik is om te voorkom dat 'n beweerde oortreder in die gevangenis beland.

a) Borg.

'n Persoon wat vir 'n misdryf teregstaan, kan as 'n verhoorafwagtende gevangene aangehou word. In gevalle van 'n minder ernstige misdaad word hy in die reël nie aangehou nie, maar op eie verantwoordelikheid vrygelaat en word hy by wyse van 'n dagvaarding gewaarsku om op 'n sekere datum voor die hof te verskyn. In gevalle van meer ernstige misdade kan hy op borgtog vrygelaat word. Indien hy nalaat om die voorwaardes verbonde aan borgtog na te kom, kan sy borggeld as verbeurd verklaar word en hy as verhoorafwagtende aangehou word.

Borgtog stel verhoorafwagtendes in staat om hulle normale funksies in die gemeenskap te verrig. As hulle aangehou

word, verloor hulle dikwels hulle werk en is hulle nie in staat om hulle pligte ten opsigte van hulle gesinne na te kom nie.

b) Regshulp.

Die Wet op Regshulp, 1969 (Wet No. 22 van 1969), word deur die Regshulpraad geadministreer. Die doelstellings van hierdie Wet is om aan behoeftige persone wat vir 'n misdryf teregstaan, regshulp beskikbaar te stel. Die diens van 'n regsverteenwoordiger kan op hierdie wyse vir die beskuldigde verkry word om hom in die hof te verdedig. "Stated broadly, the aim of the Act is to ensure that justice to either a civil litigent or criminal will be done, irrespective of whether he can afford to pay for legal representation or not. (Wessels, 1975, p. 191.)

c) Voorvonnisverslae deur Maatskaplike werkers.

Daar bestaan voorsiening vir die aanvra van voorvonnisverslae oor beskuldigdes, deur die hof waar hy teregstaan. Die doel van voorvonnisverslae wat merendeels voorsien word deur proefbeamptes, wat geregistreerde maatskaplike werkers is, is om die agtergrond en omstandighede van die beskuldigde aan die hof te skets en om 'n aanbeveling in verband met die vonnis wat opgelê behoort te word, te maak. Die Landdros of regter word hierdeur in staat ge-

stel om, met inagneming van die omstandighede van die beskuldigde, 'n gepaste vonnis op te lê.

d) Waarskuwing of berisping.

Artikel 352 van die Strafproseswet, 1955 bepaal onder andere dat 'n oortreder na skuldigbevinding met 'n waarskuwing of berisping ontslaan kan word. Hierdie optrede het onder andere die voorkoming van verdere oortredings ten doel.

e) Uitgestelde en opgeskorte vonnisse.

Artikel 352 van die Strafproseswet, 1955 bepaal onder andere dat wanneer iemand voor 'n hof skuldig bevind word aan 'n ander misdryf as moord, verkragting en roof of sameswering om een van die drie genoemde misdade te pleeg, of aan 'n misdryf ten opsigte waarvan die oplegging van 'n voorgeskrewe straf verpligtend is, kan die hof die oplegging van vonnis vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar kan uitstel en die veroordeelde persoon op een of meer voorwaardes kan vrystel. Een van die voorwaardes kan wees dat die persoon hom moet onderwerp aan opleiding of behandeling of aan die toesig en beheer van 'n proefbeampte.

Die artikel bepaal ook dat 'n vonnis opgelê kan word maar dat die tenuitvoerlegging van die geheel of 'n gedeelte daarvan vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar op-

geskort kan word onder dieselfde voorwaardes as wat vir uitgestelde vonnisse geld.

Bogenoemde twee vonnisse is van belang aangesien die aanwending daarvan voorkom dat 'n veroordeelde in die gevangenis beland en dit hom verplig om opleiding en behandeling in die gemeenskap te ontvang. Toesighouding deur 'n proefbeampte, wat ook as 'n voorwaarde gestel kan word, kan die beter funksionering van die veroordeelde tot gevolg hê. Dit is 'n belangrike voorkomende maatreël vir die pleeg van verdere misdaad.

f) Boetes en afbetaling van boetes.

Ingevolge Artikel 353 van die Strafproseswet, 1955 kan die hof 'n oortreder wat tot 'n boete met of sonder 'n alternatiewe tydperk van gevangenisstraf gevonnis is, die geleentheid gee om die boete te betaal oor 'n tydperk wat nie drie jaar mag oorskrei nie. Op hierdie wyse word baie oortreders uit die gevangenis gehou en kry hulle die geleentheid om hulle normale pligte in die gemeenskap voort te sit.

g) Periodieke gevangenisstraf.

Artikel 334 (bis.) van die Strafproseswet, 1955, bepaal dat 'n persoon wat aan 'n ander misdryf as moord, verkragting, roof, enige misdryf ten opsigte waarvan 'n minimum straf voorgeskryf word of sameswering om enige van bogenoemde misdrywe te pleeg, in die plek van enige straf so

'n persoon tot periodieke gevangenisstraf gevonnis kan word. Periodieke gevangenisstraf word gedurende naweke ondergaan en die persoon se afhanklikes en hyself ly dus nie finansieël as gevolg van die straf wat hy moet ondergaan nie, aangesien hy met sy werk kan voortgaan.

h) Omskepping van 'n strafverhoor in 'n ondersoek kragtens die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971 (Wet No. 41 van 1971).

Volgens artikel 34 van die Strafproseswet, 1955 kan 'n verhoor omskep word in 'n ondersoek ingevolge die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971 indien dit gedurende die verhoor blyk dat die beskuldigde 'n persoon is wat kan baat vind by behandeling in 'n rehabilitasiesentrum as gevolg van sy afhanklikheid van dwelmmiddels.

Die doel is om daardie persoon wat in misdaad beland as gevolg van die gebruik van dwelmmiddels, van sy afhanklikheid daarvan te genees sodat hy nie verdere misdaad pleeg nie.

## 3. DIE BEHANDELING VAN DIE GEVANGENE IN DIE GEVANGENIS.

'n Gevangenis vorm 'n gemeenskap waarin daar gepoog moet word om in alle behoeftes van gevangenes te voorsien.

Die maatreëls wat getref word vir versorging en verblyf in die gevangenis moet ordelik en menswaardig wees en gerig wees op uiteindelike aanpassing in die gemeenskap na ontslag. Alles wat ten opsigte van die gevangene gedoen word, word so gedoen dat dit tot sy rehabilitasie en aanpassing kan bydra. Daar is verskillende fasette wat rehabilitatiewe waarde vir die gevangene inhou.

a) Fisiese versorging.

(i) Huisvesting.

Die Verenigde Volke Organisasie het sy Eerste Kongres in verband met die Voorkoming van Misdaad en die Behandeling van Oortreders vanaf 22 Augustus tot 3 September 1955, in Geneve, Switzerland gehou. Tydens hierdie kongres is die "Standaard Minimum Reëls vir die Behandeling van Gevangenes en aanverwante Aanbevelings", aanvaar. Regerings is uitgenooi om dit te oorweeg om ook die "Standaard Minimum Reëls" te aanvaar en toe te pas. Die Unie van Suid-Afrika het hierdie Reëls, onderhewig aan plaaslike regs-, maatskaplike-, ekonomiese- en geografiese omstandighede, aanvaar en toegepas. Volgens May (1975, p. 4) voldoen die standaarde wat in Suid-Afrika gehandhaaf word aan die "Standaard Minimum Reëls" wat betref higiëne, vloerruimte, voldoende lug, ventilasie, natuurlike en kunsmatige lig, ablusie- en sanitêre geriewe, ensovoorts. Gevangenisse word onberispelik skoon en netjies

gehou en gevangenes is onder toesig verantwoordelik vir die netheid van selle en ander lokale. Netheid word beklemtoon en dit het die aankweek van 'n gesonde en geordende leefwyse ten doel.

(ii) Persoonlike higiëne.

Gevangenes word van voldoende middele soos toiletbenodighede, klere, skoeisel, handdoeke en sakdoeke voorsien. Vir beddegoed, skoonmaakmiddels en wasfasiliteite word ruim voorsiening gemaak sodat sy persoonlike waardigheid en selfrespek nie benadeel word nie.

(iii) Voeding.

Voedsel wat aan gevangenes voorsien word, is in ooreenstemming met voorskrifte van professionele dieëtkundiges van die Departement van Gesondheid en is deurgaans van hoë gehalte. Groot hoeveelhede vars produkte word vanuit die Departement se eie tuine en gevangenisplase voorsien.

(iv) Liggaamlike oefening, sport en ontspanning.

Daar bestaan by alle gevangenisse voorsiening vir buite en/of binnemuurse sport en ontspanning. Sportsoorte soos onder andere rugby, sokker, atletiek, tennis, tafeltennis, gimnastiek, pluimbal, krieket, boks, stoei en gewigoptel kan beoefen word. In hul vryetyd binne die inrigting is daar geleentheid om 'n wye verskeidenheid aktiwiteite soos snoeker, veerpyltjies, kaartspeel, skaak en dambord

te beoefen. By sommige gevangenisse bestaan debatsverenigings, orkeste, konsertverenigings, ensovoorts, terwyl ander hul eie nuusblad en uitsaaidiens beheer, waar versoekprogramme en gekeurde radioprogramme oor uitgesaai kan word. Bioskoopvertonings wat opvoedkundige en ander films insluit, word by feitlik alle gevangenisse aangebied.

Ledigheid word sover as moontlik bekamp en gevangenes word geleer om hulle vryetyd konstruktief en tot hulle eie voordeel aan te wend. Die doel daarvan is onder andere om aan hulle fisiese en geestelike ontspanning te bied en om hulle te leer om konstruktief besig te bly sodat dit na ontslag 'n lewensgewoonte by hulle kan word wat sal voorkom dat hulle tyd aan misdaad wy.

(v) Mediese dienste.

Mediese dienste (onder andere persoonlike dienste deur 'n geneesheer) is daagliks tot beskikking van elke gevangene. Alle gevangenisse beskik oor hospitaalakkomodasie en goed toegeruste apteke wat deur opgeleide personeel beman word. Ernstige gevalle, wat nie in gevangenishospitale behandel kan word nie, word in openbare hospitale opgeneem. Gevangenes se mediese versorging, waarby tandheelkundige dienste ingesluit is, is uit die aard van die saak gratis en is beslis nie minderwaardig in vergelyking met dit wat vir persone buite die gevangenis beskikbaar is nie.

'n Gevangene wie se voorkoms deur plastiese snykunde verbeter kan word, kan dit ondergaan indien dit tot sy

beter aanpassing in die gemeenskap kan bydra.

Die Departement van Gevangenisse glo dat die fisiese toestand van 'n gevangene goed moet wees en alles moontlik word in werking gestel om dit te bereik, om uiteindelik suksesvol in die gemeenskap aan te pas en sy regmatige bydrae te lewer.

Die fisiese versorging van die gevangene is daarop ingestel om by hom gesonde lewensbeginsels en -houdings te kweek sodat hy op 'n beskaafde en geordende wyse sy plek in die gemeenskap kan inneem. 'n Groot gedeelte van die gevangenisbevolking het in die gemeenskap 'n ordelose bestaan gevoer en die aanleer van goeie persoonlike versorging en higiëne asook vrytydsbesteding lewer 'n belangrike bydrae tot hulle rehabilitasie.

b) Observasie en klassifikasie.

Ingevolge Artikel 20 (i) (a) van die Wet op Gevangenisse, 1959 kan die Minister "by kennisgewing in die Staatskoerant gevangenisse instel om as Waarnemingssentra te dien om die ouderdom, gesondheidstoestand, verstandelike toestand, karaktereienskappe, sosiale agtergrond, vorige gedrag, vermoë om te werk, aanleg en opleiding te bepaal van gekeurde gevangenes met die oog op hul klassifisering en opleiding."

Regulasies 116 van die Reëls en Regulasies van die Wet op Gevangenisse, 1959 maak voorsiening vir die klassifi-

sering van gevangenes met die oog op die handhawing van die nodige veiligheidsmaatreëls en vir behandeling en opleiding by 'n gevangenis. Gevangenes moet ingevolge hierdie Regulasies volgens die volgende beginsels geklassifiseer word:

- "Individuele klassifikasie vir sover die straftermyn dit toelaat en sodanige klassifikasie geregverdig word, deur 'n ontleding en aanslag van die gevangene se vorige rekord, aanleg, kwalifikasies of vorige opleiding, bekwaamheid en ander persoonlike faktore; of
- "Groepklassifikasie ingevolge die vonnistermyn, misdryf, vorige rekord, aanleg, bekwaamheid, kwalifikasies, ouderdom of rypheid en ander persoonlike faktore wat die groep in gemeen het, en
- "die handhawing van gereelde kontak en waarnemings van die gedrag en vordering van die gevangene, hetsy op 'n individuele of groepsgrondslag geklassifiseer en vir sover die straftermyn dit toelaat, die toepassing van progressiewe en buigbare herklassifikasie, by bevordering of andersins, na 'n ander groep of tipe opleiding."

Artikel 22 van die Wet op Gevangenisse, 1959 maak voorsiening vir maksimum-veiligheids-, medium-veiligheids-en oopgevangenisse en die groepe van geklassifiseerde gevangenes wat na die verskillende soorte gevangenisse gestuur moet word.

Die bepalings ten opsigte van die observasie en klassifikasie is in ooreenstemming met die "Standaard Minimum

Reëls vir die Behandeling van Gevangens" want Artikel 67 van genoemde reëls bepaal: "The purpose of classification shall be -

- "to seperate from others those prisoners who, by reason of their criminal records or bad characters are likely to exercise a bad influence;
- "to divide the prisoners into classes in order to facilitate their treatment with a view to their social rehabilitation."

Artikel 68 van genoemde Reëls bepaal dat: "So far as possible separate institutions or separate sections of an institution shall be used for the treatment of the different classes of prisoners."

In sy organisasie het die Departement van Gevangenisse voorsiening gemaak vir die observasie en klassifikasie van gevangenes met die oog op hulle behandeling, opleiding en uiteindelike rehabilitasie. Soos uit die bepalings van die Wet op Gevangenes, 1959 en die "Standaard Minimum Reëls vir die Behandeling van Gevangenes" blyk, is die doel daarvan dat dit tot voordeel van die gevangene moet strek.

(i) Observasie.

Alle gevonnisde gevangenes met 'n vonnis van twee jaar en langer word direk na vonnis na 'n observasiesentrum oorgeplaas. By die observasiesentrum word 'n volledige individuele ontleding van elke gevangene gemaak. Lede van die gespesialiseerde behandelingsdienste, naamlik kli-

niese sielkundiges, maatskaplike werkers, opvoedkundiges en 'n predikant beman die observasiesentrum.

Die taak van die kliniese sielkundige is om 'n volledige psigodiagnostiese ondersoek ten opsigte van die gevangene uit te voer en 'n volledige persoonlikheidsevaluering en diagnose te maak. Dit is van belang by die bepaling van die gevangene se diepteklassifikasie.

Die maatskaplike werker se taak gedurende die observasieproses is om 'n volledige beeld van die gevangene se agtergrond en maatskaplike funksionering te verskaf. Inligting word verkry deur besonderhede verskaf in 'n agtergrondsverslag wat van 'n eksterne maatskaplike werker aangevra word. Die proses van maatskaplikewerk-behandeling wat ten opsigte van die gevangene gevolg sal word gedurende die verloop van sy aanhouding, neem hier 'n aanvang.

Die opvoedkundige se taak is om 'n evaluering van die gevangene se opvoedingsproses te maak met besondere klem op sy aanpassing op skool en in sy werk. Nadat die gevangene se besondere aanleg en belangstelling bepaal is, word voorligting aan hom gegee in verband met studiemoontlikhede en vakopleiding binne die gevangenis. 'n Verdere taak van die opvoedkundige gedurende die observasieproses is die oriëntering van die gevangene ten opsigte van sy gevangenissetting.

Die gevangene se godsdienstige funksionering word deur die predikant bepaal en hy toon ook leemtes in hierdie

verband aan wat moontlike veroorsakende faktore vir die gevangene se verval in misdaad kan wees.

Elkeen van die vakkundiges soos hierbo vermeld, stel 'n verslag op wat aan die einde van die observasieproses aan 'n konferensie voorgelê word. Aan die hand van hierdie inligting word dan 'n plan van behandeling ten opsigte van elke gevangene opgestel. Hierdie plan van behandeling dien as basis vir die behandelingsproses wat ten opsigte van die gevangene by die gevangenis waarheen hy na afloop van die observasieproses verwys sal word, gevolg word.

Die konferensie besluit ook oor die horisontale en vertikale groepering (diepteklassifikasie) van die gevangene en die tipe opleiding wat hy gaan ontvang.

(ii) Klassifikasie.

Die klassifikasie van die gevangene, waaroor na afloop van die observasieproses besluit word, behels die volgende:

(aa) Horisontale klassifikasie.

Met inagneming van die gevangene se vorige rekord, algemene gedrag en aanpassing, sekuriteitsrisiko en vordering word gevangenes in vier groepe naamlik A, B, C of D geklassifiseer. Hierdie klassifikasie bepaal die voorregte wat hulle sal geniet. Normaalweg word gevangenes wat

onder die C en D groepe geklassifiseer is, in maksimum-veiligheidsinrigtings aangehou, dié geklassifiseer onder B-groep in medium-veiligheidsinrigtings en dié geklassifiseer onder die A groep in minimum-veiligheidsinrigtings Terwyl hy sy vonnis uitdien kan 'n gevangene deur voorbeeldige gedrag en volgehoue samewerking en 'n begeerte om te hervorm, kwalifiseer vir bevordering na 'n inrigting waar die veiligheidsmaatreëls minder streng is. Gevangenes wat hulle voorbeeldig gedra, word daarvoor vergoed deur hulle van groep D na groep C, van C na B of B na A te bevorder. Aan elke groep is sekere voorregte verbonde. So kry die A-groep gevangenes die meeste voorregte wat betref die ontvangs van besoekers, die skryf en ontvangs van briewe, die besit van 'n radio, ensovoorts.

Gevangenes word ook volgens bevolkingsgroep en geslag geklassifiseer en in verskillende gevangenisse aangehou.

(bb) Vertikale of diepteklassifikasie.

Klassifikasie ingevolge die vertikale of diepteklassifikasiestelsel geskied met inagneming van die gevangene se persoonlikheidsamestelling, emosionele rypheid, intelektuele vermoëns en moontlikheid om by behandeling baat te vind. Vyf groepe word onderskei naamlik:

"Groep 1(a): Dit verteenwoordig die werklike goeie prognostiese gevalle, dit wil sê waar daar geen twyfel oor die prognose bestaan nie. Hierdie gevalle se kanse op rehabilitasie (met of sonder behandeling) word dus as

besonder goed beskou.

"Groep 1(b): Ten opsigte van hierdie gevalle bestaan daar wel onsekerheid oor hulle prognose, dog laasgenoemde is nogtans van so 'n aard dat die mening gehuldig word dat die gewone metodes van behandeling nog aangewese is.

"Groep 2: Diegene wat, hoewel nie volgens die Wet op Geestesgesondheid (Wet No. 18 van 1973) as swaksinnig sertifiseerbaar is nie, nietemin oor 'n ondergemiddele intellek beskik en dit blyk dat die persoon se verval in sy misdaad tot 'n groot mate aan 'n gebrekkige funksionering van sy verstandelike vermoëns te wyte is.

"Groep 3: Dit verteenwoordig die uitgesproke psigopategroep ongeag of hulle in terme van die Wet op Geestesgesondheid, 1973, (Wet No. 18 van 1973), sertifiseerbaar is al dan nie. Drie subgroepe word op grond van hulle oorheersende gedragsuitinge onderskei:

3 (a) = die oorheersend manipulerende groep
3 (b) = Die oorheersend aggressiewe groep
3 (c) = die oorheersend ontoereikende groep
(nie dieselfde as groep 5 gevalle nie)

"Groep 4: Ten opsigte van hierdie gevalle, bestaan daar werklik twyfel oor hulle D.K. - Hierdie gevalle moet dus voortdurende heroorweging geniet.

"Groep 5: Diegene met 'n swak prognose veral vanweë 'n erge mate van ontoereikende funksionering maar waar psigopatie nie 'n sterk faktor verteenwoordig nie. In-

dien psigopatie wel 'n sterk faktor is, hoort die geval in groep 3(c) tuis." Departement van Gevangenisse Lêer S4/2/4/1.

"Elkeen van bogenoemde groepe het basies eiesoortige behoeftes wat betref behandelings- en rehabilitasie-aangeleenthede. Gevolglik is reeds daartoe oorgegaan om afsonderlike inrigtings vir die groepe aan te wys. Die bedoeling is ook om mettertyd basies 'n eiesoortige rehabilitasieprogram vir elke groep uit te werk, hoewel die uniekheid van individue in hierdie opsig nooit uit die oog verloor moet word nie." (Roux, 1973, p. 20.)

Die observasieproses met die oog op die klassifikasie van gevangenes het individualisering ten doel sodat daar 'n unieke behandelingsprogram ten opsigte van elke gevangene gevolg kan word wat, met inagneming van die uniekheid van elkeen, tot sy eie voordeel toegepas kan word.

c) Koördinasie van diens aan en evaluasie van die vordering van die gevangene deur die Gevangenisraad.

Lede van gevangenisrade word deur die Minister van Gevangenisse aangestel. Die funksie van die Raad is om die vordering van die gevangene voortdurend te evalueer. om die verskillende dienste wat aan hom gelewer word te koördineer en om saam met die lede wat die behandelings-

span uitmaak, vir sy behandeling te beplan. Die Gevangenisraad doen ook aan die Minister en Kommissaris van Gevangenisse verslag oor die gevangene se vordering en sy uiteindelike vrylating op parool. Nadat 'n gevangene deur die Toewysingskomitee, na afloop van die observasieproses, aan 'n spesifieke inrigting toegewys is, en die aard van die opleiding wat hy moet ondergaan bepaal is, word volledige verslae oor sy gedrag en vordering minstens elke vier maande aan die Gevangenisraad voorsien. Hierdie verslag word deur lede wat uit die aard van hulle noue kontak met die gevangene hom goed ken, aan die Gevangenisraad voorsien. Verslae word byvoorbeeld voorsien deur die lid in beheer van die afdeling waar hy gehuisves word, die lid wat vir sy opleiding verantwoordelik is, die lid in beheer van die gevangenishospitaal, die kliniese sielkundige, die maatskaplike werker, ensovoorts. Al die lede wat oor die gevangene verslag doen, is by die raadsitting teenwoordig. Nadat die verslae oor die vordering en aanpassing van die gevangene volledig bespreek is, word hy ingeroep en kry hy geleentheid om sy saak te stel. Indien dit geregverdig is, word hy geklassifiseer en bevorder op grond van die inhoud van hierdie verslae. Afhangende van sy gedrag kan 'n gevangene ook gedegradeer word. Klassifikasie van die gevangene is 'n deurlopende proses en vorm die grondslag van die behandelingsprogram vir die gevangene.

Dwarsdeur die gevangenissetting word dit by die gevangene tuisgebring dat sy samewerking en pogings tot rehabili-

tasie sy uiteindelike aanpassing in die gemeenskap sal bepaal.

Die taak van die Gevangenisraad kan kortliks saamgevat word as om die Minister en Kommissaris van Gevangenisse van aanbevelings in verband met die behandeling, vordering en uiteindelik vrylating van langtermyngevangenes te voorsien.

(d) Die gespesialiseerde behandeling van die gevangene.

(i) Geestelike versorging.

Godsdiensbeoefening word as van groot belang beskou vir die rehabilitasie van die gevangene en word sonder voorbehoud aangemoedig. Gevangenes word op positiewe wyse aangespoor om godsdienstige byeenkomste van hulle onderskeie kerke of genoodskappe in die gevangenis by te woon. Gevangenes wat nie oor bybels beskik nie, word sover moontlik van een in hulle eie taal, voorsien. Voltydse en deeltydse geestelike werkers (geordende predikante sowel as lekewerkers) word in oorleg met die verskillende kerke en godsdienstige genoodskappe aangestel om kollektiewe geestelike bearbeiding sowel as individuele bearbeiding van hulle onderskeie lidmate in die gevangenis, te onderneem. Geestelike werkers word dus aangestel slegs om lede van hulle eie kerk of geloof binne die gevangenis te bearbei.

Teneinde skakeling met geestelike werkers te behou, hou

die hoof van die afdeling Geestelike Versorging gereeld samesprekings met geestelike werkers. Soms word meer formele konferensies gehou. 'n Kwartaallikse blad naamlik "Geestelike Versorging" word uitgegee en aan al die geestelike werkers voorsien. (Sephton, 1974, p. 1.)

(ii) Sielkundige dienste.

Die doel en funksies van sielkundige dienste in die gevangenis word deur van Coller (1976, p. 1) soos volg saamgevat:

"Die funksies van die Seksie behels die volgende:

- "Diagnostiese onderhoudvoering (evaluasie).

- " Sielkundige toetsing ten opsigte van intelligensie, persoonlikheid, aanleg, belangstelling en geesteskwale of -afwykinge.

- " Die lewering van sielkundige verslae oor observasiegevalle aan wie dit mag benodig.

- "Diagnose en prognosestelling met betrekking tot behandeling, diepteklassifikasie en/of oorplasing van gevangenes.

- "Die sielkundige behandeling van gevangenes met behulp van tegnieke soos: Psigoterapie, Groepterapie, Gedragsterapie, Aversieterapie, Kunsterapie, Hipnoterapie ensovoorts.

- "Opvolgwerk deur middel van konsultasie-onderhoude met ontslane gevangenes.

- "Gesinsterapeutiese onderhoude gedurende naweke met die gevangene en sy gesin waar nodig.

- "Afneem, interpretasie en verslagskrywing oor E.E.G.-rekords. (Meeting van breinritmes om psigiese afwykings aan te toon.)

- "Lesings en praatjies aan groepe binne en buite die Departement (laasgenoemde veral om 'n beter begrip van die Departement se werksaamhede te bewerkstellig.)"

(iii) Opvoedkundige dienste.

Die taak van die opvoedkundige in die gevangenis is volgens Scott (1976, p. 3) " .... om beheer uit te oefen oor alle opvoedkundige dienste wat aan gevangenes gebied word. Die basiese beginsel is om aan die gevangene leiding te verskaf om 'n sin van volwasse verantwoordelikheid te aktualiseer wat hom in staat kan stel om sy antwoord op die wekroep van die lewe so te antwoord dat dit blyke van sy vryheid tot verantwoordelikheid sal gee. Dit word teweeggebring deur die latente moontlikheid wat inherent in elke menslike wese is, deur doeltreffende opvoeding en leiding te laat ontwikkel.

"Biblioteekgeriewe aan die gevangene sorteer ook onder hierdie seksie en daar word gepoog om biblioteekfasiliteite daar te stel wat nie alleen aan die behoeftes van die aangehoudenes van elke gevangenis beantwoord nie, maar om ook biblioteekgeriewe as 'n middel tot opvoeding te gebruik.

"Studie word te alle tye aangemoedig en gevangenes mag

binne die gevangenisopset moontlik is, volg. Aangesien 'n groot getal Nie-Blankes ongeletterd is, beskik die Departement oor 'n Lees- en Skryfprojek. Hiervolgens word ongeletterde gevangenes in hulle moedertaal opgelei om te lees en te skryf asook in die basiese beginsels van die vier hoofbewerkings van die rekene, naamlik optel, aftrek, deel en vermenigvuldig."

(iv) Maatskaplikewerk-dienste.

Maatskaplike werk in die gevangenis is 'n onafgebroke proses vanaf die dag van toelating tot en met die vrylating van die gevangene. Na vrylating van die gevangene vind voortgesette behandeling in die vorm van nasorgdiens plaas. Om die maatskaplikewerk-behandeling van die gevangene te bewerkstellig, het die Departement gekwalifiseerde maatskaplike werkers sowel as hulpwerkers vir die maatskaplike werker in diens. Laasgenoemde is lede wat 'n intensiewe kursus, maar nie volledige professionele opleiding nie, in maatskaplike werk deurloop het en onder toesig van gekwalifiseerde maatskaplike werkers hulle taak verrig.

In samewerking met die betrokke staatsdepartemente wat verantwoordelik is vir welsynswerk onder die onderskeie bevolkingsgroepe en private welsynsorganisasies, word rekonstruksiediens aan die gevangene se gesin gelewer solank hy in die gevangenis verkeer. Op dieselfde basis word ook nasorgdiens na die gevangene se vrylating uit die gevangenis gedoen.

(e) Arbeid en opleiding.

Volgens Artikel 2 van die Wet op Gevangenisse, 1959 het die Departement van Gevangenisse ook 'n taak om gevangenes in gewoontes van vlyt en arbeid op te lei. Die opleiding van die gevangene in een of ander rigting vorm dan ook 'n belangrike komponent van die proses wat binne die gevange nis gevolg word om hom na vrylating 'n selfstandige en eerbare bestaan te laat voer.

Die Departement beskik oor 'n groot verskeidenheid werk- en opleidingsgeleenthede:

(i) Boerderybedrywighede.

Die Departement beskik oor 'n getal gevangenisplase waar gevangenes intensief in boerderybedrywighede opgelei word en waar die beskikbare gevangenisarbeid doeltreffend en konstruktief benut kan word. Dit bring ook mee dat groot hoeveelhede voedsel vir gebruik deur gevangenes geproduseer word.

(ii) Boubedryf en verwante ambagte.

Die Departement onderneem in 'n groot mate sy eie bouwerk. Goed-opgeleide ambagspersoneel, wat in die bou-afdeling werksaam is, is ook verantwoordelik vir die opleiding van gevangenes in bou - ambagte. Op hierdie wyse word gevange nes in die meeste ambagte wat normaalweg met die bou - industrie geassosieer word soos byvoorbeeld messelaars, pleisteraars, loodgieters, elektrisiëns, ensovoorts, opgele

(iii) Werkswinkels en ambagte daarby betrokke.

Die Departement van Gevangenisse het opgeleide ambagsmanne in goed toegeruste werkswinkels in diens wat verantwoordelik is vir die opleiding van gevangenes. Gevangenes word opgelei as kabinetmakers, kleremakers, skoenmakers, passers en draaiers, plaatmetaalwerkers, rottangwerkers, sweisers, ensovoorts.

In toepaslike ambagte word 'n gevangene, nadat hy die vereiste standaard in 'n bepaalde vakrigting bereik het, deur die Departement van Arbeid aan 'n vaktoets onderwerp. Aan die kandidate wat slaag, word vakmanstatus toegeken en sertifikate wat verwerf word, verskil nie van die wat aan persone uitgereik word wat hulle opleiding buite die gevangenis ontvang het nie. Aan gevangenes wat om een of ander rede nie hulle opleiding voltooi het nie, word sertifikate uitgereik waarop die vlak van bedrewendheid wat hulle bereik het, aangedui word.

'n Groot persentasie gevangenes wat voorheen ongeskoolde werk verrig het, verlaat die gevangenis as geskoolde vakmanne. Dit stel hulle in staat om maklik werk te bekom en om 'n eerbare bestaan te voer en waardevolle diens te lewer.

(f) Gratifikasiebetaling.

Gratifikasie is nie 'n salaris wat aan gevangenes betaal

word vir dienste wat hulle lewer nie, maar is 'n bedrag geld wat maandeliks aan gevangenes betaal word met die doel om:

hulle aan te moedig tot goeie gedrag, ywer en pligsgetrouheid,
hulle kwalifikasies en werkbedrewenheid te verbeter,
'n bydrae tot die onderhoud van hulle afhanklikes te lewer,
studieboeke, lesings en ander goedgekeurde artikels aan te koop, en
by vrylating oor geld te beskik teneinde hul herinskakeling in die gemeenskap te vergemaklik.

Gratifikasie word nie aan alle gevangenes betaal nie, maar slegs aan daardie wat dit verdien- gevangenes is nie vanselfsprekend op gratifikasie geregtig nie, maar moet dit verdien. Afhangende van sy gedrag en vordering, kan die bedrag gratifikasie van tyd tot tyd verhoog word of selfs verminder word.

(g) Handhawing van dissipline.

Binne die gevangenis, waar 'n groep mense wat hulle oor die algemeen nie by die beperkings wat in die vrye gemeenskap aan hulle gestel is kon hou nie, moet uit die aard van die saak streng dissipline gehandhaaf word. Waar 'n gevangene oortree, kan hy na verhoor, waartydens hy oor al die regte beskik soos van toepassing by 'n verhoor deur 'n landdros in 'n landdroskantoor, 'n beperkte vonnis wat nie verdere gevangenisstraf insluit nie, opgelê

word. Dissipline word streng gehandhaaf, dog is regverdig en die klem word deurgaans op vrywillige onderwerping aan gesag gelê, eerder as die afdwing daarvan.

(h) Vrylating op parool.

Onder "vrylating op parool" word verstaan dat die gevangene vóór die verstryking van sy opgelegte tydperk van gevangenisstraf vrygelaat word en dat hy dus die geleentheid gebied word om die onverstrykte gedeelte van sy vonnis buite die gevangenis deur te bring. Paroolvrylating gaan met sekere paroolvoorwaardes gepaard en terwyl 'n gevangene op parool is, verkeer hy steeds onder beheer van die Gevangenisraad. Sy parool kan dan ook ingetrek word as hy nie die paroolvoorwaardes nakom nie en hy kan na die gevangenis teruggebring word om die onverstreke gedeelte van sy vonnis uit te dien. Nie alle gevangenes kwalifiseer om op parool vrygelaat te word nie. Afhangende van die aard van die vonnis en die misdaad waarvoor hulle gevonnis is, kan die wat vir paroolvrylating kwalifiseer, na verstryking van sekere gedeeltes van hulle vonnisse, op parool vrygelaat word. Afgesien daarvan of 'n gevangene vir parool kwalifiseer aldan nie, kan hy vir die maksimum periode wat sy vonnis dit toelaat aangehou word as hy nie as geskik vir vrylating beskou word nie. Sy gedrag en samewerking in die gevangenis word in aanmerking geneem as sy vrylating op parool oorweeg word. Die paroolstelsel dien as aanmoediging vir die gevangene om die geleenthede wat aan hom binne die gevange-

nis gebied word, te benut en om sy gevangenissetting tot sy eie voordeel aan te wend.

(i) Nasorg as voortgesette behandeling van die gevangene.

Met die feit in gedagte dat die gevangene dikwels vir 'n lang periode nie in 'n normale gemeenskap verkeer het nie, en dat daar binne die gevangenis baie aandag aan sy rehabilitasie gegee is, kan 'n idee gevorm word hoe belangrik die nasorgdiens of voortgesette behandeling van die gevangene is. Nasorgdiens word deur 'n eksterne maatskaplike werker wat aan 'n staatsdepartement of private welsynsorganisasie verbonde is, gelewer. Om die gevangene se aanpassing te vergemaklik, moet hy by vrylating 'n werk en verblyfplek hê. Baie gevangenes wat geen verblyfplek het nie, vind in nasorghostels onder beheer van private welsynsorganisasies soos die "Nasionale Instituut insake Misdaadvoorkoming en die Rehabilitasie van Oortreders" (NIMRO) of die Christelike Maatskaplike Raad, losies.

Die maatskaplike werker wat vir nasorgdiens verantwoordelik is, help die gevangene met sy aanpassing by sy gesin, sy werk en die gemeenskap. Voor sy vrylating is hy gemotiveer om sy samewerking te gee en die voorwaardes van parool is deeglik met hom bespreek. Die toesighoudende maatskaplike werker doen aan die Gevangenisraad verslag oor die gevangene se aanpassing en vordering. Die mees kritieke tyd in die gevangene se pogings tot rehabilitasie, is die tydperk na sy ontslag, en sy rehabilitasie hang tot 'n groot mate af van die sukses van nasorgdiens en sy

samewerking met, en die hulp wat hy ontvang van die toesighoudende maatskaplike werker.

4. SAMEVATTING.

Die oortreder beland in die gevangenis nadat pogings wat in die gemeenskap aangewend is om hom te rehabiliteer, gefaal het. Die rehabilitasie van die oortreder word die taak van die Departement van Gevangenisse nadat hy (die oortreder) tot gevangenisstraf gevonnis is. Daar bestaan verskeie maatreëls om te voorkom dat hy in die gevangenis beland. Ten spyte hiervan is die gevangenisbevolking hoog. Aangesien vorige pogings tot rehabilitasie van die oortreder voor gevangenissetting misluk het en aangesien die gevangenis nie die mees geskikte plek is om die gevangene te probeer rehabiliteer nie, is dit 'n moeilike taak wat deur die Departement vervul moet word. Om hierdie rede moet behandelingsdienste intensief, doelgerig en goed beplan en gekoördineer wees.

Nasorgdiens, wat 'n baie belangrike faset van die totale behandelingsprogram is, se belangrikheid kan nie oorbeklemtoon word nie, veral as gelet word op die intensiewe behandelingsprogram wat gedurende gevangenissetting toegepas word. Voorkomende maatreëls, inrigtingsbehandeling en nasorgdiens is 'n aaneenlopende proses en as een van die fasette verwaarloos word, sal die totale behandelingsprogram moeilik slaag en doen dit afbreuk aan die werk wat tydens ander fasette gedoen word.

## HOOFSTUK IV

## DIE TAAK EN FUNKSIE VAN MAATSKAPLIKE WERK MET BESONDERE VERWYSING NA DIE REALISERING DAARVAN IN DIE DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE.

Soos reeds uit 'n vorige hoofstuk blyk, is gespesialiseerde behandelingsdienste ingestel omdat daar in bepaalde behoeftes van die gevangene voorsien moes word. Die Wet op Gevangenisse, 1959 stel dit as een van die Departement se doelstelling om die gevangene te rehabiliteer sodat hy as nuttige landsburger na die vrye gemeenskap kan terugkeer. Ten tye van die instelling van hierdie dienste was dit reeds lankal een van die doelstellings van gevangenissetting en het die Departement dit ook reeds by ooreenkoms as sy taak aanvaar om binne die gevangenis daardie dienste te lewer wat noodsaaklik is vir die proses tot rehabilitasie. Die feit dat die Afdeling Gespesialiseerde Behandeling eers teen die einde van 1970 begin funksioneer het, moet nie vertolk word as sou daar voor hierdie datum niks met betrekking tot die rehabilitasie van die gevangene gedoen gewees het nie. Die taak van die vier gespesialiseerde behandelingsdienste is wel deur o opgeleide lede van die Departement verrig en die Direkteur vir Geestelike en Maatskaplike Versorging is reeds in 1961 aangestel. Die geestelike versorging van die gevangene het reeds lank voor 1961 aandag gekry by wyse van predikante en lekewerkers wat vir die bearbeiding

van hulle lidmate en aanhangers in die gevangenis verantwoordelik was.

Ook op ander terreine was daar voor 1970 reeds baie gedoen om die gevangene vir sy herinskakeling in die gemeenskap voor te berei. Observasiesentra was toe reeds by verskillende gevangenisse formeel ingestel en gevangenes is ook reeds in verskeie ambagte opgelei. Die taak van die lid van die gevangenisdiens was nie maar net as die veilige bewaking van die gevangene beskou nie, maar baie klem is gelê op die rehabilitasietaak. Gevangenes het deeglike mediese behandeling ondergaan en die Gevangenisraad het reeds gefunksioneer. Al hierdie dienste was toegespits op individualisasie en die gevangene self het ook reeds 'n aandeel in die keuse van 'n werk of ambag en die beplanning van sy eie toekoms gehad.

Die vier spesialiseringsdienste is dan ook so saamgestel dat die gevangene as totaliteitswese benader kon word. Met die instelling van hierdie dienste het die taak van die reeds bestaande dienste met betrekking tot die behandeling van die gevangene nie verval nie, maar is dit aangevul deurdat reeds bestaande dienste nou op gespesialiseerde en professionele wyse uitgebou is en tot hulle reg gekom het.

Die gespesialiseerde behandelingsdienste tesame met daardie dienste wat voorheen reeds aangebied is, vorm tans belangrik komponente in die behandeling van die gevangene en elke diens wat gelewer word vorm 'n onderdeel waarsonder die ander nie op dieselfde doeltreffende wyse kan funk-

sioneer nie. Die klem val dus op die spanbenadering en elke diens wat gelwer word, moet as 'n onderdeel van 'n groot geheel gesien word waar die spanlede saamwerk om 'n gemeenskaplike einddoel te bereik.

Dit is binne hierdie verband dat die taak en funksie van maatskaplike werk binne die behandelingsopset van die Departement van Gevangenisse gesien moet word.

Om die doel en taak van maatskaplike werk binne die Departement van Gevangenisse te bespreek moet daar eers duidelikheid bestaan oor wat maatskaplike werk is.

## 1. WAT IS MAATSKAPLIKE WERK.

### (a) Omskrywing van die begrip Maatskaplike Werk.

Verskeie pogings is reeds aangewend om maatskaplike werk te definiëer deur middel van 'n kort kernagtige definisie daarvan op te stel. Met die totstandkoming van die "National Association of Social Workers" in die Verenigde State van Amerika in 1955 het die behoefte aan 'n werksdefinisie van die maatskaplikewerk-praktyk ontstaan. 'n Spesiale komitee is saamgestel om so 'n definisie te formuleer en 'n werksdefinisie vir maatskaplikewerk-praktyk ("Working Definition of Social Work Practice") is gedurende 1958 bekend gestel (Bartlett, 1958, p. 3-9.)

Genoemde werksdefinisie van die maatskaplikewerk-prak-

tyk verklaar ten aanvang dat die maatskaplikewerk-praktyk soos alle ander professies, gekenmerk word deur 'n konstelasie van waardes, doelstelling, sanksie, kennis en metodes. Dit gaan voort en bespreek elkeen van bogenoemde aspekte. Hierdie studie leen hom nie daarvoor om genoemde definisie volledig aan te haal nie, aangesien dit te lank is. Uit hierdie definisie moet egter kennis geneem word van die feit dat maatskaplike werk 'n professie is met dieselfde kenmerke as ander professies.

Aan die hand van verskeie definisies oor maatskaplike werk, sal vervolgens duidelikheid gekry word oor wat maatskaplike werk presies is:

'n Ou en bekende definisie is die van Hamilton (1951, p. 12) wat lui: "Reduced to a simple statement, this enormous area can be compassed within two major fields and two major objectives of social work namely, economic and physical well-being, or a "health-and-decency" standard of living, and opportunities for social growth through satisfying relationships and experiences."

'n Ander skrywer naamlik Friedlander, (1958, p. 7) sê die volgende in verband met die taak van maatskaplike werk: ".... social work seeks to assist individuals, groups and communities to reach the highest possible degree of social, mental and physical well-being.

" .... the goal of social work in our society

.... is to prevent or at least to alleviate the socially and psychologically damaging effects of crisis situations, and to remove barriers to the healthy development of individuals, groups and communities."

Een van die mees bekende definisies van maatskaplike werk is die van Werner Boehm, (1959, p. 54) : "Social work seeks to enhance the social functioning of individuals, singly and in groups by activities focussed upon their social relationship which constitute the interaction between man and his environment. These activities can be grouped into three functions: restoration of impaired capacities, provision of individual and social resources and prevention of social dysfunction."

Marie Kamphuis, (1970, p. 27) sien maatskaplike werk as "De uitdrukking maatschappelijk werk ware dan te reserveren voor dat werk dat zich op beroepsmatig deskundige wijse meer direct bezig houdt met de bevordering van de sociaal functioneren van enkeling, gezin groep of grotere sociale eenheid."

In dieselfde jaar definiëer Muller, (1965, p. 10) Maatskaplike werk as volg: "Maatskaplike werk is 'n professionele diens gebaseer op sekere onderliggende beginsels, wetenskaplike kennis en 'n bedrewenheid in menslike verhoudings waardeur individue alleen of in groepe bygestaan word om die hoogste moontlike graad van maatskaplike, geestelike en fisiese welsyn te bereik. Ten einde dit te bewerkstellig het die maatskaplike werk 'n tweeledige funksie

deurdat dit nie alleen met die individu, groep of gemeenskap gemoeid is nie, maar ook met die verbetering van maatskaplike toestande deur 'n bydrae te lewer ten opsigte van beter lewensstandaard, gesondheid, behuising, arbeidstoestande en maatskaplike omgewing. Hierdie taak word gewoonlik verrig binne die kader van 'n welsynsorganisasie of verwante liggaam en behels aktiwiteite van drieërly aard naamlik:

- herstel van belemmerde kapasiteit;
- voorsiening van individuele sowel as maatskaplike bronne/fasiliteite;
- voorkoming van maatskaplike wanfunksionering.

Volgens die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1971, p. 40.) is maatskaplikewerk 'n "Professionele handeling deur 'n maatskaplike werker wat ten doel het die verhoging van die maatskaplike funksionering van individue, hetsy as enkelinge of in groep, en gerig is op hulle maatskaplike verhoudinge, wat bestaan uit die wisselwerking tussen mense onderling en hulle omgewing."

Pincus en Minahan (1973 p. 3) definieër maatskaplike werk soos volg: "The focus of social work pratice is on the interaction between people and systems in the social environment. People are dependent on systems for help in obtaining the material, emotional, or spiritual resources and the services and opportunities they need to realize their aspirations and to help them cope with

their life tasks".

(b) Die doelstellings van maatskaplike werk.

Pincus en Minihan (1973, p. 9) sien die doelstellings van maatskaplike werk soos volg: "Social work is concerned with the interactions between people and their social environment which affect the ability to accomplish their life tasks, alleviate distress, and realize their aspirations and values. The purpose of social work therefore is to (1) enhance the problem-solving and coping capacities of people, (2) link people with systems that provide them with resources, services and opportunities, (3) promote the effective and humane operation of these systems, and (4) contribute to the development and improvement of social policy."

Werner Boehm (1959, p.54 ) sien die doelstellings van maatskaplike werk, waarop die aktiwiteite van maatskaplike werk ingestel is as ".... restoration of impaired capacity, provision of individual and social resources, and prevention of social dysfunction."

Volgens die "Working definition of Social Work Practice" (Bartlett, 1970, p. 3-9) is die doelstelling van maatskaplike werk:

"1) To assist individuals and groups to identify and resolve or minimize problems arising out of disequilibrium between themselves and their environment.

"2) To identify potential areas of disequilibrium between individuals or groups and the environment to prevent the occurence of disequilibrium.

"3) In addition to these curative and preventive aims, to seek out, identify, and strengthen the maximum potential in individuals, groups, and communities."

Bogemelde is die komponente ter bereiking van die hoofdoelstellings van maatskaplike werk naamlik die verhoging van die maatskaplike funksionering van die mens.

c) <u>Die waardes, beginsels of uitgangspunte van maatskaplike werk.</u>

Volgens de Klerk (1969, p. 5) is God die oorsprong en bestierder van alles. "Daarom kan die bestaande nie uit hulleself verklaar word nie of op hulle eie wortel groei nie." Hy sê verder: (1969, p. 5): "Wat die beroepslewe betref gee ons lewensbeskoufng die klem van beroep as roeping wat inhou dat rekenskap aan God daar verskuldig is; dat die beginsels van beheersing, bewerking en bewaking van die hele werklikheid volgens Goddelike ordening; .... dat die beroepslewe gebind is aan religieuse, etiese en juridiese prinsipia." De Klerk (1969, p. 5) verklaar verder: ".... die maatskaplike werker beplan gedragsverandering en verandering van lewensinstelling by sy kliënt. Hy streef dus na 'n toestand wat meer in ooreenstemming is met die normatiewe, ook in sedelike opsig. Dit vereis 'n beslisde geformuleerde eties - normatiewe sisteem by die maatskaplike werker."

Die waardes van maatskaplike werk vorm die basis waaroor die maatskaplike werker eers duidelikheid moet kry alvorens hy sy beroep op 'n verantwoordelike wyse kan beoefen. Dit is die uitgangspunte of filosofie van maatskaplike werk en bepaal die vertrekpunt vanwaar die beoefenaar daarvan sy taak verantwoord. Die mens is die primêre uitgangspunt waarom hierdie waardes gebou is. Ondersoeker onderskryf die Christelike mens-, lewens-, en wêreldbeskouing en daarom word daar by die volgende filosofiese konsepte of waardes, beginsels of uitgangspunte van maatskaplike werk soos deur Eloff, (1975, p. 78-87) geformuleer, volstaan:

- Elke mens is van hoogste belang.
- Elke mens moet aanvaar word soos hy is.
- Elke mens is daarop geregtig om binne perke van sy eie moontlikhede, gelyke geleenthede tot roepingsvervulling en taakvervulling te hê.
- Elke mens kan verander, ontwikkel en groei onder die stimulerende invloed van ander mense en deur lewenservaring.
- Die mens kan alleen werklik en blywend gehelp word as hy homself wil help.
- Elke mens het die reg en verantwoordelikheid tot eie beslissing.

(d) Die kennis van maatskaplike werk.

"The practice of social work is guided by special knowledge of social resources, social systems, human capacities

and the part conscious and unconscious motivation play in determining behaviour." (Council on Private Practice, 1974, p. 59.)

"…. The scientific base of social work consist of three types of knowledge: (a) tested knowledge, (b) hypothetical knowledge that requires transformation into tested knowledge, and (c) assumption knowledge (or "practice wisdom") that requires transformation into hypothetical and thence into tested knowledge….

"…. The knowledge needed for social work practice is determined by its goals and functions and the problems it seeks to solve.

"…. The internalization of professional knowledge and values is a vital characteristic of the professional social worker since he is himself the instrument of professional help." (Council on Private Practice, 1974, p.59

e) Die bedrewenhede van maatskaplike werk.

In die maatskaplikewerk-behandelingsproses word verskillende bedrewenhede aangewend om die doel te bereik. Pincus en Minahan (1973, p. 98) onderskei agt aspekte:

(i) Evaluering.

"The purpose of the worker's problem assessment is to help him understand and individualize the situation he is dealing with and to identify and analyze the relevent factors in a particular situation. Based on his understanding

he will make decisions on which aspects of the situation he will deal with, goals for the change effort, and means of achieving these goals." (Pincus and Minahan, 1973, p. 102).

(ii) Insameling van gegewens.

Inligting word gedurende die behandelingsproses vanaf en oor verskeie persone benodig. Daar bestaan drie metodes van feiteversameling naamlik ondervraging, waarneming en die aanwending van bestaande geskrewe inligting. Volgens Pincus en Minahan (1973, p. 117) sal die maatskaplike werker daardie metode van feiteversameling aanwend wat die beste aan die doel beantwoord.

(iii) Die maak van rapport met persone en instansies wat by die maatskaplikewerk-behandelingsproses betrokke is.

Pincus en Minahan (1973, p. 142) sê dat as 'n party behoefte aan maatskaplikewerk-hulpverlening het en hy daarom vra daar kontak met verskeie ander persone of instansies gemaak moet word om die kliënt te kan help. Dit is die wyse waarop bronne, dienste en geleenthede voorsien word.

(iv) Die aangaan van wedersydse ooreenkomste.

As die maatskaplike werker met 'n party kontak gemaak het, is dit sy doel om met ander partye kontak te maak sodat beweging en verandering bewerkstellig kan word. Sy eerste stap om sy doel te bereik is dan om met hulle 'n ooreenkoms aan te gaan.

"When social workers and other systems begin to work together, all parties bring to the encounter some initial expectations about how they and the others should or will act, and what should or will happen. As people begin to interact with one another, their initial expectations may be modified. Paterns or norms of behaviour become established. Understandings develop between the parties about the rules of the game and what they have decided to do (or not to do) together. These understandings result in formal or informal working agreements." (Pincus en Minahan, 1973, p. 162.)

(v) Die daarstelling van 'n sisteem vir hulpverlening.

Die sisteem vir hulpverlening bestaan uit die maatskaplike werker en die persone wat saamwerk om die doel te bereik. Hierdie sisteem van hulpverlening is die medium waardeur die maatskaplike werker die doelwitte wat hy wil verander, bereik. (Pincus en Minahan, 1973, p. 194.)

(vi) Instandhouding en koördinering van die sisteem van hulpverlening.

Pincus en Minahan (1973, p. 227) verklaar: "An action system becomes a social entity after it has been put together by a worker and members begin to interact. In analyzing problems that arise in the internal functioning of the system and threaten the achievement of its purposes, the worker views the action system both from a develop-

mental and a social system perspective." Die skrywers gaan verder en sê dat probleme ondervind mag word tussen lede van 'n sisteem of met die interne funksionering daarvan. Die maatskaplike werker moet dan tegnieke aanwend om die probleem op te los en die siteem te laat voortbestaan en om die werk van verskillende sisteme te koördineer.

(vii) Beinvloeding.

Beinvloeding speel 'n belangrike rol in die maatskaplike werker se strewe om verandering te bewerkstellig. "The social worker who understands the dynamics of influence processes will be able to harness and use them in conscious ways to facilitate the achievement of outcome and method goals." (Pincus en Minahan, 1973, p. 247.)

(viii) Terminering van hulpverlening.

Beëindiging van 'n proses van hulpverlening is iets wat doelgerig beplan word. Die wyse waarop 'n proses beëindig word kan die sukses van die hele proses beïnvloed. Volgens Pincus en Minahan word die grondslag vir die beëindiging dwarsdeur die proses gelê.

Maatskaplike werk in sy volle konsekwensies omvat veel meer as wat in voorafgaande omskryf word. Vir die doel van hierdie ondersoek gee dit egter 'n duidelike beeld van die taak van die maatskaplike werker met die gevangene in die gevangenis.

f) Tegnieke van maatskaplike werk.

"Incorporated in the use of social work may be one or more of the following techniques in different combinations: (1) support, (2) clarification, (3) information giving, (4) interpretation, (5) development of insight, (6) differentiation of the social worker from the individual or group, (7) identification with agency function, (8) creation and use of structure system , (9) use of activities and projects, (10) provision of positive experiences, (11) teaching, (12) stimulation of group interaction, (13) limit-setting, (14) utilization of available social resources , (15) effecting change in immediate environment forces operating on the individual or groups, and (16) synthesis. Aldus die "Working Definition of Social Work Practice" (Bartlett, 1970, p. 3-9.)

Volgens 'n resente definisie, soos in gebruik aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1976, is maatskaplike werk:

"'n Sisteem van maatskaplike dienslewering.
deur 'n maatskaplike werker
volgens professionele handelinge wat 'n bepaalde spesiale beroepsopleiding en vorming vereis, en gerig is op individue, gesinne, groepe en gemeenskappe.

met die doel om

- doeltreffende maatskaplike funksionering te bewerkstellig en te handhaaf en
- maatskaplike problematiese toestande en omstandighede asook maatskaplike wanfunksionering van die mens te voorkom en te herstel deur veral aandag te gee aan
- die rolfunksionering van die mens, tussenmenslike verhoudings en die verhouding tussen die mens en sy leefwêreld,
- die maatskaplike omgewing asook
- die breë opset van maatskaplike sorg en dienslewering."

2. MAATSKAPLIKE WERK IN DIE GEVANGNES.

a) Kompleksiteit van die taak van die maatskaplike werker in die gevangenis.

Die gevangenis toon 'n groot ooreenkoms met die vrye gemeenskap. Die gevangenes eet, werk en slaap egter in die gevangenis. 'n Gevangenis beskik oor 'n hospitaal, kerk skool, werkswinkels, ensovoorts. Binne die gevangenis moet daar in al die gevangene se behoeftes voorsien word. Met groot koste is dit wel moontlik om in sy basiese materiële behoeftes te voorsien, maar die mens beskik oor geestelike behoeftes waarin voorsien moet word. Tesame hiermee moet ook in gedagte gehou word dat die meeste gevangenes moeilik tevrede gestel kan word. (Nel, 1976:88) Hulle kon hulle nie in die vrye gemeenskap aanpas nie. Hierdie mense wat onder kunsmatige omstandighede verkeer, is ~~dan~~ die kliënt

van die maatskaplike werker in die gevangenis.

Groot getalle gevangenes word deur die howe tot gevangenisstraf gevonnis. Die Departement van Gevangenisse is genoodsaak om hulle op te neem en die vonnis ten uitvoer te bring. Die groot getal bemoeilik die rehabilitasiefunksie en die strewe van die Departement om gevangenes konstruktief besig te hou.

Binne die gevangenis het elke gevangene sekere take waarvoor hy verantwoordelik is, soos byvoorbeeld sy eie persoonlike versorging en netheid en 'n velerlei van ander take ten opsigte van instandhouding van geboue, meubels en toerusting, ensovoorts. Hy het egter geen verantwoordelikheid ten opsigte van die voorsiening in sy lewensmiddele nie. Hy verkeer onder omstandighede wat ver van die werklikheid is en waar die maatstawwe ontbreek waaraan sy vordering gemeet kan word. Dit gebeur dan ook dat 'n persoon binne die gevangenis as 'n modelgevangene beskou kan word, terwyl hy glad nie in die gemeenskap kan aanpas nie. Die geroetineerde leefwyse in die gevangenis waar hy gedurig onder toesig is en in opdrag handel, pas so 'n persoon uitstekend en hy vereenselwig hom tot so 'n mate met hierdie geordende bestaan dat hy heeltemal "ver-inrigting" (institutionalise) sonder strewe om onder ander omstandighede te verkeer. Die maatskaplike werker het ook ten opsigte van hierdie gevangene 'n taak en moet terselfdertyd voorkom dat ander gevangenes "ver-inrigting". (institutionalise)

Bogenoemde is slegs enkele van die probleme wat die rehabilitasie van die gevangene bemoeilik en waarmee die personeel te doen het. Hierdie negatiewe omstandighede veroorsaak dat die gevangenis as die laaste plek beskou word waar pogings tot rehabilitasie aangewend behoort te word. Die gevangene verkeer onder negatiewe invloede en word ook gedurig negatief beïnvloed. Hy is van die gemeenskap onttrek omdat pogings tot sy rehabilitasie nie geslaag het nie en na sy vrylating weier die gemeenskap ook meermale om te aanvaar dat hy verander het. Die maatskaplike werker het dus nou 'n taak ten opsigte van daardie persoon wat deur die gemeenskap afgeskryf is.

b) Die spanbenadering.

As die taak van die maatskaplike werker binne die gevangenis bespreek word, moet steeds in gedagte gehou word dat dit binne spanverband geskied en dat die beginsels van spanbenadering gedurig in gedagte gehou moet word. Behalwe dat die maatskaplike werker met ander spanlede saamwerk vir die bereiking van 'n gemeenskaplike einddoel, het hy binne die spanbenadering ook spesifieke take ten opsigte van lede of instellings wat deel van die span uitmaak. Slegs enkele verpligtinge word genoem.

(i) Die Gevangenisraad.

Aangesien die maatskaplike werker deeglik van die gevangene se agtergrond, vordering, gesindheid, ensovoorts, ken-

nis dra, het hy 'n belangrike taak ten opsigte van die Gevangenisraad. Hy voorsien die Raad gereeld van verslae, onder andere oor die aanpassing, gesindheid, vordering, maatskaplike verhoudings en funksionering van die gevangene. Die verslag speel 'n rol in die bepaling van gratifikasie, herklassifikasie en oorweging van oorplasing of paroolvrylating, indien van toepassing. Aangesien die maatskaplike werker ook op die hoogte is van omstandighede tuis deur sy skakeling met die eksterne maatskaplike werker, lewer hy 'n belangrike bydrae in die verband, en speel hy ook 'n rol in die bepaling van paroolvoorwaardes as die gevangene op parool vrygelaat word. Na paroolvrylating is die interne maatskaplike werker ook verantwoordelik vir die ontvangs van nasorg-vorderingsverslae en die interpretering daarvan aan die Raad.

(ii) Personeellede verantwoordelik vir die gevangenes se opleiding en bewaking.

Die gevangene is voortdurend onder toesig van hierdie lede wat 'n baie belangrike rol in die spanbenadering speel. Aangesien hierdie lede uit hulle daaglikse kontak hom baie goed ken, en 'n persoon se werklike gesindheid dikwels uit frustasies in die werksituasie na vore kom, is hierdie lede 'n belangrike bron van inligting en ook 'n handige medespanlid vir die maatskaplike werker. Om hierdie rede moet daar voortdurend oorleg gepleeg word en is samesprekings ter bereiking van 'n oplossing of wysiging of aanpassing van optrede of behandeling noodsaaklik.

(iii) Personeellede in beheer van selle/slaaplokale

Die gevangene is 'n groot gedeelte van 'n dag onder die toesig van een van hierdie lede. Hy beoefen ook merendeels sport en ontspanning onder hierdie lid se toesig en die lid is ook bewus van wat hy doen as hy saans alleen of saam met ander in 'n sel toegesluit word. Samesprekings en oorlegpleging met hierdie lede is van groot belang. Die waardevolle inligting waaroor hulle mag beskik, spreek vanself.

3. VERSKIL IN DIE HANTERING VAN KORT EN LANGTERMYNGEVANGENES.

Aangesien die korttermyngevangene nie die observasieproses deurloop nie, uit die aard van sy kort termyn in die gevangenis nie ambagsopleiding ondergaan nie, en nie aan die beheer van die Gevangenisraad onderworpe is nie, kom die behandelingsprosedure van dié gevangene nie in alle opsigte ooreen met dié van die langtermyngevangene nie. Behalwe vir bogenoemde word alle dienste eg aan hom net soos in die geval van die langtermyngevangene gelewer. Afhangende van die termyn van sy gevangenisstraf, word agtergrondsverslae deur die maatskaplike werker aangevra en rekonstruksiediens gelewer. In gevalle waar die vonnistermyn te kort is om in 'n behandelingsproses iets oor te dra, word gemeenskapsbronne aan hom bekend

gestel en hy na 'n eksterne maatskaplike werker verwys, indien nodig. Waar daar in die geval van 'n korttermyngevangene tot 'n betekenisvolle behandelingsproses oorgegaan kan word, verloop die proses van ondersoek, diagnose en behandeling baie vinniger as in die geval van langtermyngevangenes. Intensiewe aandag word aan korttermyngevangenes gegee aangesien hulle merendeels nie geharde misdadigers is nie. Op 30 Junie 1975 was daar 22, 12 korttermyn gevangenes aangehou. (Departement van Gevangenisse 1975 p. 7.)

## 4. DIE ETIOLOGIE VAN DIE MAATSKAPLIKEWERK-BEHANDELINGSPROSES.

### a) Die observasieproses.

Die taak van die maatskaplike werker gedurende die observasieproses kom in hoofsaak daarop neer dat 'n sinvolle evaluasie en prognose van die oorsake van die gevangene se verval in misdaad en van sy moontlikhede op samewerking en verandering tydens die behandelingsproses gemaak word. Dit word gedoen ten einde 'n geïndividualiseerde plan van behandeling vir die gevangene op te stel. Bykomende take gedurende die observasieproses is om die gevangene vir die observasieproses en vir sy gevangenisseting te oriënteer en om hom te motiveer vir samewerking en deelname om sy verblyf in die gevangenis tot sy eie voordeel aan te wend. Die maatskaplike werker in die observasiesentrum lui die maatskaplike werk-behandelings-

proses in, verkry alle moontlike agtergrondsinligting vir gebruik deur die maatskaplike werker self en deur ander spanlede. Daar word ook gereël vir rekonstruksiedienste by die gevangene se gesin deur die eksterne maatskaplike werker.

Een van die eerste take van die maatskaplike werker gedurende die observasieproses is om inligting oor sy omstandighede en agtergrond van homself te verkry en om 'n agtergrondsverslag of verslae van die eksterne maatskaplike werker en, indien van toepassing, vanaf 'n rehabilitasiesentrum, verbeteringskool, nywerheidskool of ander inrigting waar hy voorheen behandel was, aan te vra. Tydens die aanvra van die agtergrondsverslag word die eksterne maatskaplike werker terselfdertyd gevra om rekonstruksiediens by sy gesin te lewer. 'n Volledige verslag oor die gevangene se agtergrond, soos deur homself weergegee, word aan die eksterne maatskaplike werker voorsien en aspekte van belang wat intensiewe navrae en ondersoek vereis, word aangedui. Sou daar dringende probleme by die gesin wees wat aandag verg, word dit terselfdertyd vermeld.

Maatskaplike werkers by die observasiesentrum is ingestel op waarneming om sodoende die gevangene se ware gesindheid, gevoelens en toekomsgerigdheid vas te stel. Observasie gaan gepaard met gemengde gevoelens byvoorbeeld opstand, weerstand, agressie, angs, verdwaasdheid, ensovoorts, as gevolg van die feit dat dit die begin

van gevangenissetting is. Dit is dan ook nodig dat die maatskaplike werker hierdie gevoelens moet kan waarneem en die kliënt lei tot insig en aanvaarding. Groepwerk word ook op sinvolle wyse aangewend veral met die oog op motivering en oriëntering van die gevangene.

'n Belangrike taak van die maatskaplike werker tydens die observasieproses is die aandag wat aan sy verhoudingslewe gegee word. Dit is belangrik dat daar so spoedig moontlik na sy opname in die gevangenis by hom vasgestel word wat sy gesins-, familielede en vriende se adresse is en dat hy aangemoedig word om goeie verhoudings met hulle te handhaaf of aan te knoop. Die doel daarvan moet ook duidelik aan hom gestel word.

Na ontvangs van die agtergrondsverslag of -verslae stel die maatskaplike werker 'n verslag op waarin veral aandag aan die gevangene se agtergrond en die moontlike oorsake vir sy misdadigheid bespreek word. 'n Volledige plan van behandeling word opgestel.

Voorbereiding vir oorplasing van die gevangene vanaf die maatskaplike werker by die observasiesentrum na die maatskaplike werker by die gevangenis waarheen hy verwys word is belangrik. Hy moet van die begin af besef dat hy nie permanent aan die maatskaplike werker by die observasiesentrum toegewys is nie. Gevoelens wat teenoor hierdie maatskaplike werker beleef word, kan deur die gevangene op die volgende werker oorgedra word indien die voorberei-

ding vir oorskakeling nie reg hanteer word nie.

Die sukses van die observasieperiode hang tot 'n groot mate van die beskikbaarheid en volledigheid van die agtergrondsverslag en die mate waarin geslaag word om die gevangene te motiveer, af.

b) Voortsetting van behandeling na afloop van die observasieproses.

Maatskaplike werk in die gevangenis is 'n deurlopende proses vanaf die dag van die gevangene se opname tot en met sy onvoorwaardelike ontslag of die verstryking van sy parool. In die gevangenis waarheen hy verwys is, word hy aan 'n maatskaplike werker toegewys wat vir die duur van sy verblyf vir hom verantwoordelik sal wees vir sover dit maatskaplikewerk-behandeling aangaan. 'n Plan van behandeling is reeds ten opsigte van hom opgestel, alle inligting wat bekend is is op sy leêr beskikbaar en die behandelingsproses kan dus 'n aanvang neem.

Maatskaplikewerk-behandeling in die gevangenis geskied by wyse van die gevalle- en groepwerkmetode van maatskaplike werk. Die maatskaplike werker gee aanvanklik gevallewerk-aandag. 'n Gesonde werker kliënt verhouding is van die allergrootste belang. Die gevangene blameer gewoonlik almal behalwe homself vir die situasie waarin hy verkeer, en hy voel veronreg. Dit is die taak van die maatskaplike werker om hom te leer om verantwoordelikheid

vir dade waaraan hy skuldig was, te aanvaar. Hier het die tegniek van konfrontasie groot waarde. Deur middel van doelgerigte aanwending van die tegnieke van maatskaplike werk, word die gevangene geleer om vir sy dade verantwoordelikheid te aanvaar en dit wat hy doen of gedoen het, te verantwoord. Dit leer hom om homself te ontleed en te dink oor sy aandeel in die situasie waarin hy beland het. Die tegniek van konfrontasie moet egter oordeelkundig aangewend word en tydsberekening is 'n faktor wat in gedagte gehou moet word. Daar kan nie net gekonfronteer word nie, veral nie in die begin van die proses nie. Daar moet ook teen gewaak word dat die gevangene nie te ver gaan met rasionalisasie alvorens hy gekonfronteer word nie.

Omdat die gevangene baie wantrouing is, mag daar veral nooit beloftes aan hom gemaak word wat nie beslis nagekom kan word nie. Vertroue in die maatskaplike werker is nodig om sy samewerking in die maatskaplikewerk-behandelingsproses te verkry en te behou. Daar moet ook onthou word dat die meeste gevangenes verwerp voel en dat hulle nog nooit aanvaar is nie. Om hierdie rede sal hy die maatskaplike werker toets en dinge oor homself vertel wat moeilik aanvaarbaar is. By ander is die skuldgevoelens weer baie sterk.

Maatskaplikewerk-aandag aan die gevangene mag nie misdaadgerig wees nie, maar moet mensgerig wees. Daar word onthou dat die misdaad wat gepleeg is 'n simptoom van 'n

dieperliggende probleem is.

Veral na 'n tydperk in die gevangenis ondervind die gevangene 'n groot behoefte aan kontak na buite. Dit is die taak van maatskaplike werker om hom te help om daardie bande wat hyself verbreek het weer aan te bind. Weens sy behoeftes aan skakeling na buite raak hy geneig om omstandighede te ooridealiseer. Die doel van rehabilitasie van die gevangene is om hom te help en in staat te stel om na vrylating suksesvol in die gemeenskap aan te pas. Daarom moet hy, veral voor vrylating, geleer word om probleme wat hy buite die gevangenis mag ondervind self te hanteer. Die maatskaplike werker moet voortdurend daarteen waak om te veel vir die gevangene te wil doen. Daar moet doelbewus gewerk word om hom te help sodat hy homself kan help al verkeer hy onder geroetineerde omstandighede wat ver van die werklikheid buite is. Die maatskaplike werker het ook 'n taak ten opsigte van die "verinrigting" (institutionalisation) van 'n gevangene. Sommige is by opname "verinrigting" terwyl die moontlikheid bestaan dat gevangenes wat besig is met die uitdien van 'n vonnis ook kan "verinrigting." Kontak met gesins- en familielede word benut om hierdie moontlikheid teen te werk.

Die maatskaplike werker het ook 'n taak ten opsigte van die drank- en dwelmmiddelverslaafde gevangene. Saam met ander dissiplines word daar 'n spanpoging aangewend om hom daarvoor te behandel. Deur middel van die toe-

passing van die groep- en gevallewerkmetodes van maatskaplike werk, en die aanwending van tegnieke en beginsels, word behandeling toegepas. Gemeenskapsbronne vir aanwending ná sy ontslag word ook aan hom bekend gestel.

Baie gevangenes word in die gevangenis opgeneem met ernstige verhoudingsprobleme. Sy lewenslange wanverhoudings mag ook tot sy anti-sosiale gedrag aanleiding gegee het. Waar hy sy gesins- en familielede vir sy misdaad blameer, probeer hy ook doelbewus om verhoudings verder af te breek. Hy voel veronreg en die maatskaplike werker se taak is om hom te motiveer om die verhoudinge in stand te hou. As gevolg van die isolasie waarin hy verkeer en die aandag wat deur die maatskaplike werker aan hom gegee word, ondervind hy mettertyd weer behoefte aan kontak na buite. Om die gevangene ten volle op die hoogte te hou met sy gesinsomstandighede, is volledige vorderingsverslae oor die gesin van baie groot waarde. Sulke verslae help om te voorkom dat hy sy gesinslede van ontrouheid verdink. Die gevangene beskuldig sy eggenote dikwels sonder rede van buite-egtelike verhoudings.

NARO

c) Rekonstruksiediens by die gevangene se gesin.

Soos reeds uit voorafgaande afgelei kan word, is rekonstruksiediens by die gevangene se gesin van die grootste belang. Dit is nodig dat die behandelingsprogram van die maatskaplike werker binne die gevangenis met dié van die werker buite gekoördineer word. Die gereelde

uitruiling van vorderingsverslae is dus noodsaaklik. Dit gebeur meermale dat die gevangene kontak met sy gesin en familie verbreek het en selfs ontken dat hy familie het. Dit is die taak van die maatskaplike werker om hierdie familie, met die hulp van 'n eksterne maatskaplik werker wat rekonstruksiediens lewer, op te spoor en kontak te bewerkstellig, hetsy deur middel van korrespondensie of besoeke. Maatskaplike werkers is ook naweke tydens besoektye aan diens waartydens waardevolle waarneming oor byvoorbeeld verhoudings gemaak word en aandag aan gesinsverhoudings en probleme gegee word.

Die taak van die maatskaplike werker wat rekonstruksiediens lewer, is om die gesin en gemeenskap voor te berei om die gevangene weer in hulle midde terug te ontvang. Aanpassing van die gevangene (meermale 'n gesinshoof) is 'n aspek wat aandag verg. Sy gesin was gewoond om oor 'n lang periode sonder hom klaar te kom. Die funksies wat gewoonlik by hom berus het, is deur ander gesinslede oorgeneem. Om suksesvol te funksioneer moet hy weer hierdie funksies geleidelik oorneem. Dit mag probleme skep as die gevangene en sy gesinslede nie hierop voorberei is nie.

d) Voorbereiding vir vrylating.

Voorbereiding op vrylating is die taak van sowel die interne as eksterne maatskaplike werker. Die gevangene moet besef dat hy aanpassingsprobleme sal ondervind en

sy gesinslede moet bereid wees om hom te help om sy aanpassing te vergemaklik. As 'n gevangene vir 'n paar jaar in die gevangenis was, is sy kinders nie meer die kleuters, wat hulle was toe hy uit die huis weg is nie en hy is 'n vreemdeling wat nou weer 'n gesinslid moet word en as hoof van die gesin erken moet word.

Met die feit in gedagte dat die gevangene vir 'n lang tyd nie in 'n normale gemeenskap verkeer het nie en dat daar baie aandag aan sy rehabilitasie gegee is, kan 'n idee gevorm word hoe belangrik nasorgdiens is. Om sy aanpassing te vergemaklik moet elke gevangene by vrylating werk en verblyf hê. Baie gevangenes wat geen verblyf het nie vind losies in nasorghostels onder beheer van private welsynsorganisasie soos die "Nasionale Instituut insake Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders" en die "Christelike Maatskaplike Raad". Dit is die taak van die eksterne maatskaplike werker, wat die nodige kontak het, om die gevangene met werk en verblyfplek behulpsaam te wees. Dié werker word dan ook 'n tyd voor vrylating toegelaat om die gevangenis te besoek en kontak met hom te maak. Die eksterne maatskaplike werker kan ook aanbevelings ten opsigte van paroolvoorwaardes maak. Omdat omstandighede waaronder die gevangene na vrylating sal verkeer aan hierdie maatskaplike werker bekend is, is hy in 'n posisie om 'n bydrae te maak vir sover dit paroolvoorwaardes aangaan.

e) Nasorg as voortgesette behandeling.

Nasorg aan die gevangene word deur die interne maatskaplike werker gekontroleer aangesien daar gereeld aan die gevangenisraad, onder wie se beheer die "paroolpligtige" verkeer, verslag gedoen moet word. As die gevangene hom nie aan die paroolvoorwaardes onderwerp nie, kan die eksterne maatskaplike werker aanbeveel dat die intrekking van sy parool oorweeg word. So 'n aanbeveling moet natuurlik gemotiveer wees en op feite berus.

5. SAMEVATTING.

Daar bestaan nou, vir die doeleindes van hierdie ondersoek en vir die beoefenaar van maatskaplike werk in die Departement van Gevangenisse, voldoende kennis van die begrip maatskaplike werk en van die doelstellings en funksies van maatskaplike werk as professie, sodat hy sekerheid het van die terrein waarbinne hy beweeg. Die spesifieke taak van die maatskaplike werker binne die gevangenis is ook duidelik beskryf. Uit laasgenoemde blyk dat die maatskaplike werker 'n belangrike taak in die gevangenis het, en dat hy 'n groot behoefte by die gevangene voorsien. Die maatskaplike werker lewer 'n deurlopende diens en is, soos uit die voorafgaande blyk, met die gevangene gemoeid vandat hy in die gevangenis opgeneem word tot met sy onvoorwaardelike ontslag of vrylating op parool. Tydens sy paroottydperk hou die interne maatskaplike werker kontrole oor sy vordering deur vorderings-

verslae wat deur die toesighoudende eksterne maatskaplike werker voorsien word. Dit is dus duidelik dat die maatskaplike werker 'n baie belangrike rol in die rehabilitasieproses speel.

Soos reeds voorheen vermeld word daar 'n volledige maatskaplikewerk-diens ten opsigte van die Blanke gevangene gelewer. Daar bestaan by die ander bevolkingsgroepe net so 'n groot behoefte aan maatskaplikewerk-aandag. Opgeleide Kleurling- en Bantoe maatskaplike werkers is egter bitter skaars. Persoonlike navrae wat op 10 September 1976 by die Nasionale Weslynsraad gedoen is, het aan die lig gebring dat teenoor die 3383 geregistreerde Blanke maatskaplike werkers daar slegs 356 Bantoes en 253 Kleurlinge geregistreer is.

Daarom het die Departement van Gevangenisse besluit om hulpwerkers vir die maatskaplike werker op te lei.

In die volgende hoofstuk gaan aandag aan die hulpwerker vir die maatskaplike werker gegee word. Die begrip "hulpwerker" gaan ontleed word en daar gaan ook aandag aan die taak en funksies van die hulpwerker in die Departement van Gevangenisse gegee word. Dit is noodsaaklik dat daar eers aan bogenoemde aandag gegee word alvorens daar oorgegaan word tot besinning oor die opleiding van die hulpwerker vir die maatskaplike werker.

# HOOFSTUK V

## DIE HULPWERKER VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER EN SY TAAK EN FUNKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE GEVANGENE.

Die hulpwerkergedagte in die Departement van Gevangenisse het ontstaan uit 'n werklike behoefte wat daar bestaan het aan 'n georganiseerder maatskaplikewerk-diens. Die feit dat opgeleide Kleurling- en Bantoe maatskaplike werkers se dienste nie bekombaar was nie, en die relatief groot getalle wat deur die Departement benodig word, het gelei tot die opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker. Die feit dat hulpwerkers opgelei en benut word beteken nie dat hulle die taak van die maatskaplike werker oorneem nie, maar dat hulle in opdrag en onder toesig van maatskaplike werkers werk.

Waar hulpwerkers vir die maatskaplike werker by gevangenisse aangestel word, is dit nie om opgeleide maatskaplike werkers te vervang nie, maar wel om opgeleide maatskaplike werkers by te staan omdat daar te min van laasgenoemde is om die mas op te kom weens die groot getalle gevangenes. Die maatskaplike werker is verantwoordelik vir daardie take wat 'n hoë mate van professionaliteit vereis en sal ook die nodige toesig uitoefen en bystand verleen aan die hulpwerker vir die maatskaplike werker in gevalle wat deur laasgenoemde hanteer word en waar van maatskaplikewerk-metodiek gebruik gemaak word. Dit kom daarop

neer dat die hulpwerker 'n deel van die maatskaplike werker se take op hom neem. Die hulpwerker word toegelaat om binne perke selfstandig op te tree. Die hulpwerker het egter 'n bepaalde verantwoordelikheid teenoor die maatskaplike werker ten opsigte van die kliënt en omgekeerd. Die maatskaplike werker oefen beheer oor die hulpwerker uit deur middel van gereelde voorskrifte oor die plan van optrede wat gevolg moet word en stel die hulpwerker deur middel van supervisie in staat om die plan van optrede ten uitvoer te bring. Sommige van die probleme wat deur die hulpwerker hanteer word is van so 'n aard dat dit nie noodwendig die direkte aandag van 'n maatskaplike werker vereis nie. Voorbeelde van hierdie probleme is dat die gevangene in kontak met sy gesin of familie gebring moet word, dat reëlings met 'n gewese of toekomstige werkgewer getref moet word of dat interne aanpassingsprobleme van 'n minder ernstige aard, soos byvoorbeeld kommunikasie, hanteer moet word. Hierdie probleme plaas 'n ernstige struikelblok op die weg van die gevangene en die oplossing daarvan het gewoonlik beter algemene funksionering deur die gevangene tot gevolg.

Die hulpwerker vir die maatskaplike werker het ook 'n belangrike keuringsfunksie deurdat eerste onderhoude met gevangenes gevoer word en hy en die maatskaplike werker op grond van die inligting wat hy bekom het besluit watter take by die maatskaplike werker en watter by die hulpwerker tuishoort.

Die hulpwerker het 'n basiese opleiding in maatskaplike werk ondergaan. Hy verrig onder toesig en leiding van die maatskaplike werker sekere take soos ondersoek, verslaggewing en verlening van hulp in verband met konkrete probleme. Diagnosering en behandeling volgens maatskaplike werk-metodiek word onder beheer en supervisie en volgens voorskrif van 'n maatskaplike werker gedoen.

In die lig van bovermelde is dit in hierdie stadium nodig dat daar duidelikheid oor die begrip hulpwerker verkry word. Daar gaan ook gelet word op die take wat die hulpwerker kan verrig, soos vervat in beskikbare literatuur, asook na die omvang en behoefte aan hulpwerkers in die Departement van Gevangenisse. Daar sal verder aandag gegee word aan die pligte van die hulpwerker en hoe hy daardie pligte vervul.

1. DIE BEGRIP "HULPWERKER":

"In almost every part of the world there is a shortage of persons with full professional qualifications so that it has been found necessary to identify the less skilled portions of their work and to use auxiliaries to them to carry out certain functions .... there is a noticeable trend for auxiliary or semiprofessional occupations in their own right to develop as scientific knowledge is applied." (United Nations, 1958, p. 121.)

Uit bogenoemde blyk dat die hulpwerker ("auxiliary worker") 'n sekere taak van die maatskaplike werker op hom neem en dat hy daardeur die taak van die maatskaplike werker verlig sodat daar 'n beter diens aan die kliënt gelewer kan word.

In die maatskaplikewerk- en ook ander literatuur word die begrip "auxiliary" die mees algemene aangetref om 'n persoon te beskryf wat 'n deel van die take van 'n professioneel opgeleide persoon op hom neem. Ander begrippe om dieselfde persoon te beskryf is "social work assistants" en "social work aids". Die begrip "non-professionals" word ook aangewend maar dit sluit alle persone in, ook die "auxiliary worker", wat saam met professioneel opgeleide persone 'n taak verrig.

Die Departement van Gevangenisse, wat die enigste instansie in Suid-Afrika is wat 'n opleiding vir "auxiliary workers" vir die maatskaplike werker aanbied, en wat ook die enigste instansie is wat op uitgebreide skaal van hulle diens gebruik maak, het die term "Auxiliary Worker for the Social Worker" amptelike aanvaar. Die Verenigde Volke Organisasie (United Nations, 1958, p. 121) gebruik ook hierdie begrip en daarom sal daarby volstaan word.

Die Departement van Gevangenisse het die begrip met "Hulpwerker vir die Maatskaplike Werker" in Afrikaans vertaal.

Alvorens die begrip "Hulpwerker vir die Maatskaplike Werker" verder ontleed word, is dit belangrik dat daar eers betekenis daaraan verleen word deur te let op die taak en funksies van die hulpwerker vir die maatskaplike werker.

a) Die taak van die hulpwerker vir die maatskaplike werker.

"Maximum utilization of manpower requires that work be accomplished efficiently and with the required quality by personnel with the least amount of knowledge and skill that will make this possible .... Agency experience so far have proved highly successful, commonly being undertaken with great caution but finding that well selected assistants can do far more than had been expected." (Family Service Association, 1969, p. 4.)

Alhoewel take wat minder bedrewenheid vereis aan die hulpwerker opgedra word beteken dit nie dat hy minder belangrike werk verrig nie. In hierdie opsig noem die United Nations (1958, p. 125) "The auxiliary worker is not the poor relation of the social worker, .... In social work there are functions of varied degrees of complexity and calling for differentiated degrees of skill. The functions that call for specialized professional knowledge and skills on the part of the worker may be referred to as professional functions. There are other functions which, though falling within the

area of social work, may not call for the exercise of specialized skills and which can be performed by persons with lesser equipment under the supervision of a professional.

Die "Family Service Association" (1969, p. 4-6) het bevind dat organisasies hulpwerkers vir die volgende take aanwend:

(i) Verantwoordelikhede met betrekking tot kliënte ("Client Related Responsibilities")

- Hantering van 'n geval in sy geheel deur die hulpwerker. Dit geskied onder toesig van 'n opgeleide maatskaplike werker. Die kliënte het behoefte aan onderskraging, en omgewingswysigings is 'n tegniek wat aangewend moet word. Langdurige aandag word vereis en dit kan net so goed deur 'n hulpwerker as 'n opgeleide maatskaplike werker verrig word.

- Gevalle waaroor die hulpwerker en maatskaplike werker mede-verantwoordelikheid aanvaar. Die maatskaplike werker neem leiding in die bepaling van doelwitte en behandeling. Die hulpwerker moet self 'n verhouding met die kliënt opbou en dit aanwend in ooreenstemming met die doelstellings wat gestel is.

- Die maatskaplike werker is verantwoordelik vir die kliënt maar die hulpwerker word aangewend om sekere inligting te bekom en aan die maatskaplike werker oor te dra en om ander take te verrig soos toesighouding (care-taking), begeleiding en voorsiening in materiële behoeftes.

(ii) Organisatories-administratiewe verantwoordelikhede. ("Agency-Related Responsibilities.")

Take wat hieronder geklassifiseer word behels take in verband met die instansie se organisasie of in verband met die professionele diens in sy geheel. By sommige organisasies het 'n hulpwerker soms 'n voltydse taak in verband met keuring van aansoeke om hulp, opstel van afsluitingsverslae, ondersoek en verslagskrywing oor voornemende pleegouers, opstel en interpretering van statistiek, ensovoorts.

Behalwe vir bogemelde take wat deur hulpwerkers verrig word, word hulle ook vir die volgende aangewend:

- Om aanvangsonderhoude te voer in gevalle waar kliënte na die kantoor vir hulp kom of waar die inisiatief by die organisasie begin, soos in groepwerk.

- Om na die aanvanklike ondersoek en diagnose gevalle na maatskaplike werkers te verwys vir die nodige aandag.

- Om 'n direkte diens te lewer wat professionele bedrewenheid binne die maatskaplike gevalle- of groepwerkmetodes vereis.

- Om indiensopleiding te verrig deur nuut-opgeleide hulpwerkers in die organisasie bekend te stel en verantwoordelikheid te aanvaar vir verdere onderrig en inskakeling

- Om as konsultant vir maatskaplike werkers en lede vir verwante professies op te tree. (United Nations, 1958, p. 124-125.)

Uit bogemelde take wat aan hulpwerkers toegewys word blyk dat hulle 'n baie belangrike funksie in 'n organisasie kan verrig en dat hulle 'n gedeelte van die roetinewerk kan verrig wat normaalweg deur opgeleide maatskaplike werkers verrig word. Dit stel dan die maatskaplike werker in staat om 'n beter gespesialiseerde diens aan kliënte te lewer waarvoor hy, uit die aard van die professionele aandag wat vereis word, verantwoordelikheid aanvaar. Dit stel hom ook in staat om meer aandag aan personeelbenutting en opleiding en reorganisasie van dienste te gee. Daar word dan ook algemeen getuig van die verbetering en verryking van diens wat die gebruik van die hulpwerker vir die maatskaplike werker tot gevolg het. "The use of social work assistants is recommended to enhance and enrich the programs of family service agencies, which at present are carried out in the main by professional social workers. A review of experience .... testify to the inrichment and enlargement of an agency's service that comes through the use of social work assistants." (Family Service Association, 1969, p. 3.)

Die hulpwerker stel die maatskaplike werker instaat om as gevolg van meer tyd wat hy tot sy beskikking het daardie take te verrig wat 'n hoër standaard van spesialisering vereis. Hy sal ook verantwoordelik wees vir supervisie

en leiding ten opsigte van die hulpwerker. Dit behels onderskraging van die hulpwerkers en hulp in verband met die aanwending en toepassing van sy kennis. Hulpwerkers moet ook voortdurend aangemoedig word om hulle kennis in verband met die take wat hulle verrig, te verbreed en die maatskaplike werker moet 'n program met die oog daarop inisiëer.

By organisasies wat 'n redelike getal hulpwerkers in diens het, is 'n enkele persoon wat vir die koördinering, opleiding en ontwikkeling van hulpwerkers verantwoordelik is, noodsaaklik. So 'n koördineerder is vir die hulpwerkers as groep verantwoordelik en ook vir begrip en aanwending van die diens van die hulpwerker deur ander werknemers van die organisasie. Waar die spanbenadering in die behandelingsproses aangewend word sal die koördineerder ook verantwoordelik wees vir die aanwending van die hulpwerkers deur ander spanlede en vir hulle inskakeling en optrede binne hierdie benadering. Hy sal verder ook belas wees met die vordering van die hulpwerkers tot selfverwesenliking deur hulle byvoorbeeld tot verdere studie te motiveer.

b) Kwalifisering van hulpwerkers tot professionele maatskaplike werkers.

"Whatever level of education social work assistants may have attained at the point of employment, as they gain experience and competence in well-defined positions their

continued satisfaction and usefulness wil require opportunities for them to qualify progressively for additional training and education leading to jobs at higher classifications in the same or another agency. (Family Service Association, 1969, p. 8.)

Daar moet vir hulpwerkers die geleentheid bestaan om hulleself te kwalifiseer om sodoende tot 'n hoër vlak van benutting te vorder. As gevolg van hulle ervaring, en in baie gevalle jarelange diens as hulpwerkers, behoort hulle baie waarde uit verdere formeel-akademiese en professionele opleiding te kry en kan hulle die ernstige tekort aan opgeleide maatskaplike werkers verder verlig deur as maatskaplike werkers te kwalifiseer.

By baie organisasies bestaan daar verskillende grade van hulpwerkers. Hulpwerkers word gegradeer ooreenkomstig hulle kwalifikasies en die take wat hulle verrig. Die vlak van bedrewenheid wat vereis word vir die uitvoering van die taak vorm dan die basis vir die klassifisering. (Family Service Association, 1969, p. 7) Bevordering van hulpwerkers behels dan nie alleen bevordering tot professionele status as gevolg van die verwerwing van die nodige professionele kwalifikasies nie, maar ook bevordering tot 'n hoër graad van hulpwerker wat gebasseer is op verwerwing van groter bedrewenheid en die toekenning van werk wat groter bedrewenheid vereis.

By die ontleding van take wat deur hulpwerkers behartig kan word, blyk duidelik dat die hulpwerkers nie net benodig word om daardie take te verrig omdat daar nie vol-

hulle diens as 'n integrale en blywende diens binne die maatskaplikewerk-diens beskou moet word. Daar sal altyd take bestaan wat nie die diens van 'n opgeleide maatskaplike werker vereis nie. Om hierdie rede is geleenthede vir hulpwerkers om hulle deur middel van studie vir hulle taak te bekwaam en binne die raamwerk van die hulpwerkertaak bevorder te word, noodsaaklik. Daarom moet kursusse daargestel word wat hulpwerkers in staat sal stel om binne die raamwerk as hulpwerker hom hoër te kwalifiseer en om in ooreenstemming met sy kwalifikasie en bedrewenheid in die uitvoering van sy werk bevordering te kry en dienooreenkomstig ook beter besoldiging.

c) Definiëring van die begrip hulpwerker.

Aangesien daar nou groter duidelikheid oor die taak, funksie, aanwending en toekoms van hulpwerkers bestaan, sal dit makliker wees om die begrip "hulpwerker vir die maatskaplike werker" te definiëer.

Die begrippe vrywillige werker en hulpwerker kan verwarring veroorsaak. Om hierdie rede is dit nodig dat 'n duidelike onderskeid tussen die twee gemaak word. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (p. 68) omskryf die vrywillige werker as 'n "Persoon wat sonder geldelike vergoeding welsynsdienste verrig of daarmee behulpsaam is". Die volgende is vir die doel van onderskeid van 'n hulpwerker 'n beter omskrywing daarvan naamlik: "The voluntary worker may have had full or partial training or no training. His major characteristic is that he works without remuneration." (United Nations, 1958, p. 21.)

Die vrywillige werker kan aan 'n spesifieke welsynsorganisasie of instansie verbonde wees, maar kan ook onverbonde wees. As organisasies van die diens van vrywillige werkers gebruik maak, kan daar een of ander vorm van indiensopleiding wees, afhangende van die taak waarvoor die vrywillige werker aangewend word.

Die hulpwerker aan die ander kant word opgelei om 'n spesifieke taak te verrig. Die instansies wat van die diens van hulpwerkers gebruik maak, is reeds voor sy opleiding bewus van die spesifieke take en by die keuring van kandidate word op sekere vermoëns gelet wat die persoon bevoeg behoort te maak om so 'n taak te verrig. Die opleiding van die hulpwerker is dan ook daarop ingestel om hom vir daardie taak te bekwaam. Die hulpwerker ondergaan tydens sy benutting indiensopleiding en is 'n betaalde werknemer wat deel van 'n organisasie se program behartig en uit die aard van sy verbondenheid aan die organisasie hom aan die organisasie se beleid en doelstellings onderwerp. Die Verenigde Volke Organisasie (1958, p. 121-122) het die begrip "hulpwerker" soos volg gedefiniëer:

"A paid worker in a particular technical field with less than full professional qualifications in that field who assists and is supervised by a professional worker." Hy is dus 'n "tegnikus" wat 'n bepaalde tegniek of tegnieke binne die raamwerk van maatskaplike werk en/of 'n bepaalde beperkte onderdeel van die maatskaplikewerk-proses in opdrag en/of onder toesig van 'n maatskaplike werker behartig.

## 2. DIE TAAK EN FUNKSIES VAN DIE HULPWERKER VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN DIE DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE.

As na die taak en funksies van die hulpwerker vir die maatskaplike werker in die Departement van Gevangenisse gekyk word, moet steeds in gedagte gehou word dat die hulpwerker dit binne spanverband doen en dat alle lede wat met die gevangene te doen kry, medeverantwoordelikheid aanvaar.

Ten spyte van die aanwending van die hulpwerker, bestaan daar nog 'n behoefte aan opgeleide Kleurling- en Bantoe maatskaplike werkers. Hierdie opgeleide maatskaplike werkers sal onder andere aangewend word om meer intensiewe beheer en supervisie oor die hulpwerkers uit te oefen. Alvorens hulle egter tot daardie vlak van funksionering styg waar hulle algehele leiding ten opsigte van hulpwerkers kan oorneem, moet hulleself eers ervaring van die praktyk van maatskaplike werk binne die gevangenis opdoen.

Hulpwerkers vir die maatskaplike werker, wat in sommige gevalle reeds gedurende 1972 opgelei is, het as gevolg van praktykopleiding die ervaring wat hulle binne die praktyk opgedoen het en formele studie ter verwerwing van die B.A.(S.W.) graad aan die Universiteit van Suid-Afrika 'n bevredigende vlak van bedrewenheid bereik.
As gevolg van hierdie ervaring wat hulle opdoen terwyl hulle besig is om opvoedkundige kwalifikasies te verwerf, sal hulle by die bereiking van professionele status reeds redelik ervare wees en in staat wees om 'n bydrae te lewer

met betrekking tot die opleiding en praktykopleiding van hulpwerkers.

Soos reeds vermeld het ervaring geleer dat die Kleurling en Bantoe maatskaplike werker in staat is om 'n beter diens aan lede van hulle eie rassegroep te lewer as wat die Blanke maatskaplike werker in staat is om te doen. Hierdie Departement het uit die aanwending van die hulpwerker en die resultate wat hy met gevangenes behaal, tot die gevolgtrekking gekom dat selfs die Kleurling en Bantoe hulpwerker 'n beter diens aan hulle eie mense kan lewer as wat die Blanke maatskaplike werker in staat is om ten opsigte van dieselfde mense te doen. Daar is genoem dat die maatskaplike probleme van die Bantoe gevangene dikwels nie van so 'n ingewikkelde aard is dat dit die aandag van 'n opgeleide maatskaplike werker vereis nie. Dit vereis beslis nie die aandag van so 'n opgeleide Blanke maatskaplike werker nie, aangesien die kulturele en ander verskille dit nie toelaat dat daar 'n professionele maatskaplike werker-kliënt verhouding met wedersydse begrip, veral van die kant van die Blanke maatskaplike werker vir sy Bantoe-kliënt met sy gewoontes, gelowe, gebruike en maniere, kan wees nie. Dieselfde geld ook in 'n mindere mate wat die Kleurlinggevangene betref.

Aangesien daar 'n behoefte aan 'n maatskaplikewerk-diens vir die Kleurling- en Bantoegevangene bestaan het, het die Departement van Gevangenisse die keuse gehad om die

behoefte te ignoreer of om hulpwerkers vir daardie taak op te lei. Die groot getal gevangenes het die voorsiening van 'n maatskaplikewerk-diens 'n omvangryke taak gemaak. Aangesien maatskaplike werk as 'n georganiseerde gespesialiseerde behandelingsdiens eers sy beslag met die diensaanvaarding van die Direkteur vir Maatskaplike Werk in 1970 gekry het, staan maatskaplike werk in die Departement van Gevangenisse nog in sy kinderskoene. Daar word desnieteenstaande al 'n volledige diens aan Blanke- en Indiërgevangenes gelewer en word daar onverpoos gewerk om die diens aan die Kleurling- en Bantoegevangene op dieselfde vlak te bring.

Die Departement van Gevangenisse beskik tans oor die diens van tagtig opgeleide hulpwerkers vir die maatskaplike werker waarvan 34 Kleurlinge en 46 Bantoes is. Hierbenewens is daar ook twee Kleurlinge en ses Bantoes as maatskaplike werkers in diens. Twee van die opgeleide Bantoe maatskaplike werkers tree reeds as supervisors oor hulpwerkers op waar hulle by dieselfde gevangenis in diens is. Hierdie twee Bantoes is elk vir supervisie ten opsigte van vier hulpwerkers verantwoordelik.

Hulpwerkers vir die maatskaplike werker is reeds by sewe-en-dertig gevangenisse, wat oor die hele land versprei is, in diens. Bykans alle gevangenisse waar die getalle

sodanig is dat 'n maatskaplike werker of hulpwerker benut kan word, is reeds beman. Slegs enkele gevangenisse, waar hulpwerkers of maatskaplike werkers wel benut kan word, beskik nog nie oor hierdie diens nie. Toekomstige uitbreiding sal by laasgenoemde gevangenisse wees en die diens sal by gevangenisse waar hulpwerkers reeds beskikbaar is, uitgebrei word.

a) Motivering en oriëntering van die gevangene.

Die hulpwerker vir die maatskaplike werker word van die name van alle gevangenes wat nuut in 'n inrigting opgeneem word, voorsien. Sy eerste taak is dan om die gevangenes individueel of binne groepsverband te betrek met die oog op bekendstelling aan maatskaplikewerk-dienste. Die hulpwerker stel homself en die diens wat hy aan gevangenes lewer bekend en verduidelik terselfdertyd aan hulle die prosedure wat gevolg moet word indien hulle sy hulp nodig het. Die verduideliking wat hy aan hulle verskaf in verband met die aard van die hulp wat hy aan hulle verleen moet duidelik en breedvoerig wees. Hy lig die aard van die take wat hy verrig met voorbeelde toe. Gevangenes is geneig om enige probleme wat hulle ondervind met die hulpwerker te bespreek en indien dit dan nie 'n aspek is wat by hom tuishoort nie, verwys hy dit na die betrokke afdeling wat daarvoor verantwoordelik is.

Dit is ook die taak van die hulpwerker om gevangenes te oriënteer met betrekking tot gevangenissetting en hulle te motiveer om dit nuttig en tot hulle eie voordeel

aan te wend. In hierdie verband word hulle aangemoedig om die maksimum waarde uit die verskillende dienste wat tot hulle beskikking gestel word te put deur samewerking te bied in verband met hulle opleiding en behandeling. Die aard, doel en waarde van die verskillende dienste wat gevangenes tot hulle eie voordeel kan aanwend, word aan hulle verduidelik.

Tydens hierdie eerste kontak van die hulpwerker met gevangenes is dit een van sy belangrikste take om hulle voorlopig te motiveer om kontak met hulle gesins- en familielede te bewerkstellig en te handhaaf deur gebruik te maak van vergunnings om briewe te skryf en te ontvang en ook besoeke te ontvang. Hulpwerkers verduidelik aan gevangenes die waarde van gesonde verhoudings en ook wat dit vir hulle tydens vrylating kan beteken. Gedurende die verloop van hulle gevangenissetting sal meer intensiewe aandag aan die gevangene se verhoudings met sy medemens gegee word.

Weens die groot getalle van veral korttermyngevangenes is dit 'n onbegonne taak om almal vir die doel van oriëntering en motivering individueel te sien en daarom word hulle in groepe betrek. Aangesien dit noodsaaklik is dat hierdie inligting so gou moontlik na opname aan gevangenes oorgedra word, is gevind dat oop groepe waarby nuwe opnames tydens elke byeenkoms ingesluit kan word, van groot waarde is. Hoewel dit nie dieselfde geleentheid vir interaksie binne die groep bied as geslote groepe nie, en gevangenes ook nie reeds oor die vrymoedigheid

beskik sodat besprekings uitgelok kan word nie, bestaan daar tog beter kontak tussen die groepleier en groep as tydens 'n lesing. Die inhoud van dit wat die hulpwerker moet oordra is ook te veel om tydens een byeenkoms af te handel en daarom woon elke gevangene drie byeenkomste by alvorens hy die groep verlaat. Hierdie aanvanklike aandag word so spoedig moontlik deur individuele aandag of deur betrekking van die gevangene by groepwerk, opgevolg.

b) Kontak met die buitewêreld.

Elke gevangene is, afhangende van die groep waarin hy geklassifiseer word, geregtig op die skrywe en ontvangs van 'n sekere getal briewe. Hierbenewens kan hy ook 'n sekere getal besoeke ontvang. Die hulpwerkers moet, so spoedig moontlik na die opname van 'n gevangene aandag aan sy kontak met sy gesins- en/of familielede gee. Bantoe- en Kleurlingegevangenes is dikwels ongeletterd en aangesien gesins- en familielede dikwels ook ongeletterd is, bestaan daar dan geen kontak tussen hulle nie. Die hulpwerker moet die gevangene aanmoedig om kontak te bewerkstellig en om gesonde verhoudings met sy naasbestaandes te handhaaf. Dit is dikwels 'n moeilike taak aangesien die gevangene geneig is om almal behalwe homself vir die misdaad waarin hy verval het te blameer. Veral sy eggenote moet dikwels die blaam dra en hy koester soms wraakgedagtes.

Indien die gevangene ongeletterd is, skryf medegevangenes vir hom briewe. Die lees- en skryfprojek vir ongeletterde gevangenes stel hom in staat om wel later self briewe te skryf en te lees.

Sou daar enige probleme tussen 'n gevangene en gesins- of familielede bestaan wat nie deur briefwisseling opgelos kan word nie, reël die hulpwerker vir besoeke deur familie- of gesinslede waartydens hy teenwoordig is om verhoudings waar te neem en probleme te bespreek. Hy kan ook reël dat 'n onderhoud met 'n egpaar gesamentlik gevoer word.

Gevangenes vergeet dikwels die adresse van hulle gesinslede en beskuldig laasgenoemde dan daarvan dat daar nie op hulle briewe reageer word nie. Hulpwerkers moet om hierdie rede naasbestaandes se adresse so gou moontlik na opname bekom, solank dit nog vars in hulle geheues is. Gevangenes besef die waarde van gesins- en familielede dikwels eers kort voor vrylating wanneer hulle verblyf of werk moet bekom. Aangesien hulle soms reeds jare in die gevangenis is en vir daardie tyd geen kontak behou het nie, het familie reeds verhuis en kan hulle gladnie of slegs met die grootste moeite opgespoor word.

Die taak van die hulpwerker om gevangenes te motiveer en die waarde van gesonde verhoudings met veral gesins- en familielede te laat besef is groot en vereis vaardigheid. Deur die aanwending van die beginsels en tegnieke van maatskaplike werk, word dit binne 'n individuele onder-

houd of maatskaplike groepwerk by hom tuisgebring.

c) Verkryging van agtergrondsinligting in verband met die gevangene.

Vir die doeltreffende evaluering van die omstandighede waarin die gevangene hom bevind, is die verkryging van agtergrondsinligting van groot belang. Dit hou natuurlik ook verband met die bewerkstelliging van kontak en positiewe verhoudings met sy gesins- en familielede. Binne die normale proses van hulp aan die gevangene verloop dit ook gelyktydig. Albei is egter take wat so spoedig moontlik na die opname van 'n gevangene in die gevangenis 'n aanvang moet neem.

'n Probleem wat deur hulpwerkers in hierdie opsig ondervind word, is dat daar nie oral eksterne maatskaplike werkers beskikbaar is wat agtergrondsinligting kan voorsien en dus ook rekonstruksie- en nasorgdiens kan lewer nie. Vir die verkryging van agtergrondsinligting is hulle hoofbron van inligting meermale die gevangene self wat 'n meester daarvan is om sy agtergrond en die oorsake vir sy verval in misdaad so te kleur dat hy die onskuldige slagoffer is van omstandighede waarvoor hy nie verantwoordelik gehou kan word nie. Die behandelingsproses en die sukses daarvan hang tot 'n groot mate af van die beskikbaarheid van volledige agtergrondsgegewens. Behalwe vir die eksterne maatskaplike werker en die gevangene self is daar egter ook ander bronne vanwaar die hulpwerkers agtergrondsinligting oor die gevangene kan

bekom. Sulke bronne is die hofnotule, kriminele rekord en polisie- en ander verslae wat op die gevangene se gevangenislêer beskikbaar is. As die gevangene voorheen in 'n nywerheids- of verbeteringskool was, kan waardevolle inligting ook daarvandaan aangevra word. In sulke gevalle beskik die skole dikwels oor besonderhede in verband met sy agtergrond. Sedert die eerste hulpwerkers in die Departement van Gevangenisse aangestel is tot op die huidige tydstip,is daar reeds groot vordering gemaak. Agtergrondsverslae is tans beter bekombaar as voorheen. Die Departement van Kleurlingsake tesame met private welsynsorganisasies voorsien goed in die behoeftes van Kleurlinge terwyl die Departement van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling met behulp van Bantoesakekommissarisse, Bantoe-Administrasierade en maatskaplike werkers verbonde aan private welsynsorganisasies soos byvoorbeeld Nimro, agtergrondsverslae verskaf en ook rekonstruksie- en nasorgdiens verrig. Agtergrondsverslae vir Bantoegevangenes word dikwels deur klerke verbonde aan kantore van Bantoesakekommissarisse en Bantoe Administrasierade opgestel maar bly nietemin 'n uiters belangrike hulpmiddel by die opstel van 'n doelgerigte behandelingsprogram vir die gevangene.

Agtergrondsinligting is noodsaaklik om die oorsaak van die gevangene se verval in misdaad op te spoor en om 'n behandelingsprogram op te stel.

d) Maatskaplike Groepwerk

Aangesien die hulpwerker vir die maatskaplike werker

die meeste gevangenes by die groepwerkmetode betrek, word tydens opleiding en voortgesette opleiding in die praktyk baie aandag aan die toepassing van maatskaplike groepwerk deur hulpwerkers gegee.

Elke hulpwerker moet drie groepe gelyktydig hanteer. Die meeste hulpwerkers bestee bykans 'n volle werksdag aan die hantering van 'n groep en aan verslagskrywing in verband daarmee. Aangesien gevangenes baie baat by groepwerk vind is die standaard van opleiding wat daarin gegee word, hoog. 'n Hoë gehalte van werk en toepassing van die tegnieke en beginsels word nagestreef. Aangesien hulpwerkers hierdie metode baie toepas is hulle bedrewe groepwerkers. Hulle ondergaan ook gereeld supervisie deur opgeleide maatskaplike werkers.

Groepwerkers (hulpwerkers) is self verantwoordelik vir die seleksie van groeplede en die samestelling van groepe. Hulle ontvang in hierdie opsig sterk leiding van opgeleide maatskaplike werkers en voorskrifte in verband met die samestelling van groepe moet streng nagevolg word. By die samestelling van 'n groep moet 'n doel geformuleer word van wat uiteindelik met daardie groep bereik wil word. By die keuse van onderwerpe word die doel waarvoor die groep saamgestel is, in gedagte gehou. Elke afsonderlike groepwerkbyeenkoms moet vooraf goed beplan en 'n doel wat met die uiteindelike doelstellings vir die groep as geheel verband hou, moet gestel word. Die hulpwerker, in samewerking met groeplede, is verantwoordelik

vir die kies van onderwerpe vir bespreking tydens groepwerkbyeenkomste. Onderwerpe moet natuurlik so gekies word dat die bespreking daarvan deur die groep uiteindelik kan lei tot die bereiking van die groepdoelstellings.

Gevangenes kan meer as eenkeer gedurende hulle gevangenissetting in 'n groep betrek word. Soos reeds vermeld word hulle tydens die aanvang van gevangenissetting normaalweg in oop groepe betrek vir die doel van oriëntasie en motivering. Gedurende die verloop van gevangenissetting word hulle een of meer kere by groepwerk betrek. Groepwerk is ook van groot waarde in die voorbereiding van gevangenes vir ontslag. By 'n voorontslag-groep is die groepsgebondenheid groter aangesien groeplede bewus is van die doel waarmee die groep saamgestel is en hulle vrees dat hulle uitplasing en aanpassing na ontslag mag misluk. Die doel van ontslagvoorbereiding in die groepwerksituasie, is om gevangenes te leer om realiteit in verband met hulle aanpassing na vrylating te verkry aangesien hulle geneig is om baie in verband daarmee te idealiseer. Om hierdie rede speel rollespel deur gevangenes binne groepwerk 'n belangrike rol in hierdie verband. Hulpwerkers maak dan ook dikwels van hierdie hulpmiddel gebruik.

Verslagskrywing is 'n belangrike komponent van groepwerk en onontbeerlik met die oog op beplanning en individualisering. Na afloop van 'n groepwerkbyeenkoms word onmiddelik tot verslagskrywing oorgegaan. Die verloop van die groepwerkbyeenkoms word in 'n verslag daaroor.omskryf wa

die interaksie tussen die groeplede en die beheer, rol en leiding wat van die hulpwerker af uitgaan, aandui. Momente in die groepwerkproses en die aanwending van beginsels en tegnieke word in die verslag uitgewys. Beplanning vir die volgende byeenkoms, soos deur die groep as geheel geformuleer, is ook belangrik.

Elke verslag oor 'n groepwerkbyeenkoms bevat ook 'n evaluasie oor die vordering van die groep as geheel, die aanwending van tegnieke en beginsels en die waarde van die spesifieke byeenkoms met die oog op die bereiking van die einddoel van die groep. Daar word ook geëvalueer tot watter mate die doelstellings van die betrokke byeenkoms bereik is.

Die doelstelling van groepwerk met betrekking tot elke individuele groeplid is natuurlik die verhoging van sy persoonlike maatskaplike funksionering. Om hierdie rede neem die hulpwerker ook die behoeftes van elke individuele groeplid in ag. Die wyse waarop hy individualiseer word in 'n evaluasieverslag oor elke individuele groeplid, verantwoord. Die groeplid se deelname, sy motivering tot groei en ontwikkeling, die waarde wat hy uit groepwerk kry, en sy erns in verband met die beplanning van sy eie toekoms word ontleed. Dit loop natuurlik logies uit op beplanning van die aanwending van die groepprosesse tot voordeel van elke individuele lid ooreenkomstig sy behoeftes, wat die hulpwerker uit sy verbale en nie-verbale deelname aan die groepbyeenkomste aflei Doelgerigte waarneming van groeplede en die interpretasie

van wat waargeneem word, speel ook 'n groot rol in individualisering. Individuele verslae oor groeplede se deelname aan groepbyeenkomste word in duplikaat opgestel. Een afskrif word op die gevangene se gevalleleêr geplaas terwyl 'n ander op die groepwerkleêr kom. Groepwerk en individuele aandag vul mekaar aan en die beskikbaarheid van 'n verslag oor die gevangene se groepwerkvordering en deelname op die gevallewerkleêr, help hulpwerkers om die twee metodes met mekaar te integreer en albei aan te wend ter beskikking van die doelstellings van maatskaplike werk.

e) Individuele aandag.

Persoonlike vertroulike probleme van gevangenes kan nie binne die groepwerksituasie hanteer word nie. Om hierdie rede moet daar individuele aandag verleen word. Probleme wat gevangenes ondervind, word binne die groepwerksituasie waargeneem en hy word dan by individuele aandag betrek. Aangesien gevangenes bewus is van die taak van die hulpwerker, raadpleeg hulle hom ook uit eie beweging in verband met probleme. Ander lede soos byvoorbeeld die hoof van die gevangenis, lede van die Gevangenisraad en bewakings en opleidingpersoneel verwys ook gevangenes vir aandag na die hulpwerker. As gevolg hiervan is dit belangrik dat hulpwerkers ook oor bedrewenheid moet beskik in verband met die toepassing van die tegnieke en beginsels van onderhoudvoering.

Die hulpwerker moet in staat wees om gevangenes met 'n verskeidenheid van probleme behulpsaam te wees wat wissel van probleme in verband met versorging en kontak met gesinne, tot verhoudingsprobleme met medegevangenes in die inrigting.

Hulpwerkers is daarin opgelei om die waarde van kennis van omstandighede wat tot 'n gevangene se probleme aanleiding gegee het, te besef. Nadat hulle van 'n gevangene se probleem kennis geneem het, is dit dan hulle taak om in oorleg met hulle supervisor ondersoek na die oorsake daarvan in te stel en te beplan hoe die probleem hanteer kan word. Beplanning kan inhou dat individuele aandag gegee gaan word of dat die gevangene in 'n groep betrek gaan word wat so saamgestel word dat dit vir die betrokke gevangene 'n oplossing van sy probleme kan bewerkstellig. In die meeste gevalle bied aanvulling tussen groep- en gevallewerk die beste oplossing. Hulpwerkers kan ook van die diens van ander lede van die behandelingspan gebruik maak.

'n Belangrike taak van hulpwerkers is ook om, met die kennis wat hulle oor die omstandighede van gevangenes beskik, laasgenoemde se gedrag en optrede aan ander lede van die behandelingspan te vertolk en hulle te motiveer tot deelname aan die behandeling en hulle te wys op die bydrae wat hulle kan lewer. Aangesien ander lede die gevangene goed ken, soos wat hy onder hulle beheer funksioneer, is konsultasie met hulle belangrik.

Net soos in die geval van groepwerk, is verslagskrywing

'n belangrike onderdeel van individuele aandag wat hulpwerkers aan gevangenes gee. Prosesverslae wat oor groepwerkbyeenkomste en individuele onderhoude geskryf word, vorm saam die basis op grond waarvan vorderingsverslae aan die gevangenisraad, die eksterne maatskaplike werkers, ensovoorts, geskryf word.

f) Naweekdiens.

Gesins- en familielede van gevangenes word toegelaat om hulle oor naweke te besoek. Hulpwerkers doen naweekdiens om tydens sulke besoeke teenwoordig te wees en, indien wenslik, met familielede of die gevangene en familielede gesamentlik onderhoude te voer. Aangesien in baie gevalle 'n probleem ondervind word in verband met die verkryging van agtergrondsverslae, word sulke besoeke nuttig aangewend om sulke inligting te bekom. Familielede verlang ook soms om deur 'n lid van die gevangenisdiens te woord gestaan te word in verband met die gevangene. Die hulpwerker is dan teenwoordig om die rol te vervul. Die blote teenwoordigheid van 'n hulpwerker tydens so 'n besoek en die waarnemings wat hy maak, is reeds van veel waarde. Besoekers word ook georiënteer ten opsigte van hulle optrede teenoor 'n gevangene en ten opsigte van die behandeling en opleiding wat hy in die gevangenis ondergaan. Voor ontslag van 'n gevangene word sulke besoeke benut om familielede voor te berei vir die ontvangs en inskakeling van die

gevangene in sy gesins- en familieverband en in die gemeenskap.

Benutting van besoeke aan gevangenes is belangrik en word aangewend om die behandelingsproses doelgerig en tot voordeel van die gevangene te laat verloop.

g) Rekonstruksiediens.

Een van die take van die hulpwerker, wat nou saamhang met die motivering en bewerkstelliging van gesonde en opbouende verhoudings met sy gesins- en familielede, is die reëling van rekonstruksiediens by sy eie gesin, ouers of ander familiebetrekkinge. In alle gevalle waar 'n organisasie beskikbaar is wat rekonstruksiediens kan lewer, word dit deur die hulpwerker gereël. Dit geskied tydens die begin van die gevangene se gevangenissetting en word aan die eksterne maatskaplike werker opgedra, as 'n agtergrondsverslag pas na opname van die gevangene, aangevra word. Deur die verloop van die gevangene se gevangenissetting word vorderingsverslae oor die gevangene en sy gesin tussen die hulpwerker en eksterne maatskaplike werker uitgeruil. Dit het ten doel om die plan van behandeling wat ten opsigte van die gevangene gevolg word met dié wat by sy gesin gevolg word te koördineer. Vorderingsverslae dien ook om die gevangene en sy gesin op die hoogte van mekaar se omstandighede en vordering, te hou. Rekonstruksiediens is 'n onontbeerlike komponent by die rehabilitasie van die gevangene en sy uiteindelike aanpassing na ontslag.

h) Die Gevangenisraad.

Net soos die maatskaplike werker het ook die hulpwerker 'n taak ten opsigte van die Gevangenisraad. Aangesien die hulpwerker bewus is van die gevangene se gesindheid en sy samewerking om te rehabiliteer, voorsien hy aan die Gevangenisraad verslae oor die gevangene. Hierdie verslae speel onder andere 'n rol in die toekenning van gratifikasie, die oorweging van parool en die opstel van paroolvoorwaardes. Hulpwerkers is tydens raadsittings teenwoordig om verslag aan die raad te doen en om versoeke wat gevangenes tot die raad mag rig, op te volg.

Aangesien die gevangenisraad besluite neem in verband met 'n gevangene se nasorg en die paroolvoorwaardes wat sal geld, speel die hulpwerker 'n belangrike rol in hierdie verband. Hy is meermale bewus van omstandighede waaraan die gevangene hom na vrylating sal moet aanpas as gevolg van vorderingsverslae wat van die eksterne maatskaplike werker ontvang word. Hierdie kennis kom handig te pas in die bepaling van paroolvoorwaardes. Tydens nasorg van die gevangene is dit ook die taak van die hulpwerker om nasorgverslae vanaf die eksterne maatskaplike werker te ontvang en die inligting wat daarin vervat is aan die Gevangenisraad te voorsien.

Samewerking tussen die Gevangenisraad en hulpwerker is belangrik in die uitvoering van die behandelingsprogram.

i) Voorbereiding vir ontslag en nasorg.

Voorbereiding vir die ontslag van 'n gevangene begin reeds tydens sy opname en alle behandeling wat toegepas word, is uiteindelik gerig op voorbereiding om hom in die samelewing te laat aanpas. Kort voor vrylating word 'n gevangene se omstandighede geëvalueer om te bepaal watter faktore daar mag bestaan wat die verloop van sy aanpassing in die gemeenskap mag benadeel. Uiteraard is groepwerk 'n metode wat aangewend word om 'n gevangene vir ontslag voor te berei en speel die aanwending van rollespel 'n belangrike rol.

Gedurende die periode voor vrylating reël die hulpwerker met die eksterne maatskaplike werker wat vir die voortgesette behandeling van die gevangene in die gemeenskap verantwoordelik sal wees, dat dié 'n onderhoud met hom in die gevangenis kom voer om finale reëlings in verband met werk en verblyf vir hom te tref. Die hulpwerker se taak is ook om die eksterne maatskaplike werker ten opsigte van die gevangene tot samewerking oor te haal. Die hulpwerker vertolk ook die paroolvoorwaardes wat gestel is aan die gevangene. Soos reeds vermeld beheer die hulpwerker nasorg-vorderingsverslae na die ontslag van die gevangene en dra die inligting wat daarin vervat is aan die Gevangenisraad oor.

j) Beplanning.

Elke hulpwerker beskik oor 'n beplanningsdagboek waarin

verskillende take, wat ten opsigte van 'n gevangene verrig moet word, vooruit beplan word. Dit verseker dat verskillende take wat verrig moet word wel die nodige aandag en hierdie hulpmiddel vergemaklik die taak van die hulpwerker. Dit is dan een van sy take om sy werk vooruit te beplan.

k) Literatuurstudie.

Hulpwerkers word aangemoedig, en dit word dan ook as een van hulle take beskou om literatuurstudie te doen teneinde hulle kennis uit te brei. Behalwe vir die feit dat literatuurstudie op eie inisiatief onderneem word, word dit ook vir die doeleindes van beplanning tydens groepsupervisie aan hulle opgedra.

3. SAMEVATTING.

Uit die voorafgaande moet tot die gevolgtrekking geraak word dat die hulpwerker 'n omvattende taak het. Wat die Departement van Gevangenisse betref is dit 'n belangrike taak en dit vereis deeglike opleiding wat toegespits moet wees op die taak wat verrig moet word. Daar sal dan ook in die volgende hoofstuk aandag aan die opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker gegee word.

Indien die Departement voldoende maatskaplike werkers sou kon werf, sou hulle eerder in diens geneem gewees het as om hulpwerkers op te lei. Daar is egter nie eers voldoende Kleurling en Bantoe Maatskaplike werkers beskikbaar om supervisie aan hulpwerkers te lewer nie. Om bogenoemde rede verrig hulpwerkers die taak wat verkieslik deur maatskaplike werkers verrig moet word. Om die hulpwerkers in staat te stel om hulle funksie te verrig, word hulle tydens 'n kursus opgelei in die aanwending van maatskaplikewerk-metodes en tegnieke. Na die afhandeling van die kursus begin die meeste hulpwerkers met formele opleiding. In die praktyk werk hulle ook onder beheer en leiding van maatskaplike werkers. Hulpwerkers het dus nie net gedurende 'n kursus opleiding ontvang nie, maar die opleiding word voortgesit deur middel van formele studie en supervisie. Op hierdie wyse slaag die Departement daarin om in 'n behoefte by die gevangene te voorsien.

Die stelsel van opleiding en aanwending van hulpwerkers, wat eintlik uit nood gebore is, het deur ervaring getoon baie nuttig te wees en kan tot groot voordeel ook deur ander werkgewers vir maatskaplike werkers ondersoek en aangewend word.

# HOOFSTUK VI

## DIE OPLEIDING VAN DIE HULPWERKER VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER.

Die pligte en werksprosedure van die hulpwerker is in die vorige hoofstuk behandel. Vervolgens word gelet op die opleiding van die hulpwerker om hom in staat te stel om sy take uit te voer.

Toe daar begin is met die opleiding van hulpwerkers is hulle geskool om spesifieke take te verrig. Uit ervaring wat opgedoen is van die hulpwerker se optrede in die praktyk, is daar wysigings aan sy take en pligte aangebring en daar is ook ander bygevoeg. Dit is van belang om in gedagte te hou dat die hulpwerkers opgelei word om spesifieke verantwoordelikhede na te kom en tydens opleiding kan daar reeds vir hulle 'n duidelike pligsomskrywing gegee word en die opleiding so aangebied word dat dit aanpas by die take wat hulle moet verrig. Dit is een van die faktore wat die opleiding van hulpwerkers vergemaklik.

Alvorens daar oorgegaan word tot die bespreking van die opleiding van hulpwerkers soos dit in die Departement van Gevangenisse geskied, is dit nodig dat eers gekyk word na die opleiding van hulpwerkers elders.

In die literatuur bestaan enkele voorbeelde van die opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker. Daar word getuig van die mate van bruikbaarheid van hierdie hulpwerkers in die praktyk. Dit blyk onder andere uit die volgende: "It seems that the data shows the non-professional, not only can be effective in the area of interpersonal relationship, but at times more so than the professional helper. There is now considerable evidence to support the contention that lay or non-professional persons can be trained to be effective in a helping relationship with another people. This does not mean that the professional helper is not effective, but it does indicate the weakness of the traditional education program and the strength of systematic training in human relations." (Neil and Jones, 1973, p. 69.)

Fenton (1961, p. 23-24) beskryf die opleiding van gevangenispersoneel as groepwerkers met gevangenes. Die opleiding bestaan uit die bywoning van agt agtereenvolgende weeklikse groepsessies van 'n demonstrasiegroep wat deur 'n ervare groepwerker hanteer word. Groeplede is voor die tyd daarop voorberei om in teenwoordigheid van persone wat opgelei word aan die groepbespreking deel te neem. Na afhandeling van die groepbyeenkoms vind 'n bespreking tussen die kursusgangers

en groepleier plaas. Die groepleier verduidelik wat plaasgevind het en waarom dit plaasgevind het. Kursusgangers kan vrae vra. Hierdie besprekings word aangevul deur bestudering van stukke in verband met besonderhede in die hantering van groepe. Voordat 'n eie groep aan die kursusganger toegeken word, kry hy geleentheid om saam met 'n ervare groepwerker 'n groep te hanteer waar hy as mede-leier optree. Na elke groepwerksessie wat hy as mede-leier meemaak, word aspekte van belang met die ervare groepwerker bespreek. Nadat 'n eie groep aan die kursusganger toegeken word, word supervisie vir 'n tydperk deur 'n ervare maatskaplike werker gedoen. Hierdie supervisor is ook verantwoordelik vir gereelde geprogrameerde opleiding van die groepwerkers. Volgens Fenton is bogenoemde 'n doeltreffende opleidingsmetode en is groepwerkers wat so opgelei word van redelike waarde by inrigtings en ook vir private welsynsorganisasies.

Die metode soos deur Fenton hierbo beskryf word, naamlik opleiding deur middel van waarneming en as medegroepleier, is deur die Departement van Gevangenisse in sy opleidingsprogram in die rollespelsituasie beproef. 'n Nadeel wat dit inhou is dat kursusgangers die optrede van die maatskaplike werker wat die demonstrasiegroep lei slaafs navolg en dat hulle nie met eie oorspronklike idees en metodes vorendag kom nie.

Craddick (1964, p. 326) beskryf, net soos Fenton, die opleiding van gevangenispersoneel vir die behandeling van gevangenes. Die opleidingsproses word soos volg beskryf:

"Two one-and-one half hour sessions were held each week for a total of fifteen sessions. (Seven and a half weeks.) The general aim of the sessions was to acquaint the group members with some rudimentary knowledge of dynamics."

"Rather than 'lecture' on group dynamic tactics and strategy, the author felt more personal benefit would be gained by the group members by actually participating in the counselling of prisoners. .... Each member was given his choice of taking either an individual or a group to use in his training.

"The Text used was Percival Symonds, 'The Dynamics of Human Adjustment' and although the members felt it a good book and quite understandable, it is doubtful that they all read it in its entirety."

Craddick (1964, p. 325-330) meld dat die groei wat binne die groepe plaasgevind het, ooreenkom met dié by groepterapie. Daar was die aanvanklike fase van onsekerheid by groeplede wat egter ontwikkel het tot openlike verklarings dat deelname vir hulle beslis waarde inhou. Lesings is met verloop van tyd aan deelnemers gegee in verdedigingsmeganismes en mens-

like motivering in die algemeen en gevangenes in die besonder. Na elke onderhoud of groepwerkbyeenkoms moes deelnemers verslag oor die gebeure gee en is gebeure vir hulle verklaar en leiding gegee in verband met toekomstige optrede.

Die skrywer meld verder dat deelnemers aan die program na die vyftiende onderhoud of byeenkoms redelik selfstandig kan optree. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat persone met ervaring van gevangenes met 'n mat van vrymoedigheid as behandelingspersoneel opgelei kan word en dat dit tot voordeel van gevangenes is.

Op versoek van die Verenigde Volke Organisasie (1958, p. 2) het die Sekretaris-Generaal van die Organisasie dit aan die "Department of Economic and Social Affairs" van die organisasie opgedra - " .... to review problems of social training and to set out in some detail for the use of government agencies, schools of social work, voluntary social agencies and others, the range of subject matter and the educational method which is coming to be considered desirable at the present stage in the development of training for social work."

Hierdie verslag wat gedurende 1958 voorgelê is wy 'n hoofstuk aan die opleiding van "Auxiliary Workers." Die verslag (United Nations, 1958, p. 133) noem die volgende in verband met die opleiding van hulpwerkers; "The situation calls for as exact analyses as are

possible of the work actually done by auxiliaries so that the content of their training may be realistically related to this." Gereelde evaluasie van die resultate van die opleiding met spesiale aandag aan kennis, tegniek en gesindheid van die terrein waarin hulle gaan funksioneer word sterk aanbeveel. Die inhoud van die kursus wat gebaseer moet wees op die funksies wat die kursusgangers na opleiding gaan verrig, moet hanteerbaar wees gedurende die beperkte duur van die kursus. Selfs belangrike werk (teorie) kan uitgelaat word terwille daarvan dat kursusgangers dit wat wel aangebied word, moet bemeester.

Die verslag beveel aan dat meer aandag aan praktiese opleiding as aan lesings gegee moet word. Klem word geplaas op die aanwending van demonstrasie, rollespel, bespreking en observasie. Idees van kursusgangers moet respekteer word en hulle moet geleer word om konstruktief te dink en hulle eie gevolgtrekkings te maak.

Die verslag (United Nations, 1958, p. 135) beveel aan dat die inhoud van die kursus soos volg ingedeel moet word.

- Agtergrondskennis in verband met menslike gedrag, van die gemeenskap en van basiese ekonomiese beginsels.

- Kennis in verband met die aanwending van vaardighede en metodes om kliënte te bereik.

- Gespesialiseerde kennis vir aanwending by die le-

wering van 'n spesifieke diens.

In die opleiding van hulpwerkers deur die Departement van Gevangenisse is baie gebruik gemaak van die voorstelle vervat in hierdie verslag.

1. VOOROPLEIDING VAN HULPWERKERS.

Volgens beleid van die Departement van Gevangenisse ondergaan elke lid opleiding om hom vir sy taak te bekwaam. Na aansluiting van 'n lid by die Departement word hy as proefbewaarder in diens geplaas totdat hy vir basiese opleiding na 'n opleidingskollege vir die opleiding van Gevangenisbeamptes gaan. Gedurende sy dienstermyn voor sy basiese opleiding doen hy ervaring op van die administratiewe werksaamhede van die Departement en word hy reeds opgelei vir die taak wat op hom wag. Hierdie tyd dien as 'n belangrike oriënteringstydperk en bied aan die proefbewaarder geleentheid om ervaring van die verskillende vertakkinge van die Departement se bedrywighede op te doen.

Hierdie ervaring van die administratiewe werksaamhede van die Departement en sy kontak met gevangenes, lewer 'n bydrae tot sy vorming as lid van die Departement van Gevangenisse en sy uiteindelike keuse en opleiding as hulpwerker. Hierdie ervaring en kennis dra ook by dat hy tydens sy basiese opleiding as bewaarder beter begrip en insig kan verkry uit die opleiding gedurende

die kursus.

Die basiese opleiding van gevangenisbeamptes word deur opleidingskolleges van die Departement te Kroonstad vir Blankes, Westlake vir Kleurlinge en Indiërs en Baviaanspoort vir Bantoes aangebied.- (Departement van Gevangenisse, s.j. Lêer S4/2/4/1 - Sillabis) Hierdie kursus is 'n indiensopleidingskursus vir bewaarders en hulle geniet 'n basiese opleiding in al die fasette van die Departement se bedrywighede. Na Voltooing van die kursus beskik die bewaarder oor 'n agtergrond van die Departement se beleid en sy werksaamhede en is hy instaat om onder toesig en deur middel van verdere opleiding in die praktyk sy taak te verrig.

Die basiese opleiding lewer 'n groot bydrae in die vorming van die hulpwerker tot 'n gedissiplineerde persoon en verbreed sy kennis oor die algemeen en in die besonder oor die Departement se take en funksies. Tydens hierdie kursus raak hy ingeskakel by die Departement se bedrywighede en vind vorming van sy beroepspersoonlikheid as bewaarder plaas. Onderrig wat hy gedurende hierdie kursus ontvang, hou tot 'n groot mate direkte verband met sy opleiding as hulpwerker vir die maarskaplike werker en dit verlig die taak van die opleier van hulpwerkers. Indien daar geen basiese kursus sou wees nie, sou 'n baie meer uitgebreide program tydens die kursus vir opleiding van hulpwerkers aangebied moet word.

Tydens die opleidingskursus as bewaarder (Departement van Gevangenisse, Lêer S4/2/4/1 - Sillabis) kry hy onder andere onderrig in die volgende: militêre en sosiale etiket, openbare verhoudings, personeeladministrasie, staatsfinansies, menseverhoudings, voorrade, gevangenisadministrasie, ondersoek en verhoorwerk, praktiese taalgebruik, besparing, selfontwikkeling, padveiligheid, departementele beleid, noodhulp, liggaamlike opvoeding, kollege en menasiereëls, dril en opleiding en die aanbieding van ontspanning en spele,

As in gedagte gehou word dat hierdie opleiding oor 'n periode van ses maande strek kan afgelei word dat dit wel deeglik is en dat dit 'n baie groot bydrae lewer in die vorming van die kursusgangers se persoonlikhede en hulle lewenshoudings. Die opleiding is uit die aard van die saak toegespits op die funksionering van die kursusgangers in die werksaamhede van die Departement en spesifiek op die hantering van die gevangene. Opleiding word deur uitgesoekte en opgeleide lede van die Departement aangebied.

Na voltooiing van die basiese kursus is die kursusgangers volwaardige opgeleide bewaarders en verrig hulle pligte in een of ander van die verskeidenheid van werksaamhede van die Departement. Verdere indiensopleiding vind uit die aard van die saak in die praktyk plaas. Lede word nou prakties geskool en dit

wat gedurende die basiese opleiding geleer is, word in die praktyk toegepas. As gevolg van sy daaglikse omgang met en hantering van die gevangene leer hy hom ken en word daar by hom begrip vir die gevangene se probleme en behoeftes gevorm. Weens die feit dat hy in die praktyk staan doen hy verdere ervaring op van die toepassing van die Wet, Reëls en Regulasies en die Diensorders van die Departement. Kennis hiervan en van die beleid van die Departement is onontbeerlik tydens sy uiteindelike funksionering as hulpwerker vir die maatskaplike werker. Die hulpwerker verrig sy taak binne die beleid van die Departement en derhalwe moet hy kennis dra van die reëls en regulasies waarbinne hy moet optree en van die hulpbronne wat beskikbaar is vir die gevangene.

2. KEURING VAN KANDIDATE VIR DIE KURSUS VIR HULPWERKERS VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER.

Aangesien die prosedure vir die keuring van Kleurling- en Bantoehulpwerkers verskil, sal die keuringsproses vir die twee bevolkingsgroepe afsonderlik behandel word.

Name van kandidate word verkry deur versoeke van kandidate self om as hulpwerkers opgelei te word, vanaf bevelvoerende offisiere wat lede as geskik vir opleiding as hulpwerkers beskou en deur keuring uit personeel-

lêers by die Hoofkantoor van die Departement van Gevangenisse.

a) Keuring van Bantoekandidate.

(i) Kwalifikasies.

Aangesien dit die oogmerk is dat hulpwerkers uiteindelik tot gekwalifiseerde maatskaplike werkers moet ontwikkel, speel opvoedkundige kwalifikasies wel 'n rol in die keuse van kandidate. Die meeste kandidate beskik dan ook oor 'n matrieksertifikaat terwyl sommige reeds by 'n universiteit geregistreer is en soms al etlike vakke geslaag het. Kandidate wat oor st. 8 sertifikate beskik word ook vir opleiding as hulpwerkers in aanmerking geneem. Die voorwaarde bly steeds dat hulle vir verdere studie moet registreer, matrieksertifikate moet verkry en, indien moontlik, graadstudie moet onderneem. Tydens die keuringsproses is dit soms vir 'n kandidaat om een of ander rede nie moontlik om die kursus vir hulpwerkers by te woon nie. Hy word dan aangemoedig om dadelik vir verdere studie te registreer en hulp word aan hom verleen in verband met registrasie, vakkeuse en indien nodig word hulp verleen in verband met studie en praktiese werk in maatskaplike werk. Sulke kandidate word dan by 'n latere kursus betrek en het dan reeds universiteitsvakke geslaag. So was daar byvoorbeeld een wat tydens die aanvang van die kursus reeds drie vakke geslaag het en 'n ander een wat een vak geslaag het.

Dit gebeur ook meermale dat Bantoelede uit eie beweging vir studie aan 'n universiteit vir die B.A.(M.W.) graad registreer en daarna aansoek om opleiding as hulpwerkers doen. Sommige lede was voorheen voltyds by 'n universiteit ingeskryf, het etlike vakke geslaag en het om een of ander rede by die Departement in diens getree voor voltooiing van hulle kursusse. Drie sulke lede; een wat reeds ses vakke, en twee wat drie vakke geslaag het, is reeds as hulpwerkers opgelei.

(ii) Sielkundige toetsing.

Die tematiese apersepsietoets (TAT) soos gestandardiseer vir Bantoes, word gebruik vir die keuring van Bantoelede vir opleiding as hulpwerkers vir die maatskaplike werker. Deur middel van hierdie toets word kandidate se funksionering in verskillende persoonlikheidsvelde of areas getoets en geëvalueer, waarna 'n waardeoordeel van die toetsresultate gemaak en die kandidaat vir opleiding gekeur word. Die volgende persoonlikheidsvelde of areas en die kandidaat se funksionering binne hierdie veld, word deur middel van hierdie toetse bepaal.

- Gesinsverhoudings soos tussen ouers en kinders onderling.
- Om die vader/seun verhouding te bepaal.
- Om die moeder-seun verhouding te bepaal.
- Om die kandidaat se verhouding met outoriteit te bepaal.

- Om die kandidaat se houding jeens Blanke gesag te bepaal.
- Om die kandidaat se siening van homself te bepaal.
- Om die kandidaat se hantering van heteroseksule situasies te bepaal.
- Om die kandidaat se identifikasie in groepssituasies te bepaal.

Benewens bogemelde toets word kandidate se taalvermoë, naamlik woordeskat en leesbegrip getoets. Sy intelektuele vermoë word getoets deur die verbale redeneringstoets. Die uitslag word aangewend om te bepaal of kandidate intelektueel in staat sal wees om die kursus vir hulpwerkers onder die knie te kry en of hy tot graadstudie in staat sal wees.

Bogenoemde toetse word deur geregistreerde psigotegnici afgeneem en verwerk en die uitslae tot beskikking van lede wat vir die keuring van hulpwerkers verantwoordelik is, gestel.

(iii) Navrae in verband met en persoonlike onderhoude met kandidate.

Besonderhede in verband met kwalifikasies, ervaring voor aansluiting by die Departement van Gevangenisse, ervaring binne die Departement, uitslae van opleiding tydens basiese kursusse vir bewaarders en gedrag en vordering word vanuit personeellêers van kandidate verkry. Bevelvoerende offisiere en ander lede soos maatskaplike werkers, hulpwerkers vir maatskaplike werkers

en hoofde onder wie hy gewerk het word geraadpleeg om sy geskiktheid en belangstelling te bepaal.

Persoonlike onderhoude word met kandidate gevoer. Tydens hierdie onderhoude word onder andere gelet op sy vermoë tot kommunikasie, vermoë tot die aangaan van interpersoonlike verhoudings, sy gesindheid ten opsigte van die Departement se rehabilitasiebeleid, sy gewilligheid tot verdere studie, die algemene indruk wat hy skep, ensovoorts.

Op grond van sy agtergrond en ervaring, uitslae van die toetse, kwalifikasies en ander fasette hierbo genoem, word kandidate dan gekeur vir opleiding as hulpwerkers.

b) Keuring van Kleurlingkandidate.

Aangesien daar geen gestandardiseerde toetse vir Kleurlinge bestaan nie, word geen toetse afgeneem om hulle geskiktheid as hulpwerkers vir die maatskaplike werker te bepaal nie. Behalwe vir bogenoemde word keuring presies op dieselfde wyse as in die geval van Bantoes gedoen.

3. DIE AANBIEDER VAN DIE KURSUSSE VIR HULPWERKERS.

Tydens die oorweging van die opleiding van hulpwerkers

vir die Departement is daar met die Universiteite van Suid-Afrika en Stellenbosch reëlings getref vir die opleiding van Bantoe- en Kleurlinghulpwerkers onderskeidelik. Elkeen van hierdie universiteite het dan ook twee kursusse elk vir Bantoes en Kleurlinge aangebied. Dit is gedoen sodat die standaard van opleiding deur universiteite bepaal kon word en sodat die inhoud van die kursus in samewerking tussen die Departement van Gevangenisse en die betrokke universiteit bepaal kon word. Dit het die standaard van opleiding onmiddellik op 'n hoë vlak geplaas en die Departement 'n basis gegee waarop voortgebou kon word toe hyself die kursusse begin aanbied het.

Nadat die universiteite elk twee kursusse aangebied het, het die Departement besluit om self hulpwerkers op te lei. Twee kursusse is reeds deur die Departement aangebied naamlik een vir Bantoes en een vir Kleurlinge. Die teoretiese inhoud van die kursus is gebaseer op die inhoud van die kursusse wat deur die universiteite aangebied is. Die Departement het sy eie reeks lesings opgestel. Op grond van ervaring wat opgedoen is van die prestasie van hulpwerkers in die praktyk, is lesings bygevoeg en is die kursus meer toegespits op die take van die hulpwerkers. Belangrike bykomende lesings is aangebied en daar is gedurende die kursus baie meer gebruik gemaak van hulpmiddels soos rollespel, praktiese werk en die gevolglike super-

visie wat daaruit gespruit het. Uit hierdie twee kursusse wat aangebied is, is baie ervaring opgedoen en het idees ontstaan wat weer in toekomstige kursusse aangewend sal word.

Intussen is ook literatuurstudie gedoen in verband met opleiding en aanwending van hulpwerkers elders, en is sommige van die voorstelle aangewend in die aanbieding van kursusse.

Die opleiding van hulpwerkers is vir die maatskaplike werker nie beperk tot die duur van die kursus waartydens hulle as hulpwerkers opgelei word nie, maar neem 'n aanvang as die kandidaat diens by die Departement aanvaar en word na die kursus in die praktyk voortgesit as hy sy pligte as hulpwerker verrig en as student by 'n universiteit vir die B.A.(M.W.) graad registreer. Daar is dus 'n groot getal persone betrokke by die vorming van die hulpwerker. Die opleiding van die hulpwerker kan gerieflikheidshalwe in vier fases verdeel word naamlik:

- Vooropleiding.
- Die keuring van kandidate vir die kursus vir hulpwerkers.
- Die kursus vir die opleiding van hulpwerkers.
- Voortgesette opleiding van hulpwerkers.

## 4. DIE KURSUS VIR HULPWERKERS VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER.

### (a) Dosente tydens die kursus.

Die Departement van Gevangenisse verkeer in die bevoorregte posisie om binne eie geledere geskikte persone te hê om as dosente tydens die kursus op te tree. Maatskaplikewerk-lesings word deur 'n opgeleide maatskaplike werker, wat ook as kursusleier optree, aangebied. Hy word deur 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker of hulpwerker bygestaan wat van dieselfde rassegroep is as die kursusgangers; in geval van Kleurlinge 'n Kleurling en in geval van Bantoes 'n Bantoe. Die taak van laasgenoemde is om behulpsaam te wees met studie, hersiening en met rollespel. Aangesien hy in die praktyk staan kan hy hulpwerkers voorberei en raad gee in verband met probleme wat hulle in die praktyk mag ondervind. Gedurende praktiese werk deur kursusgangers sluit drie ervare maatskaplike werkers hulle by die kursusleier aan om behulpsaam te wees met individuele supervisie. Daar word twintig hulpwerkers gelyktydig opgelei en elke maatskaplike werker is dan verantwoordelik vir supervisie oor 5 kursusgangers.

Sielkundelesings word deur opgeleide sielkundiges en sosiologie deur lede met kwalifikasies in sosiologie aangebied. Geskikte persone met kennis en ervaring word by die kursus betrek om reëls en regulasies, ben-

devorming binne die gevangenes, ensovoorts te behandel.

Persone wat betrokke is by die aanbieding van die kursus is almal goed ervare en beskik oor die agtergrond en kennis van die gevangene en sy behandeling.

(b) Teoretiese opleiding.

Die kursus vir die opleiding van hulpwerkers strek oor 'n tydperk van twee maande. Die laaste kursus wat vir Kleurlinge aangebied is het uit 360 periodes van 45 minute elk bestaan. Honderd sewe-en-dertig lesings is aan teoretiese werk gewy. Hierdie honderd sewe-en-dertig periodes is soos volg aangewend:

| | |
|---|---|
| Maatskaplike Werk | 86 |
| Sielkunde | 16 |
| Sosiologie | 6 |
| Handleiding van Maatskaplike Werkers en Hulpwerkers | 15 |
| Bendes in Gevangenisse | 5 |
| Wet en Regulasies | 6 |
| Departement van Kleurlingsake | 3 |

Die volgende maatskaplikewerk-lesings word in die volgorde soos vermeld aangebied:

- Geskiedkundige ontwikkeling van welsynsdienste in Suid-Afrika.
- Taakverdeling tussen staatsdepartement en private welsynsorganisasies in Suid-Afrika.

- Wat is maatskaplike werk?
- Die filosofie van maatskaplike werk.
- Die metodes van maatskaplike werk.
- Onderhoudvoering.
- Beginsels van maatskaplike werk.
- Tegnieke van maatskaplike werk.
- Motivering van die kliënt.
- Weerstand en oordrag in maatskaplike werk.
- Aggressie en die hantering daarvan.
- Supervisie, praktykleiding en praktykopleiding.
- Groepwerk.
- Behandeling van die alkoholis en dwelmmiddelafhanklike.

Hulpwerkers vir die maatskaplike werker word as groepwerkers opgelei en dit is die metode wat die meeste deur hulle aangewend word. Toe in 1972 met die opleiding van hulpwerkers begin is, is weinig aandag aan onderhoudvoering gegee. Uit die praktyk het dit egter geblyk dat hulpwerkers nie alle probleme wat hulle kan hanteer, binne groepsverband kan doen nie en dat individuele onderhoude van groot waarde vir gevangenes is. Om hierdie rede word onderhoudvoering gedurende die kursus behandel.

Daar bestaan uitgewerkte lesings oor die teorie van maatskaplike werk wat aan hulpwerkers beskikbaar gestel word sodat hulle dit later kan gebruik. Bronnelyste word by elke lesing voorsien sodat hulpwerkers na die

kursus selfstandig kan nalees. Slegs oor onderhoudvoering is daar nie lesings uitgewerk nie aangesien hierdie tegniek direk uit die volgende werke behandel word:

- "The Social Work Interview." Alfred Kadushin.
- "Interviewing: Its Principles and Methods." Annette Garrett.

Na afloop van 'n lesing oor 'n sekere onderwerp skryf hulpwerkers daaroor 'n toets. Eksamens word ook oor die verskillende afdelings soos byvoorbeeld groepwerk en onderhoudvoering, geskryf. Op hierdie wyse word 14 periodes aan toetse en eksamen gewy. Hierbenewens skryf hulle bykans daagliks 'n kort toets oor die vorige dag se werk. Dit dien as kontrole om vas te stel of hulle die inhoud van 'n lesing begryp het. Indien nodig, word die lesing herhaal. Kursusgangers wat nie die mas met die teoretiese gedeelte van die werk opkom nie, word aan die kursus onttrek.

Tydens die kursus en veral gedurende die aanbieding van die teoretiese gedeelte daarvan word groot toewyding en harde werk vereis. Behalwe dat gewone kantoorure naamlik 07h30 tot 16h00 gewerk word, word daar elke aand vir 4 ure van 18h00 tot 22h00 aan hersienning van werk gewy.

Tydens die aanbieding van lesings word telkens verwys na aanverwante terreine binne maatskaplike werk wat nie tydens die kursus behandel kan word nie, soos byvoor-

beeld die sekondêre metodes van maatskaplike werk. Op hierdie wyse word kursusgangers geprikkel en aangemoedig tot selfstandige formele studie aan 'n universiteit.

c) Praktiese opleiding.

Praktiese opleiding van kursusgangers speel 'n uiters belangrike rol in die opleiding van hulpwerkers en 'n groot gedeelte van die beskikbare tyd word daaraan bestee. Praktiese werk word soos volg ingedeel:

| | |
|---|---|
| Rollespel | 91 periodes. |
| Voorbereiding vir praktiese werk | 26 periodes. |
| Groepwerk en onderhoude met gevangenes | 45 periodes. |
| Supervisie (individueel en in groepsverband) | 45 periodes. |

(i) Rollespel.

Die meeste tyd verbonde aan die praktiese opleiding van hulpwerkers word aan rollespel gewy. Dit bied aan kursusgangers die geleentheid om voor kollegas op te tree en om hulle vrees vir optrede voor iemand anders te oorkom. Dit is interessant om die vordering van kursusgangers te volg. Aanvanklik is hulle gespanne en onderhoude wil nie vlot nie. Later, namate hulle vorder, tree groot vrymoedigheid na vore en is hulle

goed in staat om kritiek deur kursusleiers en mede kursusgangers te verduur. Hulle is ook in staat om hulleself te kritiseer.

Gedurende die rollespel tree kursusgangers en maatskaplike werkers as kliënte op. Dit is tot voordeel van kursusgangers dat die persoon wat die rol van die kliënt vertolk die gevangene, sy probleme en dit waarmee hy tydens onderhoude na vore kom, goed moet ken. Daarom vertolk opgeleide maatskaplike werkers of hulpwerkers dikwels die rol van die kliënt. Rollespel is nie net baie leersaam vir die persoon wat die rol van hulpwerker vertolk nie, maar ook vir die "kliënt" en die toehoorders wat kritiek moet uitoefen.

Net soos 'n onderhoud met rollespel nageboots word, word groepwerk ook in rollespel nageboots. 'n Groep kursusgangers tree as groeplede op en aanvanklik is 'n opgeleide maatskaplike werker of hulpwerker die groepleier. Die res van die hulpwerkers kry geleentheid om waar te neem hoe die groepbespreking hanteer, gelei en gerig word. Daarna kry hulpwerkers self die geleentheid om as groepleiers op te tree. Na afhandeling van 'n rollespel lewer kursusleiers en hulpwerkers kommentaar oor bogenoemde en word klem gelê op die aanwending van die bedrewenhede en beginsels van maatskaplike groepwerk en oor die komponente van die groepwerkproses.

Rollespel is 'n baie handige hulpmiddel in die opleiding van hulpwerkers. Dit gebeur dan ook telkens dat hulp-

werkers 'n sukses van hulle heel eerste groepwerkbyeenkoms of individuele onderhoudvoering tydens hulle praktiese opleiding, maak. Hulle is dit dan ook eens dat hulle bedrewenheid die gevolg is van die aanwending van rollespel in hulle opleiding. Aangesien daar baie tyd aan rollespel spandeer word kry elke hulpwerker die geleentheid om etlike "onderhoude" te voer en "groepsbyeenkomste" te lei.

Rollespel bied nie net die geleentheid om hulpwerkers in die vaardighede van onderhoudvoering en groepwerk op te lei nie, maar is ook 'n handige hulpmiddel om hulle vertroud te maak met administratiewe prosedure, organisatoriese en behandelingsbeplanning en verslagskrywing. Gedurende die aanwending van rollespel as 'n hulpmiddel in die opleiding van hulpwerkers word veronderstel dat die hulpwerker self die gevalle hanteer. Hy beplan skriftelik vir die onderhoud of groepbyeenkoms en voltooi die nodige voorgeskrewe departementele vorms. Hy hou sy beplanningsdagboek by en na afloop van die rollespel moet hy 'n prosesverslag daaroor skryf. Hy moet sy kritiek ook op skrif stel. Elke kursusganger lê ook vir elke groep 'n lêer aan wat hy op datum hou. Elkeen moet ook sy eie korrespondensie voer oor aangeleenthede wat uit die onderhoud of groepbyeenkomste na vore mag tree. Supervisors wat tydens die kursus beskikbaar is kan dan meer sinvolle supervisie gee oor die rollespel en die kursusgangers baat baie daarby.

Die aanwending van rollespel as opleidingshulpmiddel dien 'n baie alsydige doel en die aanwending daarvan is 'n noodsaaklikheid. Dit is die belangrikste hulpmiddel in die opleiding van hulpwerkers en kan nie vervang word nie. Fenton (1961, p. 28-29) beskryf hoe groepe gemotiveer word om voor kursusgangers op te tree. 'n Ervare maatskaplike werker tree dan as groepleier op terwyl die kursusgangers slegs waarnemers is. Hierdie metode kan in 'n volgende kursus beproef word, maar sal nie die rollespel kan vervang nie aangesien dit nie aan die kursusgangers die geleentheid bied om self deel te neem nie.

By die aanwending van rollespel is dit belangrik dat die opgeleide maatskaplike werker self onderhoude en groepsbesprekings moet hanteer, sodat kursusgangers kan waarneem. Hoe meer opgeleide maatskaplike werkers en hulpwerkers voor kursusgangers optree, des te beter, want as net een optree is almal geneig om sy voorbeeld na te volg en word alle kursusgangers 'n prototipe van homself.

(ii) Groepwerk.

Voor die aanvang van praktiese groepwerk word groepe deur opgeleide maatskaplike werkers en hulpwerkers saamgestel. Elke kursusganger word dan van sy groeplede se name voorsien en die rede waarom die groep saamgestel is, word aan hom verduidelik. Tesame met die

name van die groeplede word die inrigtingslêers van die groeplede aan hom gegee. In die lêers verskyn sekere inligting oor die groeplede wat hy bestudeer en wat vir hom handig te pas kom in die hantering van individuele groeplede binne die groepsituasie. Op grond van hierdie inligting moet die kursusganger hom voorberei op die eerste groepbyeenkoms en moet hy ook 'n doel vir die groep formuleer.

Na afhandeling van die byeenkoms moet die kursusganger 'n verslag oor die interaksie en verloop van die groepbyeenkoms met 'n evaluasie daaroor en 'n beplanning vir die volgende byeenkoms, skryf.

(iii) Onderhoudsvoering.

Elke kursusganger moet na afhandeling van die groepbyeenkoms 'n individuele onderhoud met een van die groeplede voer. Na die volgende groepwerkbyeenkoms kan hy 'n opvolgonderhoud met dieselfde gevangene voer of 'n ander gevangene vir 'n individuele onderhoud neem. Probleme van gevangenes wat vir individuele onderhoude geneem word, behels gewoonlik probleme in verband met kontak met gesins- en familielede, verkryging van werk of verblyf voor ontslag, probleme in verband met onderhoud van sy gesin, ensovoorts. Na voltooiing van individuele onderhoude moet kursusgangers ook hieroor 'n prosesverslag sowel as briewe wat uit die onderhoud mag voortspruit, skryf.

(iv) Supervisie.

Die dag nadat praktiese groepwerk gedoen en onderhoude gevoer is, word aan individuele supervisie spandeer. Die twintig kursusgangers word tussen vier supervisors verdeel en die supervisiesessie duur ongeveer een-en-'n half uur per persoon. Tydens supervisie word aandag aan alle aspekte van belang in die hantering van groepe gegee. So word byvoorbeeld aandag aan die toepassing van die beginsels, tegnieke en memente in groepwerk sowel as aan verslagskrywing gegee. Beplanning vir die volgende byeenkoms geniet aandag en die kursusganger moet presies weet wat hy tydens die volgende byeenkoms as doelstelling nastreef en hoe hy dit gaan bereik.

Kursusgangers leer baie uit ongeveer ses groepbyeenkomste en onderhoude en die supervisie wat daaruit volg. Supervisors evalueer elke individuele groeplid en gee aandag aan aspekte wat aandag verdien.

d) Beoordeling van vordering (Evaluering van kursusgangers).

Beoordeling van die vordering van hulpwerkers vind deur die verloop van die kursus plaas. Aanbieders van die kursus en supervisors pleeg onderling met mekaar oorleg en waar leemtes opgemerk word, word spesiale aandag daaraan gegee. Gedurende die kursus word individuele onderhoude deur die kursusleier met kursusgangers gevoer .

om probleme wat hy mag ondervind met hom te bespreek, om leemtes onder sy aandag te bring, en hom aan te moedig tot selfverwesenliking en verdere studie. Waar gevoel word dat 'n kursusganger nie die mas as hulpwerker sal opkom nie, word dit tydens hierdie individuele onderhoude onder sy aandag gebring en het hy dan die keuse om hom aan die kursus te onttrek. Sou hy verkies om voort te gaam moet leemtes reggestel word. Indien hy nie daarin slaag nie, word hy onttrek.

Kursusgangers word ook die geleentheid gebied om hulle eie vordering te evalueer. Tydens sulke evaluasies spreek hulle dikwels van die verandering wat hulleself ten opsigte van insig en insiening van sake ondergaan het. Een van die meer ervare kursusganger het tydens so 'n geleentheid gesê dat hy eers aan homself sal moet werk alvorens hy met ander mense kan begin werk.

5. VOORTGESETTE OPLEIDING IN DIE PRAKTYK.

Na afhandeling van die kursus vir hulpwerkers word 'n pasopgeleide hulpwerker by 'n spesifieke gevangenis geplaas waar hy sy taak moet verrig. Dissiplinêr en administratief sorteer hy onder die direkte beheer van die Bevelvoerende Offisier van die gevangeniskommandoment waar hy diens verrig. Vir leiding en opleiding in verband met sy taak as hulpwerker verkeer hy onder die beheer van 'n opgeleide maatskaplike werker. By die oorgrote meerderheid van gevangenisse waar hulpwerkers geplaas word, is daar ook opgeleide maatskap-

like werkers wat vir hulle supervisie verantwoordelik is. Hulpwerkers wat by gevangenisse geplaas is waar nie opgeleide maatskaplike werkers in diens is nie, word deur opgeleide maatskaplike werkers vanaf die Departement se hoofkantoor vir die doel van supervisie besoek. Hulle word ook vir groepsupervisie by 'n sentrale punt saamgetrek. Sulke hulpwerkers word maandeliks by individuele- of groepsupervisie betrek.

Van die tagtig opgeleide hulpwerkers vir die maatskaplike werker is vyf-en-twintig by gevangenisse geplaas waar daar nie opgeleide maatskaplike werkers in diens is nie.

(a) Supervisie.

Die Departement maak van individuele sowel as groepsupervisie gebruik.

(i) Individuele Supervisie.

Aangesien dit noodsaaklik is dat die supervisor op hoogte van 'n hulpwerker se standaard van funksionering, wat sy werk betref, moet wees om doeltreffende supervisie aan te bied, gaan individuele supervisie meestal gepaard met inspeksie. Net soos in die geval van die opgeleide maatskaplike werker kan die hulpwerker ook nie doeltreffende diens lewer as sy werk nie administratief goed georganiseer is nie. Om hierdie rede word in die eerste plek aandag aan die organisatoriese beplanning van 'n hulpwerker se werk gegee. Dit beteken nie

dat dit voorkeur bo ander aspekte geniet nie, maar dat dit die vertrekpunt is. 'n Hulpwerker se organisasie en beplanning van sy werk, gee gewoonlik 'n aanduiding van die kwaliteit van sy hantering van groepe en die hulp wat hy aan sy kliënte in die individuele onderhoudsituasie verleen.

Hulpwerkers word aangemoedig om notas van probleme wat hulle mag ondervind te maak vir bespreking tydens praktykopleiding. Lêers word deur die supervisor deurgegaan en leiding aan die hulpwerker verleen. Alle aspekte van die hulpwerker se werk geniet aandag. Daar word ook deurgaans toesig gehou oor sy vordering wat studie betref en indien hy nie studeer nie, maar wel intelektueel daartoe in staat is, word hy gemotiveer om te studeer. Tydens supervisie word ook aandag aan probleme wat hy in verband met studie ondervind, gegee. Die supervisor dien dikwels as 'n skakel tussen die hulpwerker en die universiteit. Ses-en-twintig van die hulpwerkers is met universiteitstudie besig.

Tydens individuele supervisie word ook aandag aan hulpwerkers se kennis van die Wet, Regulasies en Diensorders van die Departement gegee. Hulle word ook gewys op die belangrikheid van die Handleiding vir die Maatskaplike Werker en Hulpwerker wat prosedurevoorskrifte bevat in verband met hulle taak.

'n Belangrike aspek wat aandag kry is hulpwerkers se aan-

wending van hulpbronne in die gemeenskap. Sy skakeling en samewerking met die eksterne maatskaplike werker wat vir rekonstruksie-en nasorgdiens verantwoordelik is en sy samewerking binne spanverband met ander betrokke lede in die gevangenis, geniet ook aandag.

Individuele aandag aan die hulpwerker is belangrik en bied aan hom sekuriteit om ten spyte van probleme wat hy mag ondervind, met sy werk voort te gaan. Om hierdie rede word baie aandag hieraan bestee. Daar word tydens besoeke soms tot 'n dag lank aan een hulpwerker bestee. Supervisors skryf verslae oor individuele supervisie met die oog op beplanning en opvolging tydens die volgende besoek.

(ii) Groepsupervisie.

Alle hulpwerkers (en ook opgeleide maatskaplike werkers) word tweemaandeliks by sentrale plekke betrek vir groeppraktykopleiding. Vir die hulpwerkers vind sulke byeenkomste by Durban-en Baviaanspoortgevangenisse vir Bantoes en by Allandalegevangenis (Paarl) vir Kleurlinge, plaas. Hulpwerkers het behoefte om met mekaar oor gemeenskaplike probleme te kommunikeer. Byeenkomste vind onder voorsitterskap van 'n opgeleide en ervare maatskaplike werker plaas. 'n Sekretaris word uit die vergadering gekies. Hy is verantwoordelik vir die opstel van 'n volledige notule oor die verga-

dering. Sulke notules word onder alle hulpwerkers oor die hele land versprei en is 'n baie handige hulpmiddel wat uniformiteit aan die hand werk.

Hulpwerkers vind baie baat by byeenkomste. Alle hulpwerkers word voor die tyd van die datum van byeenkomste in kennis gestel. Hulle moet dan binne 'n sekere tyd die voorsitter skriftelik van besprekingspunte voorsien. 'n Agenda van aanvaarbare besprekingspunte, soos deur hulpwerkers voorgelê, asook dit wat tydens die vorige byeenkoms beplan is, word dan aan hulpwerkers voorsien. Tesame met agendas word hulle van afksrifte van voordragte of afskrifte van groepwerkrekords vir bespreking voorsien. Hulpwerkers kom dus voorberei na byeenkomste.

Net soos in die geval van individuele supervisie moet groepsupervisie ook tot voordeel van die gevangene strek. Tydens groepsupervisie word gevalle- en groeprekords bespreek, rollespel word aangewend, literatuurstudie vind plaas en aktuele onderwerpe vir die hulpwerkers word bespreek. Aangesien hulpwerkers geskool is in groepsbespreking, is deelname positief, en ondervind die leier geen probleme in hierdie verband nie. Aan die einde van elke byeenkoms word vir die volgende byeenkoms beplan en hulpwerkers wat as inleiers moet optree, word aangewys. Hierdie beplanning tesame met voorstelle deur hulpwerkers, wat skriftelik voor die volgende vergadering voorsien moet word, vorm die agenda vir die volgende byeenkoms.

Die wyse waarop groepsupervisie binne die Departement van Gevangenisse plaasvind werp goeie vrugte af. Daarsonder sou die taak van supervisors baie moeiliker wees. Die goeie gevolge daarvan loon die koste verbonde aan reis- en verblyfkoste en die tyd wat daardeur in beslag geneem word.

(b) Universiteitsopleiding.

Daar word van hulpwerkers verwag om te studeer en hulle word gedurig daartoe aangemoedig. Tydens keuring van hulpwerkers word hierdie feit onder hulle aandag gebring en speel hulle gewilligheid om te studeer 'n rol in toelating as kursusganger.

Die Departement verleen alle moontlike hulp aan hulpwerkers wat met universiteitstudie besig is. Behalwe vir die voordele wat vir enige staatsdepartement geld bied die Departement van Gevangenisse ook nog die volgende bykomende voordele.

- Rentevrye lenings word deur die "Bystandsfonds vir lede" tot hulpwerkers se beskikking gestel. Sulke lenings word op 'n jaarlikse basis toegeken en terugbetaling in paaiemente word maandeliks van salarisse gevorder.

- Hoewel daar nog nie in geslaag is om beurse vir Bantoes te bekom nie, word daar jaarliks drie beurse deur die Departement van Kleurlingsake tot beskikking van Kleurlinge in diens van die Departement gestel vir

voorgraadse studie in maatskaplike werk.

Veral Bantoehulpwerkers reageer besonder goed op die aanmoediging om te studeer. Daar is tans negentien Bantoe- en drie Kleurlinghulpwerkers met studie besig. Sommige toon goeie vordering en twee Bantoehulpwerkers kan hulle kursusse die einde van 1976 voltooi. As in aanmerking geneem word dat hulle in 1973 met studie begin het, is die resultate baie bemoedigend.

Dit word aanvaar dat alle hulpwerkers vir die maatskaplike werker nie hulle studie as maatskaplike werkers kan voltooi nie. Die behoefte aan maatskaplike werkers binne die Departement van Gevangenisse is egter so groot dat daar lank 'n behoefte aan hulpwerkers sal wees. Gekwalifiseerde maatskaplike werkers sal ook nog lank van die hulp van hulpwerkers gebruik maak, aangesien daar beslis 'n taak vir hulle is.

## 6. SAMEVATTING.

Behalwe vir die hulpwerkers vir die maatskaplike werker beskik die Departement ook oor die diens van twee Kleurling- en ses Bantoe maatskaplike werkers. Hierdie gekwalifiseerde persone speel reeds 'n belangrike rol in die opleiding van hulpwerkers en ook in verband met praktykopleiding. Die getal gekwalifiseerde persone is egter te min en hulle is ook nog te onervare om die taak ten opsigte van supervisie op hulle te neem. Namate hulle

ervaring uitbrei en hulpwerkers gekwalifiseer raak, sal baie van die funksies wat tans deur Blankes verrig word aan hulle oorgedra word, sodat hulle al groter verantwoordelik vir diens aan hulle eie rassegroepe aanvaar.

# HOOFSTUK VII

## EVALUASIE VAN DIE SKEMA EN AANBEVELINGS.

### 1. POSISIE VOOR DIE BENUTTING VAN HULPWERKERS DEUR DIE DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE.

Die behoefte aan 'n georganiseerde maatskaplikewerk-diens het sedert Uniewording in die Departement van Gevangenisse bestaan. Die diens binne die Departement is deur onopgeleide lede gelewer en dit was nie 'n volledige diens nie. Die eksterne diens naamlik rekonstruksie- en nasorgdiens was gebrekkig en waar maatskaplike werkers van staatsdepartemente en private welsynsorganisasies wel 'n diens gelewer het was dit dikwels nie as die direkte gevolg van die feit dat 'n gesinslid in die gevangenes was nie. Daar het geen ooreenkoms bestaan waarvolgens rekonstruksie- en nasorgdiens gelewer sou word nie.

Alvorens die Departement tot die algemene aanwending van maatskaplike werkers oorgegaan het, het hy hom eers deur proefnemings daarvan vergewis of daar wel behoefte aan so 'n diens bestaan.

Op grond van die Departement van Gevangenisse se beleid dat, in ooreenstemming met landsbeleid, elke bevolkingsgroep die diens aan sy eie mense moet lewer, moes maatskaplike werkers uit die verskillende bevolkingsgroepe aangestel word. Voldoende Blanke maatskaplike werkers kon gewerf word. Ondersoek deur die Departement het daaro

gedui dat daar nie voldoende Kleurling- en Bantoe maatskaplike werkers bestaan nie. Op grond hiervan is oorgegaan tot die opleiding van Kleurling en Bantoe hulpwerkers vir die maatskaplike werker. Die diens aan Indiërgevangenes word deur Blankes gelewer, aangesien die getal klein is. Die behoefte is gering en daar sal wel binnekort Indiër maatskaplike werkers voorsien kan word.

2. AANWENDING VAN HULPWERKERS VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN DIE BUITELAND.

In die Republiek van Suid-Afrika is die Departement van Gevangenisse die enigste instansie wat hulpwerkers vir die maatskaplike werker oplei en aanwend. Soos in 'n vorige hoofstuk vermeld word hulpwerkers ook in die buiteland aangewend. Die posisie in die buiteland sal vervolgens kortliks weergegee word.

Daar bestaan oor die hele wêreld 'n tekort aan professionele persone. Dit is ook die posisie in maatskaplike werk. Daarom bestaan die neiging om hulpwerkers op te lei en aan te wend om in hierdie behoefte te voorsien. 'n Hulpwerker is 'n persoon wat opgelei is in die metodes, tegnieke en beginsels van maatskaplike werk, maar wat nie ten volle gekwalifiseer is nie en dus nie op professionele status aanspraak kan maak nie. 'n Hulpwerker is 'n besoldigde amptenaar van 'n organisasie en werk onder beheer en in opdrag van 'n maatskaplike werker.

Hulpwerkers vir die maatskaplike werker word in Amerika

volgens 'n ondersoek van die "Family Service Association" (1969, p. 5-6) aangewend om onder andere:

- 'n geval in sy geheel onder toesig van 'n maatskaplike werker te hanteer (Onderskraging en omgewingswysiging is tegnieke wat aangewend word en kliënte vereis langdurige aandag),

- aanvanklike ondersoek en diagnose af te handel en kliënte dan na maatskaplike werkers te verwys, asook

- 'n direkte diens wat bedrewenheid binne die maatskaplike gevalle- of groepwerkmetodes vereis, te lewer.

Uit bovermelde take is dit duidelik dat die hulpwerker vir die maatskaplikewerker belas word met kliënte wat bedrewenheid binne die maatskaplike gevalle- en groepwerkmetodes vereis. Dit word onder toesig en in opdrag van die maatskaplike werker gedoen.

Die hulpwerker vir die maatskaplike werker word in Amerika, volgens die omskrywing wat in 'n vorige hoofstuk gegee is en waarvan sommige aspekte hierbo herhaal is, aangewend om 'n belangrike taak wat beslis professionele bedrewenheid vereis, te verrig.

Baie bronne wat geraadpleeg is beveel die aanwending van die hulpwerker vir die maatskaplike werker aan. Daar word getuig van die verbetering van gehalte en uitbreiding van die diens as gevolg van sy aanwending, aangesien hy die maatskaplike werker in staat stel om sy professionele bedrewenheid aan te wend vir gevalle wat werklik

behoefte daaraan het.

### 3. KEURING VAN KANDIDATE.

In die opleiding en aanwending van hulpwerkers vir die maatskaplike werker speel die keuring van kandidate 'n baie belangrike rol. Met alle kandidate word dieselfde keuringsprosedure gevolg,behalwe dat Bantoe-kandidate aan toetse onderwerp word waarvolgens hulle gesindheid en intellegensie bepaal word. Laasgenoemde toetse speel 'n bepalende rol in die aanvaarding van kandidate vir opleiding en gee 'n redelik getroue weergawe van hulle vermoëns om te studeer. Daar bestaan 'n behoefte dat hierdie diens ook na Kleurling kandidate uitgebrei word en dat toetse wat tans vir Bantoes benut word,gestandardiseer word vir aanwending ten opsigte van Kleurlingkandidate. Kandidate vir opleiding as hulpwerkers vir die maatskaplike werker in die Departement van Gevangenisse word gekeur uit lede wat reeds oor 'n korter of langer periode in diens van die Departement was. Die Departement beskik reeds oor kennis van hom en is bewus van sy vermoëns en funksionering. In hierdie opsig is die Departement van Gevangenisse bevoorreg bo ander instansies wat moontlik hulpwerkers kan benut.

'n Organisasie wat van voorneme is om hulpwerkers op te lei doen dit met 'n spesifieke doel. So 'n organisasie beskik reeds voor die tyd oor 'n pligstaat vir die hulpwerker. Kandidate moet so gekeur word dat hulle oor die

vermoëns en eienskappe beskik om daardie spesifieke taak te verrig.

Enige persoon wat oor die verstandelike vermoë beskik om die kursus vir hulpwerkers te voltooi, is nie noodwendig 'n geskikte kandidaat as hulpwerker nie. Om dié rede is dit nodig dat daar kennis van sy gesindheid gedra word.

Die keuring van kandidate as maatskaplike werkers is 'n algemene behoefte in maatskaplike werk. Dit gebeur dat maatskaplike werkers opgelei word wat gladnie vir die beroep geskik is nie omdat hulle nie oor die regte temperament daarvoor beskik nie. Die bewering word dikwels gemaak dat die studente deur die universiteitkursus self gekeur word. Daar kan nie met hierdie bewering saamgestem word nie, aangesien studente kwalifiseer op grond van hulle intelektuele vermoëns en nie hulle vermoëns om bevredigende maatskaplikewerk-diens te lewer nie.

4. DIE OPLEIDING VAN HULPWERKERS VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER.

Opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker moet organisasie gebonde wees. Die eerste kursusse wat deur die Departement van Gevangenisse georganiseer is, is wel deur universiteite aangebied, maar die inhoud van die kursus is gesamentlik tussen die Departe-

ment en die betrokke Universiteite bepaal. Soos voorheen vermeld, hou die inhoud van die kursus nou verband met die taak wat vir die hulpwerker beoog word. Persone wat ervare is in die werksaamhede van die organisasie moet by die aanbieding van kursusse betrek wees om te help om die teorie wat aangebied word met die praktyk in verband te bring, veral gesien in die lig daarvan dat hulpwerkers vir daardie betrokke organisasie mèt 'n spesifieke doel opgelei word.

Kursusse wat die Departement tot dusver aangebied het, het oor 'n periode van twee maande gestrek en daar is ongeveer twintig hulpwerkers per kursus opgelei. Hierdie kursusse het geleer dat 'n groep van twaalf kursusgangers ideaal is aangesien almal dan makliker by die aktiwiteite betrek kan word en dit ook makliker is om individuele aandag te gee.

Ervaring met vorige kursusse dui ook daarop dat 'n kursus wat twee maande duur te kort is en dat dit na drie maande verleng moet word. Dit is nodig omdat twee maande te min geleentheid bied vir voldoende praktiese werk in groepwerk en onderhoudvoering. 'n Langer kursus sal die aanbieder ook in staat stel om die kursusganger deur middel van rollespel beter voor te berei vir praktiese werk.

Aangesien die opleiding van die hulpwerker vir die maat-

skaplike werker in die Departement van Gevangenisse in drie fases naamlik sy vooropleiding, die kursus vir die opleiding van hulpwerkers en voortgesette opleiding in die praktyk verloop, sal die bespreking vervolgens onder daardie drie fasette gedoen word.

a) Vooropleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker.

Soos in 'n vorige hoofstuk vermeld, verloop hierdie fase in drie subfases naamlik die ervaring wat hy as proef-bewaarder opdoen, die basiese kursus as bewaarder wat elke lid van die gevangenisdiens deurloop en die ervaring wat hy na opleiding opdoen in die werk waarin hy geplaas word.

Voordat die kandidaat as hulpwerker gekeur word, is hy reeds deeglik opgelei in die beleid, organisasie en prosedure van die Departement. Hy dra ook deeglik kennis van die Wette, Reëls en Regulasies en Diensorders van die Departement. Daarbenewens het hy ook reeds ervaring in die hantering van die gevangene opgedoen en het hy ook reeds 'n basiese kennis van menseverhoudings en die hantering van die gevangene. As hy nie oor hierdie kennis beskik nie, is dit noodsaaklik dat dit tydens sy opleiding as hulpwerker bygebring word en sal die kursus vir die opleiding van hulpwerkers na my mening aansienlik langer as drie maande moet wees.

b) Die kursus vir die opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker.

Dit is logies dat die aanbieder van die kursus vir hulpwerkers deeglik onderlê moet wees in die teorie van maatskaplike werk en dat hy ook oor wye praktiese ervaring van die metodes (veral maatskaplike groepwerk en - gevallewerk) moet beskik. Die noodsaaklikheid van 'n deeglike kennis van die organisasie is reeds beklemtoon.

Die aanbieder van die kursus kan nie alleen die mas opkom nie. Dit is noodsaaklik dat hy vir die duur van die kursus 'n ervare maatskaplike werker of hulpwerker vir die maatskaplike werker as hulp moet hê. Hierdie persoon word as aflos aangewend met die aanbieding van rollespel. Hierdie persoon moet aan dieselfde bevolkingsgroep as die kursusgangers behoort.

Gedurende die kursus moet daarteen gewaak word om onhanteerbare hoeveelheid teorie te probeer aanbied. Die teorie wat wel aangebied word moet net voldoende wees om hulpwerkers in staat te stel om hulle taak te verrig. Daar moet absoluut sekerheid bestaan dat teorie wat wel aangebied word, bemeester is.

'n Aspek van die kursus vir die opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker wat van die grootste belang is, is hulle praktiese opleiding. Deur middel van praktiese werk moet hulle geskool word om onderhoud te voer en groepwerk te doen. Deur middel van teorie word hulle ook natuurlik hiervoor voorberei. Die aanbieding

van praktiese werk en hulle skoling daarin, word deur middel van die aanwending van rollespel en praktiese werk met kliënte gedoen.

Elke kursusganger sal, as die kursus na 'n tydperk van drie maande verleng word, die geleentheid kry om drie groepe van ongeveer sewe tot agt sessies elk te hanteer. Dit beteken 'n totaal van ongeveer 24 groepwerksessies en 'n gelyke hoeveelheid onderhoude. Elke kursusganger hanteer ook ongeveer agt groepwerksessies en onderhoude in rollespele. Veral wat groepwerk betref, vergelyk hierdie praktiese opleiding goed met die praktiese werk - ervaring van 'n maatskaplike werker wat pas 'n drie jaar-kursus aan 'n universiteit voltooi het. Die praktiese opleiding is doelgerig en intensief en toegespits op dit wat kursusgangers ná opleiding in die praktyk sal verrig.

Soos reeds uit bovermelde afgelei kan word is die kursus intensief en veeleisend. Hoë eise word aan kursusgangers gestel. Daar word 'n volle werksdag van agt ure aan onderrig bestee. Daarbenewens word ook elke aand vir drie of vier ure lank studeer.

c) Voortgesette opleiding van hulpwerkers vir die maatskaplike werker.

Soos reeds in 'n vorige hoofstuk vermeld geskied voortgesette opleiding van hulpwerkers by wyse van individuele supervisie, groepsupervisie en formele studie aan 'n universiteit.

Ten spyte daarvan dat hulpwerkers hulle bereid verklaar het om met formele studie in maatskaplike werk te begin, doen baie dit nie. Hulle kan uit die aard van die saak ook nie gedwing word nie. Voortgesette opleiding geskied nietemin by wyse van individuele en groepsupervisie.

(i) Individuele supervisie.

Aangesien die hulpwerker onder beheer van die supervisor moet werk word groter eise aan die supervisor as in die geval van supervisie oor maatskaplike werkers gestel. In die geval van die hulpwerker moet direkte beheer oor 'n groter getal kliënte uitgeoefen word. Daar moet meer konkrete voorligting en opdragte aan die hulpwerker gegee word en die beheer moet gehandhaaf word. Veral wat die onderrig aspek van supervisie betref word hoë eise aan die supervisor gestel. Die hulpwerker verkeer in 'n opleidingsituasie terwyl al die ander komponente van supervisie ook van toepassing is. 'n Supervisor moet voltyds hard werk en dit as sy uitsluitlike taak hê as hy in staat wil wees om beheer oor vyf hulpwerkers uit te oefen.

(ii) Groepsupervisie.

Net soos in die geval van individuele supervisie val daar baie klem op die onderrigaspek (opleiding) in groepsupervisie. Groepsupervisiebyeenkomste moet meer die vorm van opknappingskursusse aanneem. Dit moet gedoen word aan die hand van inspeksieresultate deur die koördineerder, verslae van supervisors oor die vordering van

hulpwerkers en versoeke deur hulpwerkers self. Groepsupervisie moet vooraf deeglik beplan word. Agendas moet vroegtydig gesirkuleer word en elke hulpwerker moet hom deeglik voorberei. Take moet aan hulpwerkers opgedra word en dit moet op skrif voorberei en saam met agendas gesirkuleer word. Opgeleide maatskaplike werkers en ander outoriteite moet op dieselfde wyse hulle voordragte vroegtydig beskikbaar stel as hulle 'n bydrae moet lewer. Aangesien hulpwerkers oor 'n groot gebied versprei is en van ver af kom om supervisie by te woon, moet alles moontlik gedoen word om die koste te regverdig. Om hierdie rede word aanbeveel dat dit oor 'n tydperk van minstens twee dae tot sy reg kom en kan daar nuwe kennis vir die hulpwerker bygebring word.

Aangesien baie hulpwerkers aan 'n universiteit studeer, kan die unviersiteit tydens sulke byeenkomste betrek word om studente te onderrig. Die Departement Maatskaplike Werk van die Universiteit van Suid-Afrika is reeds eenmalig by so 'n byeenkoms betrek. Stappe moet egter geneem word om dit 'n gereelde instelling te maak en om ook die Departemente Sielkunde en Sosiologie daarby te betrek. Die akademiese vordering van hulpwerkers wat ingeskrewe studente is behoort daarby te baat.

(iii) Formele studie.

Hulpwerkers wat met een van die kursusse in maatskaplike werk aan Unisa verbonde is, doen hulle praktiese werk by die Departement van Gevangenisse. Hulle supervisors

in die Departement is volgens ooreenkoms ook hulle supervisors vir studiedoeleindes. Om hierdie rede kan koördinasie tussen teorie en praktyk makliker bewerkstellig word en kan supervisors die universiteit voorlig in verband met die behoeftes van studente. Hierdie reëling is eers onlangs getref en is baie geslaag. Daar bestaan ook noue skakeling tussen die universiteit en maatskaplikewerk-personeel verbonde aan die hoofkantoor van die Departement van Gevangenisse. Die uitruil van kennis en idees vind voortdurend plaas.

Alle hulpwerkers studeer nie, en die wat wel studeer behaal ongeveer die helfte sukses. Dit is na my mening onrealisties om te verwag dat alle hulpwerkers uiteindelik as maatskaplike werkers sal kwalifiseer. Die behoefte aan maatskaplike werkers (en hulpwerkers) in die Departement is so groot dat daar altyd 'n behoefte aan hulpwerkers sal wees. Bevordering van hulpwerkers wat nie studeer of kwalifiseer nie bied binne die Departement van Gevangenisse nie probleme nie, aangesien hulpwerkers dieselfde kanse op bevordering as nie-professionele lede het. Sou 'n hulpwerker tot so 'n mate uitblink dat hy in 'n ander afdeling beter benut en bevorder kan word, is daar niks wat verhoed dat hy daarheen oorgeplaas word nie.

Ervaring in die Departement van Gevangenisse het daarop gewys dat die kursusleier by die opleiding van hulpwerkers en die koördineerder van hulpwerkers dieselfde persoon moet wees sodat hy in staat kan wees om hulpwerkers te help om teorie en praktyk te integreer en die kursus en

werk so te beplan dat dit mekaar aanvul.

5. TAAKVERDELING TUSSEN DIE MAATSKAPLIKE WERKER EN DIE HULPWERKER VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER.

Binne die Departement van Gevangenisse moet die taakverdeling tussen die hulpwerker vir die maatskaplike werker en die maatskaplike werker self, gesoek word in die doel waarvoor die hulpwerker opgelei word. As daar voldoende Kleurling- en Bantoe maatskaplike werkers beskikbaar was, sou die Departement nie hulpwerkers benodig het nie. As al die opgeleide Kleurling- en Bantoe maatskaplike werkers in Suid-Afrika in diens van die Departement van Gevangenisse sou wees, sou hulle beswaarlik hulle gevalleladings kon hanteer. Die Departement beskik oor die diens van twee Kleurling en vyf Bantoe maatskaplike werkers. Twee hulpwerkers sal hopelik die einde van 1976 kwalifiseer. Daar is dus nie eens voldoende maatskaplike werkers om supervisie oor die hulpwerkers te doen nie. Om die rede word die tekort deur Blanke maatskaplike werkers aangevul.

Die Departement van Gevangenisse stel nie belang in die opleiding van Blanke hulpwerkers nie, aangesien daar voldoende maatskaplike werkers beskikbaar is.

Binne die Departement van Gevangenisse word die hulpwerker vir die maatskaplike werker opgelei om 'n spesifieke taak onder toesig en in opdrag van maatskaplike werkers

te verrig. Die taak behels die onderneming van groepwerk en die voer van individuele onderhoude met gevangenes wat maatskaplike probleme het. As die opgeleide hulpwerkers dit nie doen nie, sal onopgeleide persone noodwendig hierdie take moet verrig.

In die Departement van Gevangenisse is dit die taak van die maatskaplike werker wat vir die supervisie oor die hulpwerker verantwoordelik is om in elke individuele geval te bepaal waar die grens getrek moet word. Dit is 'n onbegonne taak om hierdie grense by wyse van voorskrifte neer te lê. Dit is wel moontlik en baie meer logies om selfs by wyse van wetgewing te bepaal dat 'n hulpwerker oor 'n sekere basiese opleiding moet beskik en dat hy onder toesig van 'n maatskaplike werker moet werk. In so 'n geval bestaan die gevaar weer dat instansies, as gevolg van goedkoop arbeid, eerder hulpwerkers in diens sal neem. Om dié rede moet deur wetgewing bepaal word wat die getalle verhouding tussen hulpwerkers en maatskaplike werkers moet wees wat beheer oor daardie hulpwerkers uitoefen. Soos reeds vermeld is 'n supervisor instaat om vyf hulpwerkers in die gevangenisopset te hanteer.

Alle hulpwerkers beskik nie oor dieselfde bekwaamhede nie. 'n Hulpwerker wat reeds al sy vakke behalwe een byvak geslaag het, sy praktiese werk voltooi het en oor ses jaar ervaring as hulpwerker beskik, mag oor groter bekwaamheid as 'n pas-opgeleide maatskaplike werker beskik en is beslis meer ervare. Daarom is dit die taak van

die supervisor om die hulpwerker met verantwoordelikheid ooreenkomstig sy bekwaamhede, kennis, vaardigheid en vermoë om verantwoordelikheid te aanvaar, te belas. Die belangrikheid van die supervisor se funksie om gesonde oordeel toe te pas moet hier beklemtoon word. As die hulpwerker in verhouding met sy vermoëns te swaar of te lig belas word, word hy gefrustreer. As daar geen beperkings op organisasies geplaas word wat die toewysing van take aan studente wat met praktiese werk besig is nie, bestaan daar net so min rede om beperkings op hulpwerkers wat met studie besig is, te plaas. Die oplossing vir hierdie probleem lê myns insiens nie in 'n taakomskrywing van wat die hulpwerker mag doen en nie mag doen nie, maar wel in die toepassing van gesonde oordeel deur die organisasie in wie se diens die hulpwerker is en in die uitoefening van beheer oor hom deur 'n maatskaplike werker. Aangesien hulpwerkers deur verskillende organisasies opgelei kan word om spesifieke take te verrig waaraan daar 'n behoefte by daardie betrokke organisasie bestaan, is dit logies om die onus op betrokke organisasies te plaas. Die verwagte "Raad vir Maatskaplike Werk" moet sekere basiese minimum standaarde bepaal wat die opleiding van hulpwerkers betref. Elke organisasie moet, alvorens hy tot die opleiding van hulpwerkers oorgaan, 'n leerplan tot bevrediging van die Raad voorlê en terselfdertyd van die Raad goedkeuring verkry vir die opleiding van 'n spesifieke getal hulpwerkers. Die organisasie moet ook daardie take wat deur die hulpwerkers vir die maatskaplike werkers verrig moet word, by die

Raad registreer. Soos reeds vermeld word die leerplan dan, ooreenkomstig die take wat verrig moet word, ogestel. Die registrasie van hulpwerkers vir die maatskaplike werker en behoorlike beroepsbeheer deur die te stigte "Raad vir Maatskaplike werk" is egter uiters noodsaaklik.

6. REGISTRASIE VAN HULPWERKERS VIR DIE MAATSKAPLIKE WERKER.

Aangesien die hulpwerker opgelei en geregistreer word om spesifieke take waarvoor hy opgelei is by 'n spesifieke organisasie te verrig, word hy, soos hierbo vermeld, geregistreer om daardie take by daardie organisasie te verrig. Die hulpwerker kan dus nie by 'n ander organisasie in diens tree en geregistreer word, as hy nie weer opleiding ondergaan nie.

Registrasie van hulpwerkers is noodsaaklik om as middel te dien waardeur beheer uitgeoefen kan word. As 'n hulpwerker 'n minderwaardige diens lewer of hom aan wangedrag skuldig maak, mag dit met maatskaplike werk as beroep geassosieër word. So 'n hulpwerker kan om logiese redes nie as 'n maatskaplike werker geregistreer word nie, maar moet as 'n "hulpwerker vir die maatskaplike werker" geregistreer word. Daar moet ook deur wetgewing uitdruklik bepaal word dat 'n hulpwerker nie die titel "maatskaplike werker" mag gebruik nie. Wat sy gedrag betref moet dieselfde vereistes as vir die maatskaplike werker aan hom gestel word. Wat sy opleiding

betref moet hy benewens die kursus as hulpwerker wat deur die betrokke organisasie aangebied word en by die Raad geregistreer is oor minstens 'n st. 8 sertifikaat beskik met die voorwaarde dat hy binne 'n sekere tyd sy matrieksertifikaat moet verwerf.

Aangesien daar so 'n groot behoefte aan Bantoe- en Kleurling hulpwerkers is, kan daar nie van hulle vereis word om 'n graad in maatskaplike werk te verwerf nie. Dit bly nietemin die ongeskrewe doel; vandaar die vereiste dat hy binne 'n sekere tyd sy matriek sertifikaat moet verwerf om sodoende tot 'n universiteit toegelaat te word.

## 7. UITBREIDING VAN DIE STELSEL VAN HULPWERKERS NA ANDER ORGANISASIES.

Aangesien die stelsel van hulpwerkers in die buiteland sowel as in die Departement van Gevangenisse geslaagd is, bestaan daar geen rede waarom dit nie ook na ander instansies uitgebrei kan word om in die groot behoefte wat daar bestaan te voorsien nie. Dit is die taak van elke organisasie om sy eie behoeftes te bepaal. As daar egter maatskaplike werkers beskikbaar is om 'n taak te verrig, mag daar nie van hulpwerkers gebruik gemaak word nie. Die Raad op Maatskaplike Werk moet streng beheer hierop uitoefen en maatskaplike werkers wat werkloos is en wel maatskaplikewerk-poste wil bekom moet by die Raad registreer

Daar bestaan welliswaar nie 'n behoefte aan die oplei - ding van Blanke hulpwerkers vir die maatskaplike werker nie, maar wel 'n dringende behoefte aan die benutting van persone met andersoortige opleiding in die humaniora. Hierdie persone kan as hulpwerkers aangestel en geregistreer word om die uiters noodsaaklike proefdienste te verrig. Dieselfde vereistes wat gedrag betref, as wat vir die maatskaplike werker geld, moet aan hom gestel word. Aan sulke persone moet verder die vereiste by registrasie gestel word dat hy binne 'n sekere tyd as 'n maatskaplike werker moet registreer. Hy sal dus op grond van sy akademiese status voorwaardelik geregistreer word en genoodsaak wees om homself ten volle as maatskaplike werker te bekwaam. Op hierdie wyse sal waardevolle persone, wat anders verlore sou wees, vir die beroep gewerf word. Hierdie voorstel is reeds as heeltemal toepaslik bewys. In die verlede is persone met andersoortige opleiding in die humaniora as proefbeamptes aangestel. Baie van hierdie persone was genoodsaak om te kwalifiseer toe die Nasionale Welsynswet 1965, (Wet No. 79 van 1965), aanvaar is. Hierdie persone lewer tans 'n waardevolle diens vir die professie wat dit nie kan bekostig om daardie diens te ontbeer nie.

Wat die Bantoe- en Kleurling bevolkingsgroepe betref blyk uit ervaring dat daar nie baie beskikbare persone is met andersoortige opleiding in die humaniora nie. Daardie persone wat wel in poste belangstel kan onder

dieselfde voorwaardes as wat vir die Blanke voorgestel is, verwelkom word. Die oplossing wat hierdie bevolkingsgroepe betref lê egter in die opleiding en aanwending van die hulpwerker vir die maatskaplike werker, soos wat dit tans deur die Departement van Gevangenisse gedoen word.

Die geslaagdheid van die diens wat die Departement van gevangenisse lewer is tot 'n groot mate afhanklik van 'n doeltreffende rekonstruksie- en nasorgdiens. Wat die Kleurling en Bantoe betref is dit egter geheel en al ontoereikend en is die behoefte baie groot. Die Departemente van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling en Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge kan hulpwerkers met groot vrug oplei en aanwend. Private welsynsorganisasies kan op dieselfde wyse 'n baie groter bedrae lewer om in die groot behoefte te voorsien. Op hierdie wyse sal daartoe bygedra word dat die Departement van Gevangenisse 'n baie doeltreffender diens, saam met die instansies wat vir rekonstruksie en nasorgdiens verantwoordelik is, te lewer, Dit is egter nie net die Departement van Gevangenisse wat daarby kan baat nie, maar ook elke organisasie wat 'n maatskaplikewerk-diens lewer aangesien die tekort aan opgeleide maatskaplike werkers oral ondervind word. Die professie as geheel kan daarby baat en die kliënt van die maatskaplike werker kan die allermeeste baat.

Die Departement van Gevangenisse het in hierdie verband baanbrekerswerk verrig en sy geslaagde proefneming behoort deur ander beproef en nagevolg te word.

# BIBLIOGRAFIE

## A. BRONNE AANGEHAAL.

BARTLETT, Harriet M. 1958. Toward Clarification and Improvement of Social Work Practice. Social Work, 3(4): 3-9, Oct.

BARTLETT, Harriet M. 1970. The Common Base of Social Work Practice. New York, National Association of Social Workers, Inc. 224 p.

BOEHM, Werner W. 1959. The Nature of Social Work (In Boehm, Werner W., red. Objectives of the Social Work curriculum of the future. New York, The Council of Social Work Education. p. 39-54.)

CALDWELL, R.G. 1956. Criminology; Second Edition. New York, University of Iowa. 774 p.

COUNCIL ON PRIVATE PRACTICE. Division of Practice and Knowledge. 1974. Handbook on the Private Practice of Social Work. Washington, National Association of Social Workers. 63.p.

CRADDICK, Ray A. 1964. An Approach to Short-term Training of Custodial Officers and Staff in Prison-Counselling. The Canadian Journal of Corrections. 6(3): 325-330.

DE KLERK, W.J. 1969. Die Noodsaaklikheid van 'n Lewens- en- Wêreldbeskouing en Mensbeskouing by die Beoefening van 'n Wetenskap en Beroep. (Referaat gelewer tydens Simposium oor Maatskaplike Werk gehou op 27 Maart 1969 by die P.U. vir C.H.O. tydens die Eeufeesviering van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en Potchefstroom se Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.) Maart.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE. 1962. Jaarverslag vir die jaar geëindig op 30 Junie 1962. 23 p.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE. 1968 a, Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1966 tot 30 Junie 1968. 37 p.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE. 1968 b, 25 tot 27 November. Verslag van die Sesde Konferensie van Offisiere 180 p.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE. 1969. Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1968 tot 30 Junie 1969. 14 p.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE. 1970 a, Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1969 tot 30 Junie 1970. 13 p.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE. 1970 b, 18 tot 20 November. Verslag van die Negende Konferensie van Offisiere. 236 p.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE. 1976. Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1974 tot 30 Junie 1975. 14 p.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE, s.j. Lêer S4/2/4/1 - Sillabis.

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE. 1962, Januarie 12. Omsendbrief No. 2 van 1962. 3. p.

DRAPKIN, I. 1974. The Aims of Punishment. (In Has Imprisonment any future: International Penal and Penientiary Foundation Conference. Helsinki. p. 10-17.)

ELOFF, D.J. 1975. Mensbeskouing in Maatskaplike Werk (In Pieterse, J.E. red. Maatskaplike Werk - 'n Algemene Inleiding. Pretoria en Kaapstad, Academica. p. 68-88.)

ELOFF, D.J. s.j. Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike Werk. Potchefstroom, Pro Rege-Pers. 319 p.

FAMILY SERVICE ASSOCIATION OF AMERICA; SUB-COMMITTEE ON THE USE OF SOCIAL WORK ASSISTANTS. 1969. Social Work Assistants in Family Service Agencies. New York. 15 p. (69/4 - 264.)

FENTON, Norman. 1961. Group Counselling - A Preface to its use in Correctional and Welfare Agencies. Sacramento, California, Institute for the Study of Crime and Delinguency. 109 p.

FRIEDLANDER, Walter A. 1958. Concepts and Methods of Social Work. N.J. Englewood Cliffs, Prentice Hall. 308 p.

HAMILTON, Gordon. 1951 Theory and practice of Social Case Work. New York, Columbia University Press, 328 p.

KAMPHUIS, Marie. 1970 a. Functie en verantwoordelijkheden van het maatschappelijk werk vandaag. (<u>In</u> Cronje, G. <u>red</u>. Professionele Maatskaplike Werk. Pretoria, J.L. van Schaik. p. 20-34.)

MAY, M.J. 1975. Die Rol van die Departement van Gevangenisse met betrekking tot Rehabilitasie. <u>Rehabilitasie in Suid-Afrika</u>, 19(3): 3-8, Sept.

MULLER, Annette, 1965. Opleiding vir Maatskaplike Werk met spesiale verwysing na Suid-Afrika. Ongepubliseerde proefskrif. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch 233 p.

NEIL, Thomas C & Jones Richard D. 1973. An interpersonal skills model for training correctional workers. <u>Crime, Punishment and Correction</u>, 2(1): 67-73, March.

PINCUS, Allen & MINAHAN, Anne. 1973. Social Work Practice: Model and Method. Itasca, Illinois. F.E. Peacock Publishers, Inc. 355 p.

REITZ, P.A.G. 1970. Evaluering en Toekomsblik van voorsiening in Geestesbehoeftes van Gevangenes (<u>In</u> Verslag van die Negende Konferensie van Offisiere van die Departement van Gevangenisse 18 tot 20 November 1970. p. 206-221.)

RETIEF, G.M. 1973. Die uitdagende taak van die Gevangenisbeampte. Nexus, 2(5): 27, Junie.

ROUX, J.P. 1973. Die Gevangenis: Rehabilitasieverwagtings. Misdaad, Straf en Hervorming, 2(3): 16-25.

SCOTT, L.B. 1976. Opvoedkundige dienste in perspektief. Departementele lêer No. 1/4/1/B.

SEPHTON, A.C. 1970. Interne Maatskaplike Werk. (In Verslag van die Nasionale Konferensie van Offisiere van die Departement van Gevangenisse 18 tot 20 November 1970. p. 191-203.)

SEPHTON, A.C. 1974. Geestelike Versorging van die Gevangene. Departementele lêer No. 1/4/4/B.

STEYN, J.C. 1970. Beleidsoorsig (In Verslag van die Negende Konferensie van Offisiere van die Departement van Gevangenisse 18 tot 20 November 1970 p. 6-24.)

SUID-AFRIKA (Unie). Verslag van die Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming. (Lansdown Kommissie) 1947. Pretoria, Staatsdrukker. 194 p. (U.G. No. 47-'47.)

SUID-AFRIKA (Unie). Aanbevelings van die Komitee van Ondersoek insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasies. (Du Plessis Komitee) 1953. Pretoria, Staatsdrukker. 61 p. (G.P. - S, 100712 - 1954 - 5-1, 1,500.)

TOUSSAINT VAN HOVE, Thea. 1962. Rehabilitation of Adult White Offenders - An analysis of existing extra - institutional specialized services in the Republic of South Africa; Thesis for the D. Phil. Degree in Social Work. Stellenbosch,University of Stellenbosch. 189 p.

UNITED NATIONS ORGANIZATION. 1955. The Standard Minimum Rules for the Treatment of Prisoners and Related Recommendations.

UNITED NATIONS ORGANIZATION. 1958. Training for Social Work; Third International Survey. New York. Department of Economic and Social Affairs. 349 (59. iv. 1)

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1971. Verklarende Afrikaanse Woordeboek vir Maatskaplike Werk. Pretoria Staatsdrukker. 83 p.

VAN COLLER, A.J. 1976. Funksies van Sielkundige Dienste. Departementele lêer 1/4/1/B.

WESSELS, S.W.V. 1975. Welfare Provisions of the Adult Court. (<u>In</u> Midgley, J., Steyn J.H. and Grazer R. <u>red</u>. Crime and Punishment in South Africa. Johannesburg, McGraw-Hill Book Company. p. 191 - 200.)

WETTE

Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911 (Wet No. 13 van 1911.)

Die Strafproseswet 1955, (Wet No. 56 van 1955.)

Wet op Gevangenisse, 1959, (Wet No. 8 van 1959.) en die Reëls en Regulasies daarvolgens uitgevaardig.

Die Kinderwet 1960, (Wet No. 33 van 1960.)

Die Nasionale Welsyhswet 1965, (Wet No. 79 van 1965.)

Die Wet op Regshulp, 1969, (Wet No. 22 van 1969.)

Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Strawwe en Rehabilitasiesentrums 1971, (Wet No. 41 van 1971.)

Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe 1974, (Wet No. 56 van 1974.)

B. ANDER BRONNE GERAADPLEEG.

BARTLETT, Harriet M. 1961. Social Work Practice in the Health Field. New York, National Association of Social Workers, Inc. 285 p.

BESSELL, Robert. 1971. Interviewing and counselling. London, B.T. Batsford Ltd. 262 p.

BETS, George J. and March Robert. 1974. Problems in Development of an Undergraduate Criminal Justice Curriculum. Federal Probation, 38 (4): 34-40.

COMBRINK, M.J. 1975. Korrektiewe maatskaplike werk. (In Pieterse, J.E. red. Maatskaplike Werk - 'n Algemene Inleiding. Pretoria en Kaapstad, Academica. p. 208 - 221.

DEANE, Rosemary. 1972. Groupwork in Prisons. Howard Journal of Criminology and Crime Prevention, 13(3): 246-248.

ENOMOTO, J.J. 1972. Participation in Correctional Management by Offender Self - Help Groups. Federal Probation, 36(2): 36-38.

FENTON, Norman. 1965. Group Counselling in a Correctional Setting. Sacramento, State of California youth and adult corrections agency; Department of Corrections. 94 p.

FENTON, Norman. 1967. The Correctional Community; an introduction and guide. Berkerley and Los Angeles, University of Calefornia Press. 119 p.

GARRETT, Annette. 1972. Interviewing. Its Principles and Methods; Second Edition. New York, Family Service Association of America. 209 p.

GRAZER, Roland. The Pre-sentence Investigation as an Aid to Rational Sentencing. (In Midgley, J, Steyn, J.H. and Grazer, R. red. Crime and Punishment in South Africa. Johannesburg, McGraw-Hill Book Company. p. 201-212.

HANNAM, C.L. & DUNBAR, I.M. 1966. An Experiment in the Training of Social Workers and Prisoners. The Brittish Journal of Criminology, 6(4): 430 - 437.

HOREJSI, Charles R. 1973. Training for the Direct Service Volunteer in Probation. Federal Probation, 37(3): 38 - 41.

Kahl, O.G. 1975. Inleiding tot maatskaplike gevallewerk. Potchefstroom. P.U. vir C.H.O. 86 p.

KAHL, O.G. 1975. Maatskaplikewerk- administrasie. (In Pieterse, J.E. red. Maatskaplike Werk - 'n Algemene Inleiding. Pretoria en Kaapstad, Academica. p. 149-169.)

KAMPHUIS, M. 1970.b. Wat is Social Casework; Negende gewijzigde druk. Groningen, N. Samson Nv Alphen aan den Rijn. 220 p.

KASIUS C. 1953. Are Social Work Principles Emerging Internationally? Social Casework, 19: 23-23, Jan.

KLARE, Hugh J. 1973. People in Prison; Eye on Society. London, Pitman Publishing. 162 p.

KONOPKA, Gisela. 1964. Group Work in the Institution. New York, Association Press. 304 p.

LABUSCHAGNE, J.J. 1970. Alternatiewe vir Gevangenisstraf. Maatskaplike Werk, 6(3): 138-143.

MORRIS, Robert. 1966. Social Planning. (In Maas, Henry S. Red. Five Fields of Social Service: Review of Research. New York, National Association of Social Workers. p. 185-208.)

NEL, J.P. 1973. Maatskaplike Werk in die Departement van Gevangenisse. Volkswelsyn en Pensioene, 8(1): 46-52.

PETERS, Mary O. 1947. Talks with beginning Social Workers. New York, Family Service Association of America. 14 p.

PIETERSE, F.P. 1975. Reconstruction and After-Care for Young Offenders. (In Midgley, J., Steyn, J.H. and Grazer, R. red. Crime and Punishment in South Africa. Johannesburg, McGraw-Hill Book Company. p. 213-220.)

ROSS, Bernard and Shireman, Charles. 1973. Social Work Practice and Social Justice. Washington, National Association of Social Workers. 152. p.

ROUX, J.P. 1975. The Rehabilitation Role of the South African Prison Service. (In Midgley J., Steyn J.H. and Grazer R. red. Crime and Punishment in South Africa. Johannesburg, McGraw-Hill Book Company. p. 213-220.)

SACKETT, Duane H. and Blake Howard E. 1974. Developing Curriculum Materials for Adults in County Prisons. Federal Probation, 38(2): 41-45.

SHAW, Margareth & JARVIS, F.W. 1971. Casework with Prisoners. Probation, 17(2): 74-76.

SKIDMORE, Rex A. & THACKERAY, Milton G. 1964. Introduction to Social Work. New York, Appleton Century Crofts. 404 p.

STÜRUP, George K. 1968. Treating the Untreatable; Cronic Criminals at Herstedvester. Baltimore, The John Hopkins Press. 266 p.

TEETERS, N.K. 1973. To exact Retribution or to Offer Treatment? That is the Question. (In Fenton, Norman, red. Human Relations in Adult Corrections, Springfield, Illinois, U.S.A. p. 25-30.)

VAN DER BERG, P.J.H. 1974. Proefdienste. Misdaad, Straf en Hervorming, 3(1): 42-61.